


Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR



Jaargang XXXXI Nr. 2

DONDERDAG, 28 FEBRUARIE 1985

DOOP-ONDERSOEK

Verslaggewer aangerand

MARISA HONEY

'n VERSLAGGEWER van *Die Matie* is deur 'n groep man-studente van Wilgenhof aangerand, geverf en met stroop en vere besmeer. Hy was besig met 'n ondersoek na oriënteringspraktyke op Stellenbosch.

TWEE sake met elk twee klagtes van huisbraak met die opset om te steel, asook diefstal en aanranding, is verlede Vrydag in die landdroshof teen nege studente wat inwoners van Wilgenhof is of was op versoek van die klaers deur die staat teruggetrek.

Die verslaggewer en sy kamermaat, albei studente in hul tweede jaar en inwoners van Eendrag, het die saak teruggetrek na same-sprekinge met hul ouers en die rektor, prof. M.J. de Vries, waartydens die versekering aan die klaers gegee is dat die Universiteit self teen die oortreders gaan optree.

Kussingslope

Die voorval het ongeveer vieruur op Sondagoggend 17 Februarie plaasgevind. Nege mans, almal in hul tweede jaar het die twee studente se kamer gemasker binnegegaan. Volgens die verslaggewer is 'n sokkie in sy mond gedruk en sy bene en arms is vasgedruk, waarna hy gewurg en herhaaldelik in die gesig geslaan is. Kussingslope is verder oor die twee studente se koppe getrek.

Vyf van die mans, onder wie die seun van 'n raadslid van die Universiteit, mnr. Ritzema de la Bat (hoofbestuurder van die KWV), het die verslaggewer drie verdiepings by die koshuis se trappe afgedra en in die kattebak van 'n motor gelaai.

Vier ander mans, onder wie 'n kleinsun van 'n raads-

lid van die US, dr. Danie Craven, het die ander student by die trappe afgedra en hom in 'n tweede motor gelaai. Daar is toe met die twee motors na die skietklub by Coetzenburg-sportterrein gery.

Die mans het die verslaggewer aangesê om sy klere uit te trek. Hy is met drie lae swart olieverf geverf terwyl sy hare ook vol gate gesny is. Hierna is 'n blik goue stroop oor hom omgekeer en is hy met vere beplak. Daar is ook foto's van hom geneem.

Daar is met die ander student rondgery. Hy het daardie geslaag om uit die motor te ontsnap en het teruggehardloop koshuis toe.

Tydens die verwery van die verslaggewer het 'n kamper-sekurietsbeampte opgedaag. Die verslaggewer is in die bosse langs die Eersterivier versteek en die Wilgenhof-studente het aan die beampte gesê dat hulle met inlywing besig was, waarna hy weggery het.

Die verslaggewer is by Coetzenburg gelos en moes sonder klere en met verf en vere bedek terugloop na Eendrag, 1,8 km van waar hy gelos is. Hy het die vere van hom afgehaal en het in sy verbode toestand na die polisie gegaan, waar hy

'n klag gelê het. Sy kamermaat het reeds vroeër 'n klag by die polisie ingedien.

Klagtes van diefstal en aanranding is teen die aanvallers by die polisie ahangig gemaak. Die *Matie*-verslaggewer se klere en kombers is na die voorval vernis, asook sy kamermaat se beddegoed en kamersleutel.

Volgens die verslaggewer het hy om nege-uur Sondagoggend 'n naamlose dreigeroep gekry. Hy is in kru taal meegedeel dat hy sy mond moet hou as hy nie verdere moeilikheid wil kry nie.

Saak

'n Saak is deur die *Matie*-verslaggewer ahangig gemaak teen: Johannes Olivier (19), Francois Tredoux (19), Pieter le Roux (19) J.S. de la Bat (19) en Abrie Wessels (18).

Sy kamermaat het 'n saak ahangig gemaak teen: Francois van der Merwe (19), Willem Bürman (18), Casper Pieters (19) en Daniël Craven (19). Beide sake is na afloop van same-sprekinge met die rektor deur die klaers teruggetrek.

Na verneem word, sal die nege mans voor die dissiplinêre tugkomitee van die Universiteit verskyn.

Mnr. Gawie de la Bat, die primarius van Wilgenhof, is genader vir kommentaar oor die voorval. Hy het gesê dat volgens 'n ooreenkoms met die rektor hy niks mag sê nie.



'n Egiptiese prinses en die sfinks is verlede Saterdag tydens die vlotoptog op Stellenbosch opgemerk.

Foto: Chris Barnard

Doop-wanpraktyke word oopgevelek

MARISA HONEY

NA 'n ondersoek van oriëntering is gevind dat onwetlike doop-praktyke steeds op Stellenbosch plaasvind, ten spyte van reëls wat deur die Universiteitsowerhede opgestel is wat dit verbied.

Min studente was gewillig om inligting te verskaf oor die oriëntering in hul onder-

skeie koshuise, wat daartoe bydrae dat daar nie opgetree kan word teen senior studente wat die reëls oortree nie. Sodoende duur die verbode praktyke voort.

Toe die primarius van Wilgenhof, mnr. Gawie de la Bat gevra is of daar doop by Wilgenhof plaasvind, het hy gesê dat dit "eie sake" is en nie "gemeenskaplike sake" nie.

Daar is gevind dat gedurende die eerste week van oriëntering by Wilgenhof die studente selgs drie minute kry om te stort en weer aan te trek en dat daar gedurig op hulle gevloek word.

Tydens die tweede week moet hulle die seniors se

(Vervolg op bl. 2)

Carnival succeeds despite incidents

MUSIC, music and more music was the theme of Carnival 1985 — but the beat of vibrating Frisco tins, was still the most forceful vibe.

On the eve of Carnival, "sokkie-ing" and braaling appeared to be the top priorities. But around 3 a.m. inspiration resulted in serious building of floats and by 10 a.m. masterpieces gathered at the Van der Stel grounds.

The winning floats, first, second and third respectively, were Ma Baker, built by Simonsberg and Minerva, Pinocchio by Dagbreek and Irene and Red, Red Wine by Majuba and Monica.

Unusual highlights included the Coloured procession, ages ranging from a tiny five year old to approximately 70, all dressed in grey suits, pink shirts and ties, singing, dancing and performing; Mr Francois Ferreira and Mr David Kramer, a hippy snorkeler and hippy respectively, wobbling on a tandem balancing a garden umbrella; demonstrators bearing posters such as "We are the people our parents warned us against" and students providing relief from the heat with syringes.

The usual highlights included the Drummies (dressed in a new military style), the beautiful girls in impressive cars, the weird and wonderful tin shakers scrambling for every cent and the huge crowd which gathered to watch Carnival and support USKOR.

Unfortunately, the procession was marred by a group of students who threw water bombs at the passing floats from within the grounds of Wilgenhof.

A student's glasses were smashed in his face, musical equipment on at least two floats was damaged and a female student sitting on the front of the Huis Marais float was repeatedly soaked. The radiator of a social float was damaged when hit by a brick.



CHRIS BARNARD

TALLE studenteiers van die Universiteit van Stellenbosch is lede van die geheime organisasie, die Ruiterswag.

Hierdie onthulling is deur die Engelse koerant, die *Sunday Times*, gedoen nadat die aktiwiteite van die "Junior-Broederbond" ondersoek is.

'n Hele paar van die persone wie se name in die lys van RW-lede verskyn wat in die *Sunday Times* gepubliseer is, is of was in gesagsgesag wat wissel van die Studenteraad tot Huiskomitees.



Gawie de la Bat: Primarius Wilgenhof (lid no. 9917)



Broekies Visser: Primarius Hippokrates 1983-4



Ockert Meyer: Onder-primarius Helderberg 1983-4



Pietie Loubser: Primarius Hippokrates



Marius Wahl: SR-lid 1983-4



Jean du Plessis: SR-lid (lid no. 9689)

Maties is lede van Ruiterswag

Twee SR-lede, mnr. Helmut Pool en Jean du Plessis, se name verskyn. Mnr. Pool (tesourier) dien reeds in sy tweede termyn as SR-lid. Hy het by navraag egter ontken dat hy lid is van die Ruiterswag, hoewel sy ledenommer (10196) ook in die *Sunday Times* verskyn het. Volgens mnr. Pool is hy ook nie genader om aan te sluit by hierdie geheime organisasie nie.

Mnr. Jean du Plessis, die voorsitter van die Tygerbergse Studenteraad, se naam het ook in die lys verskyn. Toe mnr. Du Plessis, wat ook lid is van die Stellenbosse SR, vir kommentaar genader is, het hy gesê: "My private lewe het niks met die res van die kampus uit te waaï nie." Volgens hom is die hele aangeleentheid "buite verhouding opgeblaas".

Verdere persone wat volgens die *Sunday Times* lede van die Ruiterswag is, is onder andere die onder-voorsitter van die Studenteparlement, mnr. Christo Klopper. Hy kon nie vir kommentaar opgespoor word nie.

Die primarius van Wilgenhof, mnr. Gawie de la Bat, se RW-ledenommer word as 9917 aangedui. Mnr. De la

Bat wou nie enige kommentaar lewer nie, omdat hy die hele aangeleentheid as "eie sake" en nie as "gemeenskaplike sake" beskou nie.

Mnr. Pietie Loubser, die primarius van die Tygerbergse koshuis Hippokrates, se naam verskyn ook in die lys. Mnr. Marius Wahl en Broekies Visser, onderskeidelik die voorsitter van die TSR en primarius van Hippo-

krates in die vorige termyn, is volgens die berigte ook lede van die RW, sowel as mnr. Ockert Meyer (die vorige onder-primarius van Helderberg) en Christie Avenant (HK-lid van Hippokrates).

Mnr. Chris Gouws, 'n mediese student en SP-lid, se naam verskyn ook in die lys. Hy het by navraag ontken

dat hy lid is van die RW, en het gesê dat sy naam heel waarskynlik verskyn het in 'n lys van persone wat nog deur die Ruiterswag genader sou word vir lidmaatskap.

Die volledige lys van Maties wat volgens die *Sunday Times* lede is van die Ruiterswag, is as volg:

- Christie Avenant (Medies, Tygerberg) HK-lid, Hippokrates
- Stephen Bouwer (Teologie)
- Andries Cronje (Regte)
- Gawie de la Bat (Teologie, Wilgenhof) Primarius, lid no. 9917
- Jean du Plessis (medies, Tygerberg) SR-lid, lid no. 9689

(Vervolg op bl. 2)

Beoordelaar klaar oor onderklere

DIE advertensies van dames-onderklere wat Huis de Villiers se VIVA-redaksie in hulle 1984-jaarblad geplaas het, het kritiek uitgelok by die paneel wat die publikasie beoordeel het.

Vormdrag

Proponent Marius Greeff, van verlede jaar se honneurs-

klas in Joernalistiek, was per se lid van 'n groep beoordeelaars, en het hier sy besware teen die twee volbladadvertensies geopper.

Die advertensies is geplaas deur Triumph International, en wys onderskeidelik twee meisies in vormdrag en 'n ander se maag, broekie en bene.

Die klagte het deur ander lede van dieselfde klas onder die VIVA-redaksie se aandag gekom.

Dameskoshuis

Me. Andriette (Kiewiet) Venter, redakteur van die betrokke uitgawe, het die houding betreur. Sy voel dat hulle 'n klein redaksie was wat baie hard gewerk het om die blad die lig te laat sien. Die advertensies wat hulle geplaas het, word gereeld in bekende damestydskrifte gesien, en omdat die VIVA 'n dameskoshuis se blad is, het me. Venter gevoel dat dit heel gepas was om die materiaal te gebruik.



Wanneer... Triumph Triflics are you.

Proponent Greeff is na bewering tans in die Knysnagomgewing, waar hy uithelp

tot hy Maartmaand in Richmond bevestig sal word. Die Matie kon hom nie opspoor vir enige kommentaar nie.

Alle koshuispublikasies op kampus ding jaarliks mee om die Cape Times se wissel-trofee. Die beoordeling geskied deurdat die honneurs-klas in Joernalistiek onderverdeel in groepe en dan onafhanklik van enige dosente die publikasies deurwerk.

In 1984 was die manskoshuis Majuba die uiteindelijke wenner met hulle publikasie Uitlewing (of oorlewing).

Restaurante is benadeel - UK

DIE Uitvoerende Komitee van die Studenteraad betreur die trant van die berig "Eetplekke op Stellenbosch" wat in Die Matie van 5 Februarie 1985 verskyn het.

Die Uitvoerende Komitee wys Die Matie daarop dat die kommentaar in die berig lynreg indruis teen sy Redaksionele Kode. Volgens die Kode streef Die Matie daarna om sy kommentaar op gekontroleerde feite te baseer. Die Kode verg dat Die Matie, selfs in sy kritiese kommentaar billik bly en kennis neem van die volle standpunte van diegene met wie hy verskil.

In die berig verskyn enkele geïsoleerde gedagtes oor Stellenbosse eetplekke. Omdat die berig se kommentaar buite die regte verband gepubliseer is, kan dit lesers

DOOP

(Vervolg van bl. 1)

name leer ken. By die "uitkenningsparades" word daar van die eerstejaarstudente verwag om die seniors se name te ken. As hulle 'n naam nie ken nie, word hulle hardhandig rondgestamp en met die kneukels teen die bors geslaan sodat sommige studente blou kolle opgedoen het. Daar is ook op die studente gevloek. Toe 'n student van Wilgenhof gevra is of "uitkenningsparades" gehou word, het hy dit ontken. Die Matie het egter fotografiese bewys van 'n "uitkenningsparade" wat vanjaar gehou is.

'n Foto van 'n naakte vrou van voor afgeneem, met haar bene oopgesprei, word in die koshuis opgeplak en eerstejaars word verplig om daarna

te kyk. Daarna word van hulle verwag om 'n "septiese opstel" van seksuele aard te skryf. As hulle weier om dit te doen word hulle gedreig dat hulle die koshuis sal moet verlaat. Die opstel word dan met die eerstejaars bespreek deur die senior studente, en hulle word oor die inhoud gekritiseer.

Eerstejaarstudente word ook geblinddoek en met kussingslope oor die kop in die vierkant "rondgeneuk" om hulle te disoriënteer. Hierna moet hulle "spark", deur hulle vingers aanhoudend te klap en terselfdertyd die bevels van die seniors te gehoorsaam, soos bv. waar hulle hul arms moet hou, en of hulle op een of twee bene moet staan. Hierdie aktiwiteit duur tot drie ure.

Sodra 'n student weier om voort te gaan, of nie meer kan aangaan nie, word hy weggesleep na 'n "music room" of musiekhool. Hulle moet op die vloer sit met hulle arms om hulle bene, terwyl daar kussingslope oor hul koppe is. 'n Bandopname word aanhoudend teen 'n hoë volume gespeel - eers 'n dromsolo, dan 'n stilte, dan "vile laughter" en weer 'n stilte. Hierdie patroon word ure lank gevolg. Sommige studente bring agt tot tien ure in hierdie kamer deur. Die studente word ook op hulle koppe getik, soms met 'n plank, om hulle wakker te hou.

Vir die "galg" word studente met 'n kussingsloop oor die kop teen 'n skuinste tot bo-op 'n tafel gelei. Die indruk word geskep dat hulle veel hoër is as wat hulle werklik is deurdat die studente wat hulle begelei al hoe laer sak. Hulle moet 'n gladgesmeerde stok bokant hulle koppe vasgryp wat met 'n tou aan die balkonreëling vasgemaak is. Die studente word vinnig opgetrek en dan weer stadig laat sak. Die derde keer bly hulle hang, takke word teen hulle arms

geskuur sodat die indruk geskep word dat hulle hoog in 'n boom hang, en hulle moet 'n liedjie sing of 'n grap vertel. Die studente se hande gly gewoonlik van die gladde stok los en hulle val ongeveer een meter tot op 'n hoop spons.

Deur 'n betroubare bron van inligting is uitgevind dat hierdie praktyk op Dinsdag 12 Februarie 1985 plaasgevind het en die "slootjie" op Woensdag 13 Februarie. Die Matie het ook fotografiese bewys van hierdie twee praktyke.

Vir die "slootjie" is die studente ook geblinddoek en word daar aan hulle vertel dat hulle deur 'n nou slootjie, wat bedek is en vol water is, getrek gaan word. Vooraf moet hulle bewys dat hulle hul asem vir sestig sekondes onder water kan ophou en word hulle vertel dat as hulle dit nie kan doen nie, hulle gaan sukkel om deur die slootjie te kom. Wanneer die studente in die nag, gewoonlik nadat hulle in die musiekhool was, deur die slootjie getrek word, word die sementbedekking van die slootjie sonder hulle mededewete verwyder. Beide die fisiese en psigologiese elemente aan hierdie praktyke verbonde is vir sommige studente ontstellend.

Wilgenhof het ook strafpraktyke wat gedurende die jaar op die studente uitgeoefen word.

"Criming" gebeur veral met die eerstejaarstudente. 'n Senior student kan 'n eerstejaar vir verskeie redes "crime" of 'n klag by die tugkomitee teen hom indien. Al wat benodig word is die handtekening van nog 'n senior student.

"Criming" resorteer onder die "Nagligte" (die tugkomitee onder leiding van die onder-primarius). Hulle dra 'n swart uniform soortgelyk aan dié van die Ku Klux Klan. Studente word in groepe gestraf, gewoonlik in

die omgewing van 23h20 op 'n Donderdagnag. Die studente word by hulle kamers geroep deur die hoëtoon "koeloekoeloe" van die "Nagligte". Hulle word na die waskamers geneem waar hulle hul klere moet uitrek. Koue water word oor hulle uitgegooi, hulle moet bitteralwyn-kristalle eet en kookolie drink. Daar word in hulle monde gekyk of hulle dit wel gedoen het en die kombinasie maak 'n hele paar van die studente naar. Spatsels olie-vernierf word op hulle lywe aangebring en dan moet hulle 'n koue stort neem en poog om die verf af te kry.

Persone wat deur middel van 'n "wetsuit" gestraf word, het gewoonlik 'n groot oortreding begaan in die oë van die "Nagligte". Hierdie praktyk gebeur op dieselfde wyse as "criming", behalwe dat die betrokke persoon vanaf onder sy ken tot by sy voetsole met swart olievernierf bedek word en dan 'n koue stort moet neem om dit te probeer afwas. Soms word net 'n halwe "wetsuit" toegedien.

Tydens die oriëntering by Simonsberg word daar ook "uitkenningsparades" in die badkamers gehou. Daar is vanjaar gesien hoe studente wat nie die seniors se name ken nie, in die wasbakke moet sit. Vir die inlywing by Simonsberg word die eerstejaarstudente vir 'n lang tyd in 'n klein kamertjie toegesluit. Daardie nag moet hulle Simonsberg uitklim. Bo-op die berg is daar 'n "tekkieparty", waartydens die seniors die eerstejaars met tekkies slaan. Na afloop hiervan word hulle vertel dat daar 'n bus onderkant die berg wag om hulle na die koshuis terug te neem, maar daar is geen bus nie en die eerstejaars moet terughardloop koshuis toe.

Mnr. Francois Erasmus, die primarius van Simonsberg, wou geen kommentaar oor die bestaan van "uitkenningsparades" lewer nie.

RUITERS

(Vervolg van bl. 1)

- A.H. du Preez (B.Sc., Eendrag)
- Johann Ehlers (B.Agric., Eendrag) lid no. 10195
- Johan Fourie (Regte)
- Chris Gouws (Medies, Tygerberg) SP-lid 1984-5
- L. Grundlingh (Medies, Tygerberg)
- J.H. Hattingh (BA, Helderberg) SP-lid 1983-4
- Christo Klopper (Regte, Helderberg) SP-ondervoorsitter 1984-5
- A.N. Latagan (Medies, Tygerberg)
- André Loots (Medies, Tygerberg) lid no. 10223
- Pietie Louber (Medies, Tygerberg) Primarius Hippokrates 1983-4
- Jaco Louw (B. Ekon)
- Ockert Meyer (Teologie, Helderberg)
- Gerrit Moller (Medies, Tygerberg) lid no. 10215
- Phillip Nieman (B.Ing., Dagbreek)
- Helmut Pool (Regte, Eendrag) SR-treasourier, lid no. 10196
- W.P.J. Pretorius (Medies, Tygerberg) HK, 1983-4
- Jorrie Rust (Medies, Tygerberg)
- Pietie Uys (B. Comm, Majuba)
- Broekies Visser (Medies, Tygerberg) Prim., Hippokrates 1983-4
- Marius Wahl (Medies, Tygerberg) SR-lid 1983-4, lid nr. 9690

Sommige lede is nie vanjaar meer inwoners van die koshuise wat hierbo aangegee word nie. Bg. lys is ook nie volledig nie, en nog studente aan die US is waarskynlik lede.

YUMWURST



Waar kitskos pretkos is — Where fast food is fun food

Probeer ons gerus vir:

- 'n Wye verskeidenheid Worsbroodjies
- Heerlike Hamburgers
- Bief-Pasteie & Worsrolletjies
- Warm Skyfies en Samoosas
- Vars Toebroodjies

Have you tried us for:

- A wide variety of Hot Dogs
- Terrific Hamburgers
- Steak Pies & Sausage Rolls
- Hot Chips & Samoosas
- Freshly made Sandwiches



TEL. 4022

BESIGHEIDSURE/BUSINESS HOURS

- Maan.-Vry./Mon.-Fri. 10h30-01h00
- Saterdag/Saturday 09h30-14h00
18h00-01h00
- Sondag/Sunday 12h00-14h00
17h30-19h30

WINKEL 2/SHOP 2, DROSTDYSENTRUM/CENTRE STELLENBOSCH

Honger studente steun Richards

FRITZ BRAND

DIT is laat — baie laat. Dis al reeds na een, en ek is honger — rasend honger. Sommer instinktief begin ek koers kry Richards toe. Instinktief? vra jy — ja, want na sewe jaar is Richards byna net so lank soos ek op die Bos.

Kos

Ek stap die "Mikro Country Foods"-kafee binne. 'n Groot man met 'n Paul Kruger-baard glimlag my toe. Ek dink hy het geglimlag — die baard is so groot! Dit is Richard — die baas, eienaar, bestuurder, noem hom wat jy wil, van Richards.

Hy glimlag weer — dié

keer is ek seker — en vra: "Waarmee kan ek vanaand help?" 'n Belaglike vraag sou ek sê: net hongergeteisterde studente loop tog dié tyd van die nag nog rond — kos natuurlik!

Ek kyk na die worsbroodjies ("hoidogs") vir die Afrikaanssprekendes, hamburgers, samoesas en so meer en besluit dan op 'n niertjiepastei. So deur die bediening deur begin ek en Richard gesels en ek kom agter dat hy iemand is wat die student — 'n spesie op sy eie — ken: en ek bedoel KEN!

Tipes

Hy sê self daar is drie tipes studente:

- 1) Die leeders (of sogenaamde "sluipers");
- 2) Dié wat net kom "jol" en na 'n jaar weer weg is, en
- 3) Dié wat wel kom leer, maar intussen uitvind hoe lekker dit op "varsity" is en hul driejaarsgraad na vyf jaar behaal.

Laasgenoemde is blykbaar sy beste klante.

Nou glimlag ek ook (dit is so aansteeklik), want dan is ek definitief 'n primaklant! Richards is nog jonk van geses en hy praat my taal. So met 'n mond vol "pie" vra ek hom toe uit oor homself: Hy is 'n gelukkige pa van vier en die oudste is al tweede jaar op Maties. Nou ja toe!

Trots

Die niertjiepastei is op en ek sug, want die honger het nog nie gewyk nie. Dié keer koop ek 'n bakkie van die "Mikro foods"-kafee se warm kos. Soos die baard met die man agter die toonbank die stomende bakkie vir my aangee, kan ek sien dit is 'n trotse baard dié.

En ek is reg, want Richard is trots. Hy vertel my hoe hy uitgebrei het en van sy vennootskap met mnr. Frans Roelofse, oud SR-lid en eienaar van "Appassionati", in Julie verlede jaar. "Appassionati" spesialiseer in Italiaanse roomys en slaai en hulle bak nou ook hulle eie brood. Die vennootskap gaan blykbaar van krag tot krag, want Richard spog dat hulle verkope in karnavaltyd met 20% gestyg het in vergelyking met verlede jaar dieselfde tyd.

Boek

Ons begin weer oor ander dinge te gesels en Richard had ook te vertel dat hy nog eendag 'n boek gaan skryf oor die US-student. Hy sê 'n mens moet aanpas by veranderde tye en volgende jaar dra hy dalk 'n ring deur sy oor!

Intussen het daar nog 'n paar studente die kafee ingedrentel, ook op soek na kos — natuurlik! (Sies tog, die "swottery" maak die mense ook maar honger). Richards raak weer besig, en ek groet en vat die pad terug huis toe.

Versadig

Terwyl ek si in die maanlig onder die akkerbome deurstep, besef ek so by myselfers dat Richards 'n ware Mekka vir 'n honger student is en ek kry so lus om te sê wat my pa altyd sê as hy lekker geëet het. Nou hoekom sal ek dan nou ook nie: "My maag is vol en my pens is dik, ek is versadig en verkwik."



Richard, die eienaar van "Mikro Country Foods", verkoop iets te ete aan 'n hongerige Matie. Dié kafee is baie gewild onder die studente, veral omdat dit tot so laat oop bly.

Willowsmuur skoongemaak

HUISKOMITEELEDE en eerstejaars van Heemstede het verlede week anti-Wilgenhof slagspreuke wat teen Wilgenhof se ringmuur geveerf was, doodgeveerf.

Volgens me. Seugnet Naudé, primaria van Heemstede, het hulle dit gedoen omdat hulle die karnaval saam met Wilgenhof terdê geniet het, en uit dankbaarheid vir "die buitengewone poging wat Wilgenhof aangewend het om dié sukses te maak."

'n Inwoner van Wilgenhof, mnr. André Brandmuller, het gesê hy beskou dit as "insiggewend dat Heemstede te midde van lelike gerugte wat oor Wilgenhof die ronde doen, ons nie summier veroordeel het nie, en bereid was om iets moois vir ons te doen. Dit is seker omdat hulle ons beter ken," het hy gesê.

Musikales kan groot pryse wen

'n LANDWYDE wynliedjiekompetiesie met 'n prysgeld van R5 000 word tans deur die KWV geloods. Die doel daarvan is om die wynkultuur uit te bou en verdere gestalte aan die beskaafde gebruik van wyn te gee.

Die tema van die kompetisie moet oor wyn of 'n wynverwante onderwerp gaan en moenie afbreek doen aan die beeld van wyn as 'n beskaafde drankie nie.

Die eindronde van die kompetisie word op 17 April in die Amfiteater onder die Taalmonument teen Paarlberg gehou. Dit val saam met die Kaapse Fees waarin die wynbedryf 'n belangrike rol speel.

Die wenner sal 'n prysgeld van R3 000 en die twee naasweners elk R1 000 ontvang.

Die kompetisie is oop vir alle professionele of amateurkomponiste en lirikskrywers en hul bydraes moet oorspronklik wees en nie in die openbaar opgevoer of gepubliseer word voor die datum van die kompetisie nie.

Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 16 Maart 1985.

Reëls vir die kompetisie is verkrygbaar van:

Mnr. Bennie Bierman
Hoof: Musiek
(KWV se Wynliedjiekompetiesie)
SAUK
Posbus 8606
Johannesburg
2000

'Science Fiction' for literary competition

THE English Association is inviting entries for its 1985 Literary Competition. Participants must submit a Science Fiction Story of a maximum of 6 000 words. The closing date for entries is Saturday 31 August 1985. An experienced panel of judges will study the manuscripts in great detail. The first prize will be R500, the second prize R300 and the third prize R200. These prizes will be awarded according to the discretion of the

judges appointed by the Committee of the English Association.

The results will be announced at the Annual Dinner, held in November 1985, and in the main newspapers throughout South Africa.

Entry forms and copies of the rules may be obtained from the Competition Organiser, The English Association, P.O. Box 1180, Cape Town 8000. The entry fee is R1,00 for every manuscript.

Ons doen spyseniering vir partytjies, groot en klein.

MENU

Appassionati

Van Ryneveldstraat · Langs Edrich
Tel. 4383

WARM MAALTYE

Geurig en goedkoop

VARS SLAAIE

WARM PASTEIE

WARM BROOD

ITALIAANSE ROOMYS

Ons maak lekker kos.

Oop van Maandae tot Sondag
7.30 vm. — 11.30 nm.



'n Paar van die "perde" op die Simonsberg-Met net nadat hulle weggespring het in een van die vier wedrenne. Die laaste wedren waarin die meeste prysgeld, nl. R500 000, op die spel was, is deur Phantom Flasher, wat gery is deur Willem Wium, gewen.

Maties Day at the Races

"INTERNATIONAL Jetsetters" is the theme of *Maties Day at the Races* which will take place on 9 March 1985 at Milnerton.

This theme lends itself to imagination and creativity, for which prizes worth R1 500 are being awarded.

Tickets for only R4 will be sold outside the Neelsie from 4 March or can be bought at Milnerton for R6.

KARNAVALDANSE

Vrolike dansgenot en vyfster-kos

TWEE spog-karnavaldanse is op 16 Februarie onderskeidelik in die Stadsaal van Stellenbosch en in die Heeren-gracht Hotel in Kaapstad gehou.

Pryse

Die Heeren-gracht-dans is gehou in die Venetian-kamer met die orkes *Little People*, wat vir vrolike dansgenot gesorg het en volgens die gaste slegs eenmaal 'n ruskansie geneem het.

Die Heeren-gracht-ete en -bediening was ware vyfster-gehalte. Elke tafel het 'n eie kelner gehad wat die wyn-glas heelaand volgehou het en elke gas met meer as een bord kos bedien het. Tafels was versier in pienk en wit.

Pryse is aangebied vir gelukkige kaartjies en Koldans-wenners. Die pryse het 'n *Club 604*-kaartjie, twee bottels sjampanje en 'n ete by die restaurant *Le Pattio* ingesluit.

Smog-beker

Die plaaslike dans is bygewoon deur verskeie ere-gaste, o.a. die Rektor, prof. Mike de Vries en mev. De Vries; mnr. Du Plessis van Drostydhoof; mnr. Sakkie Kotze van Barclays Bank; die SR-voorsitter, mnr. Le Roux van der Westhuizen; die SR-lid vir Karnaval en die voorsitter van USKOR.

Die welbekende Hane-koms van Moorreesburg het gesorg vir 'n selfhelp-ete uit die boonste rakke.

Die Karnavalvoorsitter van die Liedjie-afkarnaval 85, mnr. Banie van Vuuren, het die Smog-beker vir die beste vlot oorhandig aan Simonsberg en Minerva, wat met *Ma Baker* as tema die hoogste punte behaal het.

Mnr. Le Roux van CNA, wat die dansgeborg het, het die dansvloer geopen op naat van die musiek van *The*

Staatmakers nooit nuwe studente uit

ALLE oud-Voortrekkers asook alle ander belangstellendes word uitgenooi om hulle by die plaaslike Staatmakerveldkornetskap aan te sluit. Die Staatmakers se aktiwiteite is in 'n besondere mate op die student en sy omstandighede gerig. Dit maak dit vir studerende jongmense moontlik om bande met die Voortrekkerbeweging te behou, sonder om die verpligtinge van 'n span-offisier op hom of haar te

neem. Die Staatmakers stel hulself in besonder ten doel om deur middel van gepaste opleiding lede toe te rus as offisiere binne die Voortrekkerbeweging.

Om gesonde sosiale verkeer te bevorder, word velduitstappies, toere en skakeling met ander Staatmakergroepe buite Stellenbosch gereël. Die naweek van 9-10 Maart word die jaarlikse grotslaapuitstappie gehou.

'n Vlotvaart vir hoërskoolleerlinge, wat alreeds 'n instelling is in baie streke van Suid-Afrika, word gedurende Oktober beoog. Die Staatmakers sal 'n landswyse Staatmakerskonferensie op 5-8 April in Bloemfontein en 'n Staatmakerssaamtrek op 16-18 Augustus in Oudtshoorn bywoon.

Belangstellendes kan in aanraking kom met enige van die onderstaande persone:

A. Vermeulen — Dagbreek (6533); E. Steynberg — Irene (2013); H. van Lill — Helsehoogte (5918); A. Hamman — Sonop (2330); R. Thompson — Eendrag (2137); K. Knoetze — Waldenhuis (6533).

Hulle kantoor (K414) is op die tweede vloer van die Langenhovensentrum (Neelsie). Belangstellendes of persone wat navrae het, is welkom op Dinsdae tussen 13h00 en 14h00.

Nuwe dansgroep gestig in Stellenbosch

DIE "Stellenbosch-Vonkel" dansgroep is in 1983 in die lewe geroep en het verlede jaar uit 24 dame- en man-studente bestaan. 'n Program van Kultuurdanse is vir verskillende optredes saamgestel en opgevoer. Die dansgroep het in 1984 opgetree in 'n *Saterdagjolyt* televisieprogram, by 'n kultuur-aand in Villiersdorp en tydens 'n vermaaklikheidsprogram van 'n internasionale kongres.



Die oogmerk van hierdie groep is dienslewering aan die gemeenskap deur selfuit-lewing en kultuurerfenisbenutting.

Alle belangstellendes is welkom om aan te sluit by die *Stellenbosch-Vonkel* dansgroep. Die eerste samekoms is Dinsdag, 5 Maart 1985 om 19h00 in die Danssaal van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde by Coetzenburg.

Navrae kan gedoen word by dr. E. Katzenellenbogen by telefoonnommer 77731 (kantoor) of 72761 (huis).

Simonsberg-Met was reuse-sukses

DIT was 'n gloeiende warm dag dié Vrydag van die 22ste Februarie. Die son het genadeloos neergebak op die afgewagte skare. Die "perde" het senuweeagtig rondgetrippel. Die lug was gelaai met spanning.

'n Tasbare, verwagte spanning, want om 3.00 nm sou dit wat in sy 24-jarige bestaan gegroei het tot een van dié sosiale geleenthede op Stellenbosch 'n aanvang neem, nl. die *Simonsberg Metropolitan* 1985.

Treurendes

Skuins na drie het die elf Mej. Met-finaliste hulle verskyning gemaak op begeleiding van die *Cape Town Stewards* se doedelsakmusiek. In hulle fleurige rokke het hulle kleur en waardigheid aan die geleentheid verleen. Hulle het plek by die eregaste van die Metropolitan — mnr. Theuns Stofberg, Springbok-rugbykaptein, en dr. J.P. du Plessis, inwonende hoof van die manskoshuis Simonsberg — voor die hoofpawiljoen ingeneem. Op die hoofpawiljoen het die lede van die Simon Turf Klub sedig in hulle driestukpakke en valletjies-rokkies gesit.

Die *Met* het egter op 'n tragiese wyse begin. In die eerste wedren, nl. die *Kubus Foejie 500 Stakes* het die perd Koebaabib, vul van Te-Kaibos en wat gery is deur ene Burger van Eeden, twee maal te vinnig weggespring. Die beampes het toe, sonder 'n kwiek of 'n kwaak van die Dierbeskermingsvereniging, besluit om die perd van die gras af te maak. 'n Proessie bestaande uit 'n lykswa en 'n aantal treurendes het hierna stadig om die baan beweeg om hulde te bring aan die "gevalle" perd. Die uiteindelijke wenner van hierdie wedren was No. 3, Prince's Pi, met ruiter Deon Stofberg.

Om die spanning 'n bietjie te verbreek en om lede van die Simon Turf Klub die kans te gee om hulle weddenskappe te gaan plaas, het die Victor Verster Gevangenisdiens se hondevertoospan opgetree. Weddenskappe kon geplaas word by twee baie kompeterende beroepswedders: die *Ev...kom Dealers* en die *Revenge of the Turds Dealers*.

Breakdance

Die *Gerry Coetzee Memorial Rundown* met "perde" soos Welgevallen, Ka-Nikomi en Great Crasher, was volgende op die program. Page's Punch, no. 4, met ruiter Martin Nieuwoudt, het hier as wenner uit die stryd getree. Hierna het die



Mee. Marieke van der Walt, Dene Smuts en Annami Oosthuysen wissel 'n paar woorde tydens die Damesbelangekomitee se tuinparty. Die party is op mnr. en mev. Johan Neethling se plaas, Vredenburg, gehou.

Vryheid van assosiasie verseker gesonde balans

"GEE mense die vryheid van assosiasie — hulle sal self 'n gesonde balans uitwerk," het Dene Smuts, redakteur van *Fair Lady*, by 'n tuinparty van die Damesbelangekomitee gesê.

Die tuinparty was die eerste van die byeenkomste wat vanjaar deur die Damesbelangekomitee beplan word. Dit is op Saterdag 23 Februarie op Vredenburg, die plaas van mnr. en mev. Johan Neethling, gehou.

Geslag

Onder die ongeveer 130 gaste was mev. Rousseau en De Villiers, eggenotes van die vise-rektore asook mev. Smuts, hoof van dameskoshuise. Die SR is verteenwoordig deur Le Roux van der Westhuizen, Marieke van der Walt en Karin Strydom.

Me. Smuts, wat tydens haar studentejare ondervoorsitter van die SR en primaria van Huis ten Bosch was, het ook die huidige

ondervoorsitter van die SR, Annami Oosthuysen, en die primaria van Huis ten Bosch, Carin Erasmus, ontmoet.

Me. Smuts het gemeld dat sy verlede jaar genooi is om lid te word van die Bloemfonteinse Old Boys Club. Die naam van die vereniging is nie verander om te pas by die lede se geslag nie. Sy is ook lid van die Cape 100 Club en die Barclays Executive Women wat net vroulike lede het. Die bestaansreg van aparte klubs vir mans en vroue word dikwels bevestig, maar volgens haar is dit nodig om vroue "whole women" en mans "whole humans" te maak.

Tydskrifte

Die Club des Fennes in Parys en 'n soortgelyke klub in Washington is die vroue se antwoord op mansklubs met hul biljarttafels, *butlers* en leerleerstoele. Sulke vroue-klubs bestaan egter nie in Suid-Afrika nie en hul plek word gedeeltelik ver-

vul deur die tradisionele vroue-tydskrifte om die sg. "whole woman" te skep. Daarom dek sulke tydskrifte 'n wye spektrum van vervolghverhale en filmresensies tot sielkundige, sosiale en politieke probleme.

Meriete

Die feministe in Amerika glo dat die volgende stap na vrouevervulling voorsorgmaatreëls deur die staat is. Die staat moet verseker dat mans en vroue flexi-tyd kan werk. Hiervoor glo hulle is korrektiewe wetgewing ("affirmative action") nodig wat ondernemings sal dwing om 'n kwota swartes en/of vroue in diens te neem, en dus nie mense op meriete aan te stel nie.

Me. Smuts glo egter dat 'n vrou, hetsy 'n beroeps- of huisvrou, self moet kan besluit oor die manier waarop sy 'n "whole woman" wil word. Omdat die staat nie elke vrou se behoeftes ken nie, kan hy nie namens vroue besluit nie.

aankondigers, mnr. Floris Bona Fidé en Pierre van Rooyen, uitgevat met strikdas, pluiskuil en al, die *Cape Town City Breakers* aangekondig. Hulle was die wenners van 'n landswyse Breakdance-kompetisie waarin hulle optrede bestaan het uit 'n imitatie van die welbekende Michael Jackson en die beste uit die Breakdance-kultus.

Die derde wedren, die *Boeksucks Mares Plate*, was 'n drama op sy eie. Vanaf die wegspring was daar somer pandemium, want "perd" no. 4, Zola's Tripper, het vir McKennedy, "perd" no. 1, gepootjie en die *Met*-vet moes ingryp. Die uiteindelijke wenner in hierdie resies was Hornpipe, no. 6, met Gert Horn as ruiter.

Hierna is die besgeklede paartjie van die dag aangewys. Hulle was mnr. Francois Moolman en sy metgesel. Die prys, ses bottels wyn van die Simonsig Kelder en parfuum, is deur mnr. Deon Bosman, *Met*-komitee-voorsitter, en me. Jennie Sinclair aan hulle oorhandig.

Opstote

Toe was dit tyd vir die laaste wedren van die dag, en die een met die meeste prysgeld, nl. R500 000. In die *Winston Simonsberg Metropolitan Handicap* was no. ses, Phantom Flasher, wat gery is deur Willem Wium, eerste. Tweede was no. twee, Lanzerac Fever, met ruiter Louis Brand en derde no. 1, Up the Creek, gery deur Christoffer Ackerman.

Sporadiese opstote en onrus het veroorsaak dat die *Met*-sekuriteit hulle hande behoorlik vol gehad het. Daar was selfs 'n sluipmoordaanval op die eregas, mnr. Theuns Stofberg. Die sluiper is egter effektief "geëlimineer".

En toe skielik was dit weer stil en rustig en die broeiende spanning kon aangevoel word. Die tyd het aangebreek dat Mej. Met 1985 aangekondig moes word. Die wenners was in die eerste plek me. San-Maré Latsky (19) met me. Leandra Wiid en me. Angenita de Lange onderskeidelik tweede en derde.

Volgens mnr. Stofberg was die verrigtinge van die middag baie geslaagd. Hy was die meeste beïndruk deur die feit dat almal een of ander tyd wel gelag het. Mnr. Stofberg is ook van mening dat so-iets baie nodig is vir die Universiteit van Stellenbosch.

As Ere-president van die Simon Turf Klub het dr. J.P. du Plessis in sy boodskap gesê dat die *Met* die vertoonvenster van die koshuis se gees is. Die Simonsberg Metropolitan 1985 was beslis 'n trotse en heerlike geleentheid vir almal betrokke!

Nemesia's "Wall" satisfied all

"THE aim of window dressing is to decorate the entire window area specified by regulations — not to provide a show to supplement a few arbitrary decorations. I believe we achieved this aim," states Riana Roux, the brain behind Nemesia's winner, *The Wall*.

The general consensus is that Nemesia's contribution satisfied all tastes — the window underwent a metamorphosis, while the students were drawn by the arresting beat of Pink Floyd's *Brick in the Wall* and crowded around the 14 first years dancing their rebellion against the school authorities.

In a single day, Nemesia and Huis Marais cleverly constructed a wall — painting hessian, applying graffiti and building a huge fist, made of paper maché and plaster of paris, which protruded from a rent in the wall.

Monica and Majuba excelled to earn second place with a gigantic Buddha surrounding a flaming dragon, while bustling Chinese, illuminated by suspended lanterns and braaiing Chinese food, transported students to a night in Bangkok.

Third place was awarded to Huis de Villiers and the Military Academy depicting "Trein na Matjiesfontein".



Angels Mag

LITERARY contributions of any nature — poetry, prose, reviews, articles, ideas — are invited to be submitted. Please hand in to the English Department Secretary.

For further details contact Stuart Mathews at tel: 4838.

Nemesia and Huis Marais drew the most attention and deserved to earn the first place with their construction of a wall to depict Pink Floyd's "Brick in the wall".



Vier Maties in die Caprivi afgeneem. In die gewone volgorde verskyn Lt. Wüst, Karin Strydom, Annami Oosthuysen en Lt. Van Rooyen. Die twee manne het 'n kamp gedoen terwyl die twee SR-lede 'n besoek aan die Operasionele Gebied afgelê het.

Prims en Damesbelange mag dalk saam na inkomtye kyk

ONGELUKKIGHEID deur 'n wye spektrum van koshuisbewoners mag daartoe lei dat die gewraakte sisteem van inkomtye weer onder die loep kom deur gesamentlike aksie van die Damesbelangekomitee en die Primariae-komitee.

Volgens me. Marieke van der Walt, Studenteraadslid vir Damesbelange, en me. Mardia van der Walt, voorsitter van die Primariae-komitee, vind beide primariae in die verskillende koshuise en lede van die Damesbelangekomitee dat daar ongelukkigheid oor die huidige reëls bestaan. "Dit is nie die bedoeling van die Primariae-komitee om eenvoudig alle reëls goedsmoeds te skrap nie, maar dit het 'n verpligting teenoor dames in koshuise om in hul behoeftes te voorsien en hul klagtes te ondersoek," het me. Mardia van der Walt gesê.

Hoewel die reëls betreffende eerstejaars, wat die meeste weksaande reëls om agtuur in die koshuis moet wees, die meeste kritiek verduur, voel sommige senior dames, wat weksaande elfuur in moet wees, ook ingeperk deur die reëls. Verder verskaf die kompleksiteit van die reëls en die administratiewe rompslomp wat daarmee gepaardgaan probleme.

Volgens me. Mardia van der Walt word die vryheid van dames deur die reëls ingeperk en word hulle só daarvan weerhou om selfstandig te leer. Die effektiwiteit van die reëls word ook bevraagteken: "Volgens sielkundiges is 'n mens se norme teen die ouderdom van elf jaar reeds vasgelê, en geen reëls gaan dit verander nie," het 'n primaria gesê.

Drie van die primariae op die uitvoerende komitee van die primariae-komitee meen dat die reëls veral eerstejaarsdames akademies knou: nie alleen moet hulle die meeste weksaande teen agtuur uit die biblioteek in die koshuis terug wees nie, maar word so verplig om die biblioteek slegs bedags vir navorsingsdoeleindes vir seminare te gebruik. Mev. Smuts, hoof van dameskoshuise, het egter gesê sy meen dat die reëls geen probleme op akademiese gebied lewer nie en dat daar tussen klasse vir seminare navorsing gedoen kan word.

Van die primariae glo ook dat eerstejaars op sosiale gebied, maar veral op die gebied van kampusaktiwiteite

gekortwiek word. Redaksievergaderings van *Die Matie*, films vertoon deur die filmvereniging, byeenkomste van SAAK, SPOG en die debatsvereniging, sowel as vergaderings van baie godsdienste en ander verenigings hou aan tot na agt saans. Mev. Smuts het gesê dat die weeklike elfuur-verlof voldoende vir die bedrywighede is. Sy het bygevoeg dat, na 'n verslapping in die reëls, die meisies in elk geval nie juis aan meer kultuurbedrywighede deelgeneem het nie.

Toe mev. Smuts gevra is wat die voordele van die reëls is, het sy gesê: "Ek is nie bereid om daardie vraag te beantwoord nie. As ampstenaar van die universiteit moet ek uitvoering aan my opdragte gee." Me. Karin Erasmus, primaria van Huis ten Bosch, meen dat effense beperkings wel die dames tot 'n mate beskerm.

Mev. Smuts het beklemtoon dat die "fisiese beskerming" van dames nie 'n rede vir die reëls is nie. Volgens haar is 'n groot meerderheid van die ouers wel ten gunste van die reëls.

Van die primariae het gemeen dat die reëls diskriminerend teenoor dames is. Me. Ilse Pauw, primaria van Lydia, het gesê: "Die toepassing van die reëls is definitief diskriminerend," terwyl 'n senior student dit as "chauvinisties" beskryf het. Op 'n vraag oor waarom manskoshuise nie inkomtyd-

reëls het nie, terwyl dameskoshuise dit wel het, het mev. Smuts gesê dit is omdat "die lieue Here dames anders as mans gemaak het." Sy wou hierdie stelling verder verduidelik nie.

Mev. Smuts het erken dat, hoewel die reëls bedoel is om onwettige optrede van 'n klein minderheid dames te keer, dit op die hele massa koshuisbewoners van toepassing is. Van die damestudente het egter gesê dat die wat wil, die reëls in elk geval omseil.

In verskeie koshuise vind die onwettige duplisering van lopers plaas en is daar 'n swart mark in die sleutels. Sindikate van dames koop eksemplare aan die einde van die jaar teen 'n bedrag van R20. 'n Dame in besit van 'n loper kan kom en gaan na willekeur.

Dit is ook bekend dat tientalle dames oor naweke in manskoshuise soos Helsehoogte slaap om die inkomtye te omseil. Meestal vind hulle by mansvriende uit watter beddens oor die naweek leeg is en bring hulle dan die nag daar deur. Van die dames wat ondervra is, sê dat die reëls daarom juis veroorsaak wat dit wil verhoed.

Oortreders wat gevang word moet meestal boetes betaal — hoewel detail van die boetesisteem nie in die universiteitsreglemente vervat is nie. Herhaalde oortreders word soms naweke "gehok" en word verplig om

SAW trakteer vroue by grens

"EK beseft dat daar 'n behoefte aan die Weermag in Suidwes-Afrika is en dat hulle beslis 'n belangrike sosiale opheffingsrol speel, maar ek meen dat ons miskien die militêre betrokkenheid kan afskaal en die geld wat so bespaar word, kan aanwend vir sosiale opheffing in Suid-Afrika," aldus me. Annami Oosthuysen, ondervoorsitter van die SR.

Betrokkenheid

"Ek het begrip daarvoor dat die Weermag wel betrokke moet wees, maar twyfel oor die omvang daarvan. Dit is miskien te groot in die lig van Suid-Afrika se omstandighede. Ek dink nie ons ekonomie kan tegelyk 'n volkskaalse betrokkenheid in Suidwes en die noodverligting wat in Suid-Afrika nodig is, akkommodeer nie," het sy gesê.

Me. Oosthuysen en me. Karin Strydom, SR-lid vir publikasies, het van 3 tot 7 Desember 1984 die Operasionele Gebied besoek as

lede van 'n toergroep wat hoofsaaklik uit vroue-SR-lede van die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite en kolleges bestaan het.

Vaalpens

Die besoek is deur die Afdeling Openbare Betrekkings van die Weermag gereël as deel van Projek Vaalpens wat o.a. daarop gemik is om damestudente se belangstelling in die Weermag te prikkel en hulle aan te moedig om met dienspligtiges te korrespondeer.

Gedurende die besoek is hulle by verskeie geleenthede toegesprek en daar is ook aan hulle verduidelik hoe die Weermagopset werk. "Ons is oral rojal getrakteer, wapens is aan ons gedemonstreer, en ons het ook die geleentheid gekry om van die wapens self te hanteer," het hulle gesê.

Kultuurskok

Volgens hulle was die besoek aan die Boesmanbasis Omega "n heerlike ervaring, maar ook 'n kultuurskok. Ons het die aand gaan slaap met ritmiese Boesmanmusiek en die oggend wakker geword met *Queen* se klanke in ons ore," het me. Oosthuysen gesê.

"Die Weermag lei die Boesmanmans op as soldate, veral spoorsnyers, en die vroue word onderrig in naald-

werk, handwerk en voeding. Wat baie interessant was, was dat 'n sieke se familie toegelaat word om saam met hom in die hospitaal in te trek, waarskynlik om die aanpassing nie so groot te maak nie," het sy gesê.

Me. Karin Strydom het gesê dat sy verbaas en beïndruk was deur die omvang van die Suid-Afrikaanse betrokkenheid. Sy het bygevoeg dat sy ook beïndruk is deur wat reeds bereik is om dit vir die soldate so gerieflik moontlik te maak, maar dat hulle nie al die klein basiese besoek het waar daar dalk 'n tekort aan geriewe kan wees nie.

Infrastruktuur

"Ons sou ook nooit kon weet wat dit werklik uit 'n troepie se oogpunt beteken om byvoorbeeld op patrollie uit te gaan nie," het sy gesê.

"Die Weermag se betrokkenheid by mediese, landboukundige en sosiale hulpverlening het ook beïndruk. 'n Goeie infrastruktuur is geskep wat dien as basis vir toenemende betrokkenheid deur die Suidwes-gebiedsmag. 'n Mens kan net hoop dat die gebied so selfversorgend kan word dat ons mense wat nou daar is ekonomies en sosiaal meer doeltreffend in Suid-Afrika benut sal kan word," het me. Strydom gesê.

Die Matie heet alle nuwe en ou studente aan die Universiteit van Stellenbosch hartlik welkom en wens hulle voorspoed toe vir die akademiese jaar.



Carla de Miranda, Mej. Matieland 1985, en haar twee prinsesse, Nikola van der Merwe (links) en Annetjie Momberg. Die kroning is waargeneem deur Mej. Suid-Afrika, Laetitia Snyman.

Owerhede vra bedagsaamheid

STELLENBOSCH is in vele opsigte uniek en alle inwoners en mense wat op dié dorp werk of studeer behoort dit hulle ernstige voorname te maak om alles binne hul vermoë te doen om dié besonderheid te vertroetel en te beskerm.

Dié beroep is vervat in 'n gesamentlike verklaring wat verlede Dinsdag deur die Burgemeester van Stellenbosch, raadslid Piet Lombard, en die Rektor en Visekanselier van die Universiteit, prof. Mike de Vries, uitgereik is.

Die verklaring lui dat vandalsme en rommelstrooi die afgelope tyd redelik ernstige afmetings aanneem en dat die Stadsraad en die Universteitsowerheid besorg is daaroor.

"Daar is 'n klein element,

'n minderheid, in ons midde wat vir allerlei irritasies verantwoordelik is en ons doen 'n beroep op die groter meerderheid se samewerking om dié groepie onverantwoordelikes en onbedagsames lam te lê.

"Opsetlike beskadiging van eiendom het op verskeie plekke voorgekom, soos bv. vullishouers wat gebreek of verwyder en in strate geplaas is waar dit lewens in gevaar kan stel, verf is by minstens een koshuis op wit mure gespuut en grootskeeps rommelstrooi soos blikke, papier, lê plastiekhouders, en dies meer kom na willekeur voor."

Die verklaring vermeld ook die opsetlike beskadiging van 'n aantal groot vullishouers wat gratis aan die munisipaliteit verskaf is deur

'n onderneming wat inkomste verkry deur advertensies op dié houers. Die meeste wat in die dorp opgerig is, is onherstelbaar beskadig en nou weier die onderneming om nog op te rig.

Voorts word 'n beroep op veral motorryers en voetgangers gedoen om geduldig en verdraagsaam te wees en te alle tye verkeersreëls te gehoorsaam. "Te dikwels word gevind dat ons dorp en ons kampus se verkeersprobleme vererger word deur 'n klein groepie motorryers wat optree asof hulle deurpaai in die Karoo gebruik. Stellenbosch se strate is wat breedte betref vergelykbaar met die ouer Europese klein dorpe en daar word dit beskou as 'n aanwinst en word bedagsaam opgetree — waarom nie hier ook nie?"

Melding word gemaak van:

- kwaadwillige beskadiging en wederregtelike verwydering van padtekens;
 - die verontagsaming van stoptekens en voetganger-oorgange;
 - agtelosigheid ten opsigte van padmerke (pyle op die padoppervlak) en verkeers-tekens o.a. eenrigtingstrate;
 - doelbewuste beskadiging van parkeermeters;
 - ongeoorloofde parkering op laaisones en sypaadjies.
- Die Burgemeester en die Rektor doen 'n dringende beroep op almal wat op Stellenbosch woon — ook diegene wat bedags hier werk of studeer — om saam te werk en dit hulle voorneme te maak om die besonderheid van Suid-Afrika se oudste dorp te beskerm en te behou.

STELLENBOSCH UNIVERSITEIT



02231-3866

KARNAVAL

Warning to all UCT seniors

CAPE TOWN — University authorities will be on the alert for abusive initiation "games" next week when older students stream back to the University of Cape Town campus.

The vice-chancellor of the University of Cape Town, Dr Stuart Saunders, has warned that anybody practising initiation — "which is purely a form of discrimination" — would be expelled.

In his address to first-year students he said there was no initiation at UCT.

But two years ago, according to a participant, first-year students in College House were allegedly herded into a cupboard with insufficient air and "messed about a bit".

The male residence still includes a "social acceptance" evening in its orientation programme, which is said to consist of "getting drunk with the boys". Those reluctant to do so are likely to be subjected to peer pressure, an SRC member said.



UCT first year students spending part of their orientation week relaxing, listening to a band.

New light cast on last year's voting

CAPE TOWN — New light has been shed on the August 1984 tricameral parliamentary elections by the latest publication of the Southern African Labour and Development Research Unit (SALDRU) at the University of Cape Town. Released last week, researcher Ebrahim Patel draws a comparison between the 1984 elections and the earlier elections for the Coloured Representative Council (CLC) and the South African Indian Council.

Mr Patel finds that in spite of a considerable increase in potential coloured voters due to population growth and lowering of the voting age, the number of votes cast in the 1984 election actually dropped by 9%.

Two general elections were held for the CLC in 1969 and 1975; while about 36 in every 100 potential voters actually voted in 1969, less than 18 in every 100 voted in 1984.

* In the Cape Province the percentage poll dropped from 46,1% in 1969 to 29,5% in 1984. In the Cape Peninsula the percentage poll dropped from a low 25,6% to an even lower 11,1%.

* In Natal the percentage

poll dropped from 68,6% to 25,5% of registered voters. * In the Transvaal the percentage poll dropped from 73,7% in 1969 to 43,2%.

Official sources have blamed low polls on apathy, ignorance and lack of political experience. "Comparisons with the CRC data show quite clearly that none of these reasons are tenable as explanations for the low poll. It is absurd to argue that coloureds are more ignorant of the political process and less informed than they were in 1969," writes Mr Patel.

He attributes the dramatic decline of coloured voter support in 1984 to a combination of disillusionment with the option of constitutional change and the growth of mass-based extra-parliamentary movements which facilitated the organized opposition to the elections.

In contrast to the coloured election, the number of people who voted for the Indian House of Delegates was higher than that for the South African Indian Council in 1981. But Mr Patel warns that this must be seen against an exceptionally low poll in 1981. The poll of registered voters rose from 13,4% in

1981 to 20,3% in 1984. In other words, in spite of the increase in the Indian poll, it was still lower than the coloured poll in the tricameral elections.

Mr Patel also considers total black participation in the tricameral elections. He uses the term black to refer to the approximately 13 728 000 Africans, Coloureds and Indians of voting age in South Africa, including the homelands.

He finds that the total of 356 467 people who voted represents only 2,6% of all blacks.

It is significant that in the immediate post-election period many of the communities who were not allowed to vote showed their opposition to the ruling order

through wide-spread struggles, particularly in the working class townships of the Eastern Cape and the Vaal triangle.

In the two weeks during the coloured and Indian elections a reported one million school pupils and students participated in a national fortnight of protest against the New Constitution.

"The 1976 struggles were a watershed for a new period of militancy. It led to the growth of organisations and a heightened political consciousness of the voteless. The results of the elections show that the "New Deal" of Mr P.W. Botha and associates did not satisfy the aspirations of these communities.

Elite universities debate a debacle

LONDON — It was meant to be a prestigious clash of intellects — but the first debate between Britain's two top universities ended as a drunken shouting match.

The debating societies of Oxford and Cambridge universities were attempting to prove that their institution was the better.

But speakers slurred their words, others wrestled on the floor and water and paper darts were thrown into the arena where drink-fuddled members of the audience shouted or slumped in their seats, newspapers reported.

The host side, Cambridge, blamed a heavy-drinking Oxford team for the chaos. Cambridge speaker Simon Sebag-Montefiore stormed out after describing the visitors as "ugly, drunken, boring, spotty twerps".

Oxford debater Gareth Penny (22) said: "We treated it as a light-hearted thing but when we got there we suddenly realised they wanted a serious debate. We'd had a three-hour bus ride and some people had had a few beers."

Lance Ainsfield (22), president of the Cambridge Union (debating club), said: "Oxford said it liked the idea but, after this, I know why it hasn't been done before.

They have offered to pay the bill for clearing the place up and say they want to host a return debate."

The debate was abandoned without a vote.



A slightly lighter view of the recent Oxford-Cambridge debate which failed to materialize.

PRETORIA

Storm bars los oor kanselier

PRETORIA — 'n Politieke storm het losgebars rondom die verkiesing van 'n nuwe kanselier vir die Universiteit van Pretoria. Die vakature het ontstaan na die aftrede van die vorige kanselier, dr. Hilgard Muller, voormalige Minister van Buitelandse Sake, wat die prestige-amp vir meer as twintig jaar beklee het.

Stryd

Die twee kandidate wat vir die amp benoem is, word in politieke kringe beskou as 'n direkte voorsetting van die ideologiese stryd wat tans in Afrikaergeleedere heers. Mnr. Alwyn Schlebusch, voorsitter van Tukkies se konyokasie en voormalige vise-staatspresident, se kandidatuur word gesteun deur die raad van die Bond van Oud-studente van die universiteit, terwyl die ander kandidaat, dr. Wally Grant van die Uraanverrykingskorporasie, openlik deur *Die Afrikaner*, mondstuk van die HNP gesteun word.

Oranjerwerkers


Dr. Grant, wat voorgestel is deur prof. Carel Boshoff, leier van die Afrikanervolkswag, het ook bande met die Oranjerwerkers, wat 'n "blanke tuisland" voorstaan. Dr. Grant was ook 'n bekende op SABRA-jeugkongresse wat enige politieke deelname van anderskleuriges ontmoedig het.

Georganiseer

Daar word hard agter die skerms deur die regses georganiseer, en van die regse akademici wat prof. Boshoff bystaan, is prof. Piet Coertze van SABRA-faam en prof. P.G. Nel wat uit die FAK se Taalkomitee bedank het, nadat hy op verlede jaar se kongres as lid van die hoofbestuur uitgestem is.

Volgens betroubare inligting is dr. Grant nou betrokke by die stigting van 'n nuwe geheime regse Afrikanerorganisasie, Die Volksbond, wat as teenvoeter vir die Broederbond gestig is. Die voorsitter is 'n ingenieur van die Oos-Rand, mnr. Callie van der Merwe.

'n Wending het in die verkiesingstryd ontstaan na 'n berig in *Die Perdeby*, studentekoerant van die Tukkies, waar 'n neerhalende aanval op mnr. Schlebusch gedoen is in 'n artikel op die dieptenuusartikelbladsy. Die diep-



tenuusredakteur van *Die Perdeby* is mnr. Carel Boshoff, seun van prof. Carel Boshoff.

Mnr. Schlebusch word in die artikel afgemaak as dat "in sy curriculum vitae folio's van vier bladsye, jy wys kan word hoeveel kleinkinders hy het, wat sy vrou geswot het en wat sy stokperdjies is."

Die aanval op mnr. Schlebusch, wie se bydrae op staatkundige gebied wat vernuwing betref deur min na-oorlogse politici oorskadu word, word gesien as 'n poging om dr. Grant se kandidatuur te steun. Die verbete veldtog teen mnr. Schlebusch word vertolk dat baie KP-lede hom nog nie ver-

gewe het vir sy rol in die oopplek van die Inligting-skandaal en die val van dr. Connie Mulder nie.

Verkort

In die artikel word 60 cm afgestaan aan dr. Grant se curriculum vitae en 42 cm aan mnr. Schlebusch. Dit word genoem dat dr. Grant s'n met 70 persent verkort is en mnr. Schlebusch s'n met 58 persent.

Die dieptenuus-artikel lui as volg: (daar word onderskeidelik na dr. Grant en mnr. Schlebusch verwys): "Feit is, met respek vir albei se prestasies, die een is 'n akademikus en die ander 'n politikus. Dit staan soos 'n paal bo water."

Die artikel sluit af met die woorde: "Mag die akademie seëvier".

Subjektief

Op navraag wou die hoofredakteur nie beken of ontken dat mnr. Carel Boshoff die artikel geskryf het nie. Die hoofredakteur van *Die Perdeby*, mnr. Appie Pienaar, 'n bekende in regse kringe, het voorts gesê hy dink nie die artikel is subjektief nie, maar stel die saak in die reïne.

Daar word tot op 27 Februarie gestem deur die konvokasie. Die nuwe kanselier sal slegs vir 'n termyn van vyf jaar dien, na 'n wysiging in die universiteit se statuut.

Studente ly self onder boikotte

KAAPSTAD — Verlede jaar se klasseboikot het die eksamen-uitslae van die Universiteit van Wes-Kaapland negatief beïnvloed, en studente wat klasse boikot, moet beseft dat hulle net hulself benadeel.

Ontwrig

Só het prof. Richard van der Ross, rektor van die UWK, op die kampus in Bellville gesê. Hy het die meer as 2 000 eerstejaar-studente en talle ouers in die nuwe sportstadion van die universiteit toegesprek.

Prof. Van der Ross het gesê daar het in die laaste jare by talle skole, en ook by die UWK, bewegings ontstaan wat met die boikot van klasse dié inrigtings se akademiese programme wou ontwrig.

"Ons weet almal dat die boikotte dikwels hul ontstaan het in die ontevredenheid met die land se politieke bestel. Daardie ontevredenheid deel ek op baie vlakke met u. Maar ek wil vir u, as jong mense, vra om u optrede en dié van andere baie ernstig te oorweeg.

Doel

"Die doel van 'n boikot is om jou teenstander 'n les te leer. Ons moet onself ernstig vra of hierdie boikot van klasse dan inpas met hierdie gedagte. As ons klasse of eksamens 'boikot', wie ly? As dit ons is wat ly, het die boikot dan geslaag?"

"Verlede jaar is die UWK se uitslae negatief beïnvloed deur die ontwrigting van die akademiese werkprogram. Al manier om dieselfde uitslae-syfer in 'n korter tydperk te kry, is om die gehalte van werk te verlaag. Dit is die universiteit nie bereid om te doen nie, want dan sal ons die agente van ons eie verdrukking word," het hy gesê.

Students given deadline

PRETORIA — All male students at universities, colleges, technical colleges, technikon and other tertiary institutions have to deliver proof of their registration with these institutions before the 7th of March. Those who fail to do so will receive call-up instructions from the South African Defence Force.

The Board of Deferment made an urgent appeal to all male students to do so as soon as possible. Proof of registration may be delivered up to the 7th of March.

All correspondence should be directed to: The Secretary, The Board of Deferment, Private Bag X281, Pretoria. The postal code is 0001.

Several hurt at Kowsies rag

BLOEMFONTEIN — Last Saturday's Rag at the University of the Orange Free State was characterized by several injuries to students. A student was knocked off her bicycle by a tractor load of drum majorettes at the start of the festivities.

A complaint was afterwards laid with the police and the student's father insists on seeing the rector of the university. Ms Carina Maree, a second year medical student, was knocked down by the tractor when it overtook a bus, and hit her bicycle. Her father, Mr Johan Maree, laid a charge of irresponsible and negligent driving with the police. Ms Maree sustained some injuries and her bicycle was a write-off.

Amongst other incidents, a girl's foot was seriously injured when a tractor drove over it. The girl, Ms A. Hellebrand, is still in hospital. Another girl was hurt when a light truck hit the motorcycle on which she was the passenger. Quite a few other students were hurt in the course of the weekend, in particular a few young male students who got hurt in various incidents involving motorcycles.

Some members of the public complained about the riotousness of some of the students who participated in the rag procession on their motorcycles.

There were also complaints about the abuse of beer and stronger refreshments by students during the procession. The university authorities said that no incident has been reported to them and therefore declined to comment.



Brendan Barry, the 1985 president of the National Union of South African Students (NUSAS).

The President speaks.....

EXTRACTS from an interview with NUSAS president, Brendan Barry:

On the task of NUSAS: The National Union's overall aim is to look after students' interests in all spheres of life. This not only includes political interests, but also providing economic assistance to the less well off students.

On the New Constitution: In its 60 year history, NUSAS has always supported equality and democracy. The new deal is aimed at entrenching apartheid and further dividing the country. Therefore NUSAS opposes the constitution (18 000 NUSAS students voiced their disapproval thereof by signing a petition against the new deal).

On the role of woman leadership in NUSAS: Their leadership has been invaluable to NUSAS. Furthermore it has encouraged the participation of women in the organisation.

On prospects for the forthcoming year: The major challenge is to build on the

present NUSAS position. The current economic collapse is going to make the provision of useful student services even more difficult. This area will be particularly challenging.

On the importance of political awareness: As white students we seldom see the suffering caused by Nationalist government policy. If you are to play a constructive role in building peace, it is essential that you be aware of this. NUSAS has further helped to soften the polarization caused by apartheid by being a white organisation opposing apartheid.

On student support of NUSAS: On most NUSAS campuses there are groups of apartheid supporters who oppose NUSAS. Their interests are represented by the National Student Federation (NSF), founded in 1984. I believe the NSF is a diminishing feature on our campuses.

On advice to new students: Involve yourself in activities outside the lecture halls. Your degree will teach you little about life. Involvement

in cultural, sporting and religious activities is something which all students should involve themselves in if they are to get a lot out of university.

KONGRES 1984

NUSAS speel aktiewe rol in SA politiek

PIETERMARITZBURG — "1984 has been a watershed year for NUSAS, a year of enormous intensity, in which the National Union has not only faced many historic challenges, but has met these challenges effectively. It has been a year in which the political turmoil of our country has yet again placed a responsibility on our shoulders; not only to distance ourselves from the policies of South Africa's rulers, but to act to show our support for democratic demands, and our solidarity with those who feel the cutting edge of apartheid as part of their day to day lives."

Samewerking


Verwysings soos bogenoemde deur me. Kate Philip, 1984-president van NUSAS (National Union of South African Students), in

haar jaarverslag, was kenmerkend van die twee-en-sestigste NUSAS-kongres, wat van 2-7 Desember 1984 in Pietermaritzburg gehou is. Uit mosies, besprekings en verslae het NUSAS se groeiende politieke optrede in samewerking met die UDF, asook 'n duidelik krimpde gaping tussen NUSAS en swart militante studente-organisasies soos Azapo (African Students' Organisation) en Cosas (Congress of South African Students), duidelik geblyk.

Aanhouding

NUSAS se betrokkenheid by prominente politieke en sosiale aktuele sake is in 1984 onderstreep deur die NUSAS-betrokkenheid tydens die Transvaalse werkerstaking, wat tot die aanhouding van me. Philip gelei het. Geweldige ondersteuning vir sodanige aangehou-

denes is dan ook gedurende die kongres in mosies uitgespreek, terwyl die hele stelsel van aanhouding sonder verhoor baie sterk aangeval is.



Nog 'n sensitiewe saak waarom NUSAS in 1984 standpunt ingeneem het, is diensplig wat eenparig deur alle NUSAS-geaffilieerdes afgekeur is. NUSAS het dié besluit gerugsteun deur aktief deel te neem aan die

End Conscription Campaign en 'n groot rol dwarsdeur Suid-Afrika in dié veldtog te speel. NUSAS verwag dat diensplig 'n nog groter kwesie in 1985 gaan word, veral gesien in die konteks van Internasionale Jeugjaar: "Conscription is an important focus-of IYY. The notions of peace, participation and development are ones which can be fleshed out and developed in terms of the ECC. In particular the State's argument that we need an army for the maintenance of peace should be effectively countered. We should also assert that the State does not promote peace, and give a progressive content to the notion of peace in relation to the SADF and Southern Africa." (End Conscription Committee Report). Dié verslag beklemtoon ook die belangrikheid daarvan dat studente bewus gemaak moet word van die politieke veranderinge wat Suid-Afrika sal moet ondergaan voordat diensplig beëindig sal kan word. Verder vereis "a call to end conscription that we look towards alternatives and explain these to students."

Prioriteite

Mnr. Brendan Barry, 1985-president, sien bogenoemde as een van die twee top NUSAS-prioriteite vir 1985 om die nuwe NUSAS-tema, nl. Student Action for Peace, te implementeer. Die ander top-prioriteit is die Education Charter Campaign (EdCC), die eerste veldtog wat NUSAS in samewerking met Azapo en Cosas voer: "The Education Charter Campaign (EdCC) comes after a year of educational unrest and anger which is greater than both the 1976 and 1980 school boycotts. Few people in SA can ignore the seriousness and reality of student grievances. The Charter can create a very positive climate for mass mobilisation around the issue of education, and for strengthening of all the organisations involved." (Committee Report - Edce)

Die kongres het ook sy steun toegesê aan die UDF se IYY-veldtog "to create an understanding amongst students of the problems facing South Africa's youth. And to build unity between the different sectors of the youth."

Rhodes Rag causes a clash of interests

GRAHAMSTOWN — The Black Students Movement (BSM) of Rhodes has issued a strongly worded statement in which they criticize Rag and question the motives of those involved in it.

The statement, identical to the one issued by BSM in 1982, states that Rag, like all other charitable institutions, only serves to lull the guilty consciences of misguided liberals.

The BSM questioned the effectiveness of Rag. In 1981, of the R50 000 collected only half reached the Grahamstown community.

The movement further questions the real commitment of Rag supporters, asking how a month of float-building, beertents and sundry activities makes people aware of the plight of their suffering fellow South Africans. Supporters of Rag were challenged to go to the townships to observe the real state of affairs. People have been fooled into believing that the donation of coppers in the name of charity is a commitment to improving the lives of others.

The statement calls for a complete boycott of Rag which is "a boycott of a weekend of drunken debauchery, sexist freak shows, blatant individualism etc. etc. ad nauseam". Students were asked not to buy Rag T-shirts. Finally a challenge was levelled at all supporters of Rag to get involved in "the broader struggles of the people on and off the campus."

The Rhodes Rag Committee rejected the claims of the BSM, accusing them of misconstruing facts to justify their "ill conceived and unsuccessful" boycott.

The Rag Committee denied that Rag was a perpetuation of the apartheid system. Rag representatives cover the entire country, bringing home the plight of the impoverished and deprived Eastern Cape communities they come into contact with. The claim that money made in Rag was

used in student frivolities was false. The committee will not allow the dependence of beneficiaries on Rag funds.

The Rag Committee believes rag to have been very successful so far alleviating the suffering of the less privileged.

In contrast, the BSM has done little more than getting involved in pointless ideological rhetoric. One would expect them to have produced some practical and feasible alternative which could lead to upliftment rather than increasing misery. Unfortunately for the people of the Eastern Cape the BSM so far hasn't done anything for them other than berating those who do — something Rag has done for more than sixty years, according to the Committee.

Considering that 80% of Rag's beneficiaries are Blacks, it would seem rather inappropriate for BSM to condemn Rag for their activities. All BSM has produced so far are seminars and talks that are of little help to the desperate people Rag, in turn, has very effectively supported these desperate people. Rag Committee in turn challenges BSM to show how they arrived at their figure of 50% said to be spent on "student frivolities."

Rag furthermore challenged BSM to prove their commitment to the people they claim to represent. They may observe township realities in person, but do very little to help those people. Rag educates every student on Rhodes campus on the aims of Rag and then translates these aims into practical solutions aimed at alleviating the needs of the people. BSM is further harangued as an ill-informed group of people who issue half-true, unconsidered statements that calls their credibility into question.

Their statements merely exposes their gross ignorance. BSM would have done

themselves more credit had they made some effort to make students on Rhodes campus aware of the conditions in the townships.

The political inclinations of individual Rag Committee members or any of the donors have no bearing on the ultimate policy of Rag as it is laid down in the Constitution. Rag as a true welfare organisation simply performs an invaluable service to the community, and this has nothing to do with the existing status quo in South Africa.

Rag has no politically-in-

spired aspirations, nor do they claim to have all answers to the problems posed by the state of our society. It is only attempting a pragmatic approach to solve a humane problem which exists in many countries. This is the only way Rag can find to administer help to the needy, which beats seminars and talks hosted by the BSM. Acrimonious criticism on ideological level remains a comparatively easy task in our society in comparison to actually instigating actions with direct, positive results.

'Univ'e moet oop' — de Lange

JOHANNESBURG — Universiteit en technikon behoort oop te wees. Studente uit enige deel van die gemeenskap moet hulle nou inskryf sonder dat daar sprake is van voorskrifte van die staat se kant af.

Hierdie opvatting het duidelik na vore gekom uit die De Lange-verslag, wat byna drie en 'n half jaar gelede omvangryk verslag gedoen het oor onderwystoestand in Suid-Afrika.

Volgens prof. J.P. de Lange, rektor van die Randse Afrikaanse Universiteit en voorsitter van die De Lange-kommissie, het die kern, die hart van die De Lange-verslag, reeds in 'n groot mate gestalte begin kry — al is dinge nie altyd so sigbaar en al is daar nie drama nie. In die breë was daar al ingrypende hervorming op onderwysgebied.

By die Randse Afrikaanse Universiteit is daar geen sprake van beperkte toelating nie. Elke student wat aansoek doen om toelating word op die normale wyse gekeur. Daar is geen sprake van spesiale aandag op brugkursusse vir studente op grond van bevolkingsgroepe nie," het prof. De Lange beklemtoon. Elke student aan die RAU word toegelaat as volwaardige student en daar is geen voorbehoud oor die

studente se deelname aan die sosiale bedrywighede van die universiteit nie.

"Maar," het prof. De Lange bygevoeg, "ons moet binne die wetlike beperking van die wette wat tans geld. Met ander woorde hulle kan nie koshuiswoning kry nie."

ASB vergader op Stellenbosch

DR. ALLAN BOESAK, president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, sal as gasspreker optree by die kongres van die Afrikaanse Studentebond (ASB) wat tussen 14 en 18 Julie op Stellenbosch sal plaasvind. 'n Verdere nuwigheid by die kongres sal 'n debat tussen mnr. Franklin Sonn, direkteur van die Skiereilandse Technikon en 'n bekende blanke opvoedkundige wees.

Ander sprekers wat by die kongres sal optree is dr. Frederick van Zyl Slabbert en Kaptein Gatha Buthelezi. 'n Uitnodiging is ook gestuur aan die voormalige Minister van Inligting, dr. Connie Mulder. Dr. Mulder het nog nie gereageer op die uitnodiging nie.

Mnr. Johann Wege, voorsitter van die Afrikaanse Studentevereniging, het in 'n onderhoud met *Die Matie* gesê die wye spektrum van sprekers wat genooi is, bewys dat daar beweging en dinamiek binne die ASB is. Mnr. Wege, wat op die reëlingskomitee vir die kongres is, sê dat besondere moeite gedoen word om die besoekers 'n onvergeetlike ervaring te laat beleef.

Die kongrestema is "Jeugkrug" en daar is aansienlike aanduidings dat die ASB vanjaar vir die eerste keer in 'n lang tyd besluite rakende politieke-sosiale sake sal neem. Dr. Willem van de Klerk, redakteur van *Rapport* en ASB-president van 1950-1952, het in *Asbek*, mondstuk van die ASB, 'n beroep op die ASB gedoen om hulle oor breë politieke kwessies uit te laat en in die toekoms meer uitgesproke te wees.

Mnr. Chris Theron, die ASVS-vertegenwoordiger van Dagbreek, se siening is dat die konserwatiewe etiket wat Stellenbosch aan die ASB toedig verkeerd bewys word deur die sprekers wat genooi is asook die bereidwilligheid tot oop gesprek. In die verlede was dit soms nie die geval nie.

Mnr. Hennie Erasmus, ondervoorsitter van die ASVS, sê die feit dat die kongres op Stellenbosch gehou word, beteken baie vir die ASVS. Die ASVS onderneem verskeie projekte vanjaar waaronder 'n Matie-sangaand van 4 tot 6 Mei.

Besoeke aan die parlement sal op twee geleenthede gereël word en 'n spesiale ASVS-week sal gedurende 14-18 Maart aangebied word. Eerstejaarsbyeenkomste sal ook aangebied word.

Op die ASB-kongres sal die ASVS ook die nodige ondersteunende hulp aanbied. Die ASB-kongres sal geopen word deur die kanselier van die Universiteit van Stellenbosch en Staatspresident, mnr. P.W. Botha.

FOTO STUDIO LOCKLEY

(Albert Langenberg)

Professionele & Gelsensleerde Fotograaf

Die Student se Fotograaf

Vir kwaliteit en persoonlike diens. Ons spesialiseer in:

- ★ Kleurportrette
- ★ Studente groepfoto's
- ★ Persoonskaarte (ID-foto's)
- ★ Troufoto's
- ★ Kommersiële fotografie ens.



Maak vroegetydig 'n bestelling vir gradeplegtigheidsfoto's

TEL: (02231) 3131
PLEINSTRAT 21
STELLENBOSCH 7600

Trendy clothes for students

YET another trendy clothes shop has recently been opened in Stellenbosch. Like the others, it caters only for students — the difference is that this one aims at bringing individual fashions as cheaply as possible.

Walking up steep stairs to enter a black room set off with red, is, regrettably, an experience many students are wary of. If, however, you get that far and stay to look around, you'll probably enjoy this experience so much that you'll come back again and again. (For clothes, that is.)

John Augustine, the owner of *In-wear*, has been working till 12 every night — and it

shows in the shop. *In-wear* stocks wear exclusive labels like Advance and F.R.O.G.G., but John ultimately wants to stock only his own labels. Already, his pattern-cutter and he manage to produce about three ranges a week, making only one article per size per colour.

In-wear stocks no factory-made clothes and, unlike most exclusive shops whose prices go up as clientele increases, aims at making its own label as low-priced as possible, although one pays at the moment for having exclusively Cape Town's trendiest ranges. One can also be assured of never



being embarrassed by meeting someone wearing the exact same thing as you — *In-wear* doesn't stock lots of anything. John drives through to Cape Town two or three times a week to buy new stock and to keep up with the different looks.

So, if you're looking for really individual basics that you can afford for a change, why not take a look at *In-wear* on the corner of Dorp and Andringa Street. Don't worry — there isn't a boogie man waiting for you at the top of the stairs!

DORRIEH ELAHI



In-wear aims at bringing trendy individual fashions as cheaply as possible to the students of Stellenbosch.



L'ART INTRODUCES: JAYNE MANSFIELD

JAYNE MANSFIELD led an extraordinary existence of extravagance that has never been equalled in the annals of movie stardom.

Her large pink house with its 13 bathrooms and a fountain that sprayed pink champagne brought tourists to gape through its iron gates. Everything was heart-shaped: the bath, the gigantic bed, the furniture, even the kitchen table was heart-shaped!

With her platinum blonde hair and her well-known body, Jayne Mansfield was the rival of that other classic Hollywood sex symbol, Marilyn Monroe. They both died tragically, but Jayne did not take her own life; she met her end in a car crash outside New Orleans.

Jayne found it more and more difficult to cope with the pressure of publicity. In order to cope, she drank a bottle of whisky a day and used drugs and cocaine.

She was only 22 when fame struck her. She earned a fortune, but was not only wildly extravagant, but exceedingly generous as well. Just how casual she was with her money was indicated by the way she never bothered to take her earnings to the bank. She would load great bundles of dollars into paper bags

and pile them under her bed. Anybody who felt the need just helped themselves from this gold mine beneath the heart-shaped bed.

Her public stunts were always aimed at letting the public see that famous body. Whenever near a swimming pool, she would simply "fall in". Then she would undo her blouse and shout: "I'm drowning! I can't swim!" So frequently did she perform this trick that the photographers used to shout to Jayne: "Could you please swim over and drown here; the light is better this side!" She would obligingly do just that.

Jayne's memory is current-



ly being revived in a major television series recounting her tragic life. Loni Anderson of WKRP fame is playing the part of Jayne. After studying her story, Loni said: "I thank my stars that our personalities are so different and that we were born in different eras, otherwise I might have ended up as she — tragically!"

ANDRIA LUBBE

Kunskalendar

THEATRE:

Nico Malan: Feb. 27 — Mar. 23 *Barbara Carte-Blanche*

Baxter: Feb. 28 — Mar. 16 *The Wrong Time of the Year*; a comedy by Robert Kirby, with Richard Haines & Annelie Kriel.

Mar. 5 — Mar. 16 Major Schisstrirer: A satirical revue.

Oude Libertas Amphitheatre: Feb. 27 — Mar. 3 *Comedy Spectacular: Sony & Saire* with Cy Sacks, Annabel Linder, Sue Kelly Christie & Alan Field.

(10.30 am & 2.30 pm).

Mar. 4 — Mar. 16 *Boland Film Festival*; with following movies: *Allegro Non Troppo*; *Daniel Takes a Train*; *Another Time, Another Place*; *The Pool Hustlers*; *1900*; *For Those I Loved*; *A man Like Eva*; *Erendira*; *Behind The Door*; *Cha Cha*; *Clockwork Orange*; *Loose Connections*; *Kamikaze 1989*; *The Sprinter*; *The Swing*; *Smash Palace*; *The Killing of America*; *The Station Master's Wife*; *Celeste*; *Fabian*.

MUSIC:

Oude Libertas Amphitheatre: Mar. 8 — 9 *International Jazz Festival*.

Mar. 16 *I Musicanti*, with Alan Stephenson as conductor.

Midnite Grill: Jazz every Wed. from 9.00 pm until 1.00 am.

Nico Malan: Mar. 16 — April 10 *Aida*, Giuseppe Verdi's opera in 4 acts.

Cape Town City Hall: Sunday Evening concerts: 17 Feb., 3 Mar. *Symphony Concerts*: Feb. 14, 21 & 23 *Endler Concert Hall: Lunch Time Concerts*.

BALLET:

Nico Malan: Mar. 13 — Mar. 23 *Dance contrasts II: 6 Ballets — Strings for Six, Beauty and The Beast, Concerto For Charlie, Le Spectre De La Rose and Cabaret, Cabaret*.

Baxter: Mar. 6 — Mar. 23 *About 14 Feet: Jazzart presents a dance programme with works by 5 choreographers*.

FILMS:

Cine 1 & 2: Feb. 25 — Mar. 2 1984 (2.30 pm, 5.30 pm & 8.00 pm) *Dune* (3.00 pm, 6.00 pm, 8.30 pm). Mar. 2 *Seems Like Old Times*



Pottery works on exhibition at the moment, by the owner of the Dorp Street Gallery, Christine Smith. The gallery is on the corner of Dorp and Van Ryneveld Streets. Gallery hours are from 10h30 to 17h30.

Fees van films tot in die Kaap

TWEE filmfeeste begin eersdaags in Stellenbosch by Cine 2 en in Kaapstad by die Nico Malan-teater.

Die jaarlikse Bolandse Filmfees begin op 4 Februarie in Stellenbosch. Die besprekingskantoor is daaglik tussen 15h00 en 21h00 oop by die Cines in die Trust Bank-sentrum.

Besprekings vir die Duitse Filmfees in die Nico Malan-teater kan deur Computicket of by die teater self, gedoen word. Die filmfees duur tot 9 Maart en daar kan reeds hiervoor bespreek word.

Soos in die verlede is al die films wat vertoon word van hoogstaande gehalte, maar enkeles verdien miskien spesiale vermelding.

By Cine 2 kan die reeds bekende *Allegro non Troppo* gesien word. Vir diegene wat reeds Walt Disney se *Fantasia* gesien het, sal hierdie film 'n verdere hoogtepunt wees in animasiefilms

wat van klassieke musiek as klankbaan gebruik maak.

Cha Cha, met die bekende Nederlandse *rock*-sanger, Herman Brood, en die eksentrieke Nina Hagen en Lena Lovich in die vroulike hoofrolle, is 'n film waarna 'n mens weer en weer kan gaan kyk. Indien die musiek jou verveel, (onmoontlik!) kan jy altyd die graffiti teen Amsterdam se geboue bestuur.

A man like Eva word in Stellenbosch, sowel as Kaapstad vertoon. Hierdie film is gebaseer op die lewe van die beroemde Duitse filmregisseur, R.W. Fassbinder, en het Eva Mattes in die hoofrol. Die musiek van Verdi, gesing deur die enigmatiese Maria Callas, word as klankbaanmusiek gebruik. Dit is definitief 'n film wat nie gemis mag word nie.

Probeer om soveel as moontlik van hierdie films te sien — dit is meer as die moeite werd.

Dorp St Gallery: A place worth a visit

A VERY full year is being planned for the Dorp Street Gallery.

An exhibition of the work of two major artists are being planned for the first half of the year. Charl Best, after a successful 1984 exhibition in the Shell Gallery, is exhibiting his ballet photos in July. A potter from Somerset West, Rosten Chorn, is exhibiting early in September, while Danie Jacobs, a goldsmith, is showing his work in October. More pottery, this



time by Elizabeth Buhr, is planned for early November and the coppersmith, Randall Wicomb, is exhibiting in the November/December period. At the moment the gallery collection is on display.

Christine Smith, the owner of the gallery, says her main aim is to promote ceramics in South Africa. They are both recognized and popular in the USA and England and she is trying to do the same here by giving artists the space to show their works. Ms Smith says she is organizing lectures on ceramic technology by a major ceramist from UCT, at the end of the year.

DORRIEH ELAHI



frigidaire revelation

said the ice-box to the tired fly, guess what is in my frigid heart? chickens, dear, all of them dead and white with pain and feathers

why, Lord, said the fly all of them dead! yes, my friend, killed at a tea-party.

ambitiously they kicked while spouting blood and eggs the whole damn scene was red and yellow like a dying sun

but for what reason! cried the fly outraged. what beast could be so cruel!

stu stu craké crake this is absurd i'll tell no more, for They are coming

L. BARTHOLOMEW

Reekskartjies 'n groot winskoop

HIERDIE jaar word daar weer uitmuntende waarde vir geld deur die H.B. Thom-teater gebied. 'n Hele jaar se teatervermaak sal studente slegs R12 kos en die algemene publiek R20.

Daar word vyf vertonings deur die jaar aangebied en kaartjehouers sal boonop na twee gratis vertonings van die Universiteitsteater genooi word. 'n Groot voordeel is dat hulle uitsoeksitplekke sal hê.

KRUIK sal twee vertonings aanbied: Fritz Steyn se *Die Wildsboudjie* en Neil Simon se *I Ought to be in Pictures* met onder andere Michael Atkinson.

Swart rituele komedie deur Genet en Ernst Troller se *Die Verworpen* word deur

die UTS aangebied.

'n Groot hoogtepunt hierdie jaar is die splinternuwe kabaret deur Hennie Aucamp. Dit is getiteld *Slegs vir Almal* en die UTS neem dit eers na die Kampustoneelweek in Pretoria voordat dit hier 'n draai kom maak. 'n Intiem kafee-atmosfeer sal heers waar die toeskouers hulle op die verhoog met die akteurs bevind. Hier gaan hulle twaalf opwindende nuwe liedjies meemaak, waartoe die komponiste Coenie de Villiers en Bennie Bierman baie bygedra het.

Inskrywingsvorms en navrae kan aan Edrich of die Departement van Drama (tel. 76969) gerig word. □

MARIETHE VAN RENSBURG

VENETTI



ONS KYK NA — STYL — VARIASIE VAN ONTWERP — GEMAK — KWALITEIT — 10% AFSLAG VIR STUDENTE (TOON REGISTRASIEKAARTE)

SPECIALISTE IN SPORTDRAG VIR GROEPE

KERKSTAAT 18 STELLENBOSCH TEL. 71445 OF 75027

U.U.B. VIR AL U

- ★ Boeke
- ★ Skryfbehoeftes
- ★ Afrolwerk
- ★ Bindwerk

PLEINSTRAT U.U.B. STELLENBOSCH FOON 70337

HESTER HEESE

Haar gesels is soos haar stories

'n Profiel deur Martli Visser

HESTER HEESE. Die naam roep skoolbiblioteekromantiek op. "Ek is 'n herfsblaar!" sing Maria. Miekelt flits op sy fiets verby om koerante af te lewer op 'n winternat Stellenbosch. Iewers verskyn 'n Towerbok.

Toe ek mev. Heese ontmoet het, het ek verstaan waar die warmte wat in haar karakters klop, vandaan kom. Sy is warm. En teenwoordig. 'n Storieverteller van nature. "Waar kom jy vandaan? O! Ken jy vir..."

Die skryfery kom al van kleins af. ("Ek was so vier, vyf jaar oud.") Sy het op haar bed gaan lê, haar hande oor haar bors gevou en haar oë toegemaak. As iemand gevra het wat sy doen, het sy gesê, "Ek skryf 'n storie, bly stil."

Mev. Heese het in 1965 begin publiseer. Die eerste boek wat die lig gesien het, was *Moks van Ver-wêreld*. Ver-wêreld is die Stilbaai van die dae toe haar kinders nog klein was, wintervakansies se Stilbaai waar sy en haar man saans (ondanks die koue en die oumense se waarskuwings oor haaië),

gaan swem het. Hulle het in 'n huis gebly wat op pale gebou was en saans kon sy die wildsbokkies onder die huis hoor rondloop.

Dié werklikheid verwoord sy in *Moks van Ver-wêreld*, *Die huis op pale* en in *Die wildsbok van Ver-eiland*. Haar eie ervarings word in 'n groot mate in haar verhale weerspieël.

Mev. Heese se kinderdae is 'n besliste tapbron vir haar werk. Sy vertel van haar Kaaps-Hollandse huis in Kuilsrivier.

Ook ander gebeure uit haar verlede was 'n bron van inspirasie. 'n Prentboek wat sy verlede jaar geskryf het, *Aprilmaand op die vensterbank*, is 'n goeie voorbeeld. Sy verduidelik, "My man het altyd reeds 'n week voor my verjaarsdag elke dag vir my 'n geskenkie gegee en dan op my verjaarsdag het hy die eintlike geskenk gegee.

Aprilmaand op die vensterbank is die storie van die dogtertjie wie se pa dood is en wat sy plek moet inneem. 'n Week voor haar ma se verjaarsdag begin sy geskenkies gee: 'n kind se geskenke — 'n herfsblaar op haar bord, klippe wat sy by die rivier opgetel het, skulpe, 'n appel en op die verjaarsdag

— sy het nie geld nie — haar gemmerkat.

Haar gesels is soos haar stories. Sober, onprentensieus en eerlik. Bowenal is daar respek. "Jy moet nooit oor 'n kind se kop vryf nie, hoor! Nooit nie. Jy kyk hom in die oë en jy praat met hom. Hy is op jou vlak. Jy word 'n kind. Jy word ses of sewe of



Hester Heese, 'n warm en borrelende persoonlikheid.

nege. Die skrywer word klein, nie die kind groot nie. "Kyk, ek het nie 'n maklike lewe, wat soos water gladweg oor klippe vloei en vinnig wegvloei nie. Ek het

ook 'n lewe van bitterheid, van swaarkry, maar ek het 'n lewe van wonderlike vriendskappe en gee van ander mense. En dis dinge wat ons kinders mee moet kennis maak en waarmee 'n skrywer moet kennis maak voordat hy dit vir kinders kan gee. En nooit, nooit bitterheid nie. As jy bitter is, kan jy nie skrywe nie. Nie vir kinders nie."

Hester Heese weet van gee. Dié dat sy kan stories maak. Nog steeds op die naat van haar rug met haar hande gevou, soos van kleins af. Sodat die dinge wat sy bedags ervaar saans op haar inwerk en groei tot stories. Oor 'n laggende volstruis. Of oor die kristaldiertjies op haar sitkamertafel.

Sy vertel van "die klein pasella". Haar man was hardhorend, maar kon soms vir kort rukkie die fynste geluide hoor, tot sy ore weer toeslaan. Hy het dan altyd gesê, "Vandag het ek weer my klein pasella gekry."

Ek het 'n klein pasella gekry. 'n Uur lank — my onderhoud met Hester Heese. Ons groet só: "Stories groei op jou. Hulle is nes plante. Die enigste verskil is, stories gaan nooit dood nie." ■

MARTLI VISSER



Die skryfster se kleurrike kinderjare is 'n bron van inspirasie vir haar werk. Dié ervarings van kleintyd word in 'n groot mate in haar verhale weerspieël sodat kinders daarmee kan identifiseer. Sy leer hulle die vreugde van die lewe en daardeur put sy vreugde vir haarself. Saans, op die naat van haar rug met haar hande gevou, maak sy stories oor dinge wat sy bedags ervaar; dinge wat vir 'n kind van waarde is.



ELLA MENTAL LIVE AT XENON

THE news that Ella Mental is to play in Stellenbosch as part of their nationwide campus tour was barely broken when I sneaked off to Xenon to see what these rays of sunshine looked like — after all, having been hyped by all the major newspapers and magazines, I was expecting the evening to be something of an occasion.

The crowd at Xenon was decidedly boisterous. The worthy and the worthless mixed with the ardour of those trying to convince that they were in fact sixteen and not six years old. Dressed to the teeth and made up, bound down and strapped across to kill, they represented the gullible face of the MEMEMEME! generation as they hurled their limbs around the dance floor orchestrating the initial stages of hyperventilation. What's more, this crowd was HIP, and they had the rave to prove it. The junkies junked, the groupies grouped and the Sprayers 'n Cookers Sprayed and Cooked. A wimpish vendor with a big box offered me a slimy, greasy affair masquerading as a hamburger for R2,50 — whether to be eaten or used as a weapon wasn't quite clear, but I bought it to get rid of him. Minutes later he reappeared at my side: did I want a joint? Did I want a girl? Did I want a boy? I declined courteously and made my way towards the stage, from which a few ominous chords had been struck. The Devastation tops around me were gooey with bodily juices, and I started eating my hamburger using both hands, glad for something to hold on to.

The band started playing.

Heather Mac arrived to sing a melody. She looked like your archetypal Dostoyevsky student: starved, and in conflict with demons. She stopped, puffed on a Gauloises and sang a song of breathtaking dullness. After a couple of songs she picked up the microphone, standing crosslegged, and telling it stories she seemed to read from the ceiling. From her patter it became instantly obvious that she had nothing between the ears except the desire to wear black and make money. A few fans whistled, a few idiots did idiot dancing under the smoke machine but the

majority of the audience was mesmerized with disbelief. By this time I could feel the hamburger churning in my stomach, the incongruent pieces of psychedelic anti-music filtering through the speakers not being of much help, and I decided to back off.

I still can't decide upon the worst aspect of this gig — the band, the hamburger vendor or the fat woman in pink who went ARF! ARF! as I squeezed past her through the exit. ■

MARINUS VON RAVENSTEIN



Altus Schreuder, tydens 'n vorige opvoering deur USAT, *Die Van Aardes van Grootoor*.

'n Besige jaar vir Niel le Roux

NIEL LE ROUX se nuutste opvoering, *Peach*, is gestaak. Dié bekende Stellenbosse musikant was verplig om die opvoering te staak, nie omrede die geweldig uiteenlopende reaksie wat ontvang is nie, maar omdat sy stem verinneweer is tot 'n heserige fluistering.

Die stuk *Peach* het ekstreme reaksies uitgelok. Haat of bewondering, geen goue middeweg is hier gevolg nie. Die stuk is geheel en al deur *Die Burger* afgekraak, terwyl die *Cape Times* 'n redelike vleiende resensie gelewer het.

Niel wou voortgaan met die opvoering, maar voel verlig om sy stem te spaar

om die kwaliteit weer te herstel. Hy gaan poog om teen die middel van April sy langspeelplaat gereed te hê vir verspreiding.

Volgens Niel is die plaat uniek. Dit bestaan uit kabaretmusiek, hoewel dit 'n popplaat is. Al musici wat betrokke is by die opnames, is Niel en vier pianiste. Die opnames gaan in 'n klavierfabriek gemaak word. Foto's en 'n video gaan terselfdertyd geneem word vir promosie.

Na die sny van *The Pianists* gaan hy 'n reeks promosie-opvoerings hou alhoewel hy graag *Peach* in Johannesburg sou wil opvoer. Hy sal ook 'n promosie-opvoering in Stellenbosch hou. ■

USAT beplan twee produksies

USAT het die afgelope vakansie 'n baie suksesvolle toer langs die Ooskus onderneem met die bekende *Die Van Aardes van Grootoor*.

Die stuk was so gewild dat 'n heropvoering daarvan oor drie weke plaasvind.

Vir alle USAT-lede en belangstellendes lê daar 'n bedrywige jaar voor. USAT beplan twee vollengte produksies; *Marat/Sade* deur Peter Weiss en *Night of January 16th* deur Ayn Rand.

Verder gaan USAT aan twee toneelstele deelneem, naamlik in Vishoek (Mei) en in Grahamstad (Julie). Daar is ook vir 'n ekstravaganza en 'n middaguurkonsert voorsiening gemaak.

'n Groot hoogtepunt op die Universiteit se kultuurkalender is natuurlik die jaarlikse Dramafees wat USAT aanbied (19 — 24 Augustus). Hier word amateurs die geleentheid gebied om hul talente op alle vlakke uit te leef: toneelspel, verhoogbestuur, dekor, grimering en beligting. Studentegeskrewe stukke word sterk aangemoedig en daar is ook 'n spesiale prys vir die beste studentegeskrewe stuk. Hierdie en die algehele wenstuk word die geleentheid gebied om onder USAT se beskerming gedurende die volgende jaar 'n produksie te loods.

Omrede USAT in die verlede baie gesukkel het om alle belangstellendes te akkommodeer, is daar besluit om 'n USAT-troep te stig. Daar sal 'n subkomitee onder leiding van die hoofkomitee

verkies word, sodat die USAT-troep organisatories onafhanklik maar kultureel na aan die hoofkomitee kan funksioneer. So sal 'n gulde geleentheid aan alle belangstellendes gebied word om aktief by kultuuraangeleenthede betrokke te raak.

Om aan die USAT-troep te behoort, sal verskeie voordele inhou, bv.:

- uitstappies na opvoerings in die Nico Malan, Baxter en ander teaters teen verminderde koste en vervoer gereël.
- groepbesprekings na opvoerings.
- inligting en vervoer betreffende TV-, film- en ander oudisies in Kaapstad.
- afslag by alle USAT-produksies.
- 'n ope vergadering een keer per maand, waartydens gassprekers lede sal inlig oor verskillende aspekte van drama.
- afslag by USAT-sokkies en
- 'n nuusbrief elke maand.

Almal wat aan die USAT-troep wil behoort, moet voor die einde van Februarie ledegeld van R4,00 betaal. 'n Klein identifikasiefoto moet by dié geleentheid saamgebring word en 'n ledekaart sal aan lede uitgereik word. Ledegeld is betaalbaar by die USAT-kantoor wat elke middag tussen 13h00 en 14h00 beman word. Die kantoor is in die kelder van die "Ou Wynkonde"-gebou, kamer 0021, tussen die Neelsie en die biblioteek. (Tel. 72535). ■

Cobwebs
Dorpstraat 145, Stellenbosch

**VIR GESKENKE
FOR GIFTS**





Die Matie

Donderdag, 28 Februarie 1985



Aanval op student skok

DAT 'n groep studente vandag nog, op hierdie kampus, 'n mede-student fisies in die nag uit sy bed uit kan gaan haal, hom na 'n afgeleë plek kan neem en hom daar, met 'n kussingsloop oor sy kop, aanrand en teer-en-veer, is eenvoudig skokkend.

Hoe 'n groep mense wat sodoende opgevoed is dat hulle aan 'n universiteit studeer, hulle aan sulke barbaarse optrede kan skuldig maak, is onverklaarbaar.

Die oortreders se optrede was blykbaar daarop gerig om te probeer verhoed dat die student wat aangerand is, sekere feite publiseer wat hy omtrent Wilgenhof se doopprosedure te wete gekom het. As 'n mens dan skaam is oor die wyse waarop eerstejaars in jou koshuis "verwelkom" word, dui sulke laakbare optrede net op jou eie kleinlikheid en onvermoë om rasioneel oor 'n saak te besin wat duisende studente raak.

Dis jammer dat die naam van 'n koshuis wat al soveel aangename mense en briljante leiers opgelewer het, deur die optrede van sulke skurke deur die modder gesleep word.

Ons verwelkom die onderneming van die Universiteitsowerhede dat streng opgetree sal word teen die skuldiges, en spreek die hoop uit dat werklik effektiewe beheer in die toekoms oor oriëntering uitgeoefen sal word.

Ruiterwaglede boet geloofwaardigheid in

DIE bekendmaking dat sekere persone wat leiersposisies op die kampus beklee, ook lede van die Ruiterwag is, plaas hierdie persone in 'n dilemma.

Persone wat aan 'n geheime organisasie behoort, loop altyd die gevaar om 'n vraagteken agter hul geloofwaardigheid te plaas. In 'n organisasie soos die Ruiterwag word blykbaar van lede verwag om die doelstellings van die organisasie op alle terreine te bevorder. Die vraag ontstaan dan onvermydelik wie se belange dié persone werklik dien: dié van die studente, of dié van die geheime organisasie waarvan hulle lede is?

Daar word beweer dat van Ruiterwaglede verwag word om ander lede van die organisasie te bevoordeel by verkiesings in studenteleiersposisies. Hopelik is dit net 'n gerug; a.g.v. die geheime aard van hierdie tipe organisasie word sulke gerugte maklik versprei. Solank die organisasie egter geheim bly, en lede weier om hulself bekend te maak en openlik op te tree, sal sulke gerugte steeds hardnekkig voortbestaan.

Dit is in die openbare belang van die studentegemeenskap dat die Ruiterwaglede wat genoem is, en ook moontlike ander lede wat nog geheim bly, na vore kom en duidelik stel welke belange hulle voorop stel.


Wilgenhof se karnaval-optrede stel teleur

DIS teleurstellend dat verlede Saterdag se vlotoptog onsier moes word deur 'n groep inwoners van Wilgenhof wat ander koshuise se vlotte met watersakke gebombardeer het.

Wanneer mense beseer word en duur toerusting beskadig word, kan hierdie soort optrede nie meer as "studentepret" geregverdig word nie. Daar is reeds in hierdie kolomme verwys na die vandalistiese optrede van sommige Wilgenhoffers m.b.t. die Helderbergmotortjie wat deur dié koshuis se inwoners vernietig is. Klaarblyklik het dit geen effek gehad nie. Sulke skandelige optrede kan onder geen omstandighede goedgepraat word nie.

Waarskynlik is net 'n groepie van die koshuis se inwoners vir hierdie tipe optrede verantwoordelik. Hulle moet egter beseef dat hulle hul koshuis as geheel se naam skade berokken daardeur — te meer nog as dit plaasvind in die openbaar, soos verlede Saterdag die geval was.

Dis te hope dat die Primarius en HK van Wilgenhof hul sterkste afkeur teenoor hierdie gedrag sal uitspreek, en dat daar streng opgetree sal word teen die skuldiges.



RUITERLIKE ONTKENNINGS word deesdae op Stellenbosch gemaak.

UK SR-VOORSITTER

Studente moet help verander aan SA

"DIT maak my woedend as 'n student sê die politiek van Suid-Afrika raak hom nie, terwyl hoe Suid-Afrika oor 20 jaar gaan lyk, heeltemal van die student van vandag afhang." Christine Burger, voorsitter van die Universiteit van Kaapstad se studenteraad, het haar in 'n onderhoud met *Die Matie* sterk teen studente-apatie uitgespreek. Sy het met *Die Matie* gesels oor die rol van 'n SR op 'n kampus, NUSAS, oriëntasie en kontak tussen US en UK.

Hoe sien jy die rol wat 'n studenteraad van 'n universiteit moet speel?

Die studenteraad van Kaapstad vergader elke twee weke. Daar word oorsig gestem. SR-lede moet stem in ooreenstemming met die standpunte wat hulle ingeneem het tydens die verkiesing.

Behalwe dit onderskei ek vier funksies wat die SR het. Eerstens moet die SR studente se belange en sienings op die honderde komitees van die universiteit verteenwoordig. Ons probeer bv. om kospryse laag te hou, parkeerprobleme op te los, ens. Die SR het ook sitting op die Senaat en die Universiteitsraad.

Tweedens word studente-voordele en dienste deur die SR beheer. Voorbeelde hiervan is vakansiewerk, crèche, studentetoere en akkommodasie.

Dir SR het ook jurisdisie oor alle klubs en verenigings. Alles wat op die SR-drukkers gedruk word, word ook deur die SR gelees.

Vierdens het die SR nege sub-komitees waarvan die intervarsity-, karnaval en opvoedkundige komitee voorbeelde is. Die opvoedkundige komitee reël weeklikse seminare, fokusweke en massavergaderings. So probeer ons onself en ander studente opvoed.

Hoe word die studenteraad van UK verkies?

Die verkiesing duur vyf weke. Studente moet genomineer word deur 20 studente en moet 'n manifest opstel om kandidate te wees. Kandidate hou toesprake in koshuise en op kampus. Daar word vir elke kandidaat 'n kruisverhoorsessie gereël waartydens iemand wat "anders dink" as die kandidaat vrae aan haar stel. Daarna is daar nog die sirkus wanneer

enigiemand enige vraag aan enige kandidaat kan stel. Die hele verkiesing word deur 'n onafhanklike stembus-komitee gereël.

Speel die politieke sienings van kandidate 'n groot rol in die verkiesings?

UK het definitief 'n anti-apartheidstempel. In die verlede het kandidate met konserwatiewe politieke sienings nie maklik op die SR gekom nie.

Hoekom was die stemmersentasie vir die verkiesing so laag verlede jaar?

Omtrent 30% van die studente-unie het gestem.

Hierdie lae syfer was daaraan te wyte dat mense stem as daar iemand staan wat hulle verteenwoordig. Verlede jaar was daar min kandidate wat gestaan het. Daar was dus nie so 'n breed spektrum van studentevertenwoordig nie. Dit is een van my mikpunte hierdie jaar om meer studente te kry om te staan sodat 'n wyer spektrum verteenwoordig kan wees.

Alhoewel ek dit graag sou wou sien, dink ek dit sal moeilik wees om 'n stemmersentasie van hoër as 50% te kry by hierdie universiteit. Studente is te verspreid en daar is nog satellietkampusse.

Wat behels affiliasie van 'n universiteit by NUSAS? Was daar al ooit pogings tot disaffiliasie?

UK is al sedert die stigting van NUSAS lid van NUSAS. Daar was nog nooit 'n beweging vir disaffiliasie nie. Al wat nodig sou wees om te disaffiliasie, is 'n lys van 200 handtekeningte waarna 'n referendum gehou sal word.

Geen beleid van NUSAS word van een jaar na 'n

ander oorgedra nie. Studente van 'n universiteit wat geaffilieër is by NUSAS, besluit elke jaar op 'n beleid.

NUSAS het nie net 'n politieke funksie nie. As nasionale studente-organisasie hou NUSAS hom ook besig met studente-voordele en ander studente-belange.

Hoe reageer NUSAS op swart bewussyn-kriek op dié organisasie?

NUSAS kan maar net weer en weer by mense probeer inskerp dat hulle

Watter rol speel die Moderate Students Movement op kampus? Beskou jy die MSM as 'n bedreiging?

Nee. Ek was baie bly toe dié organisasie gestig is, omdat dit 'n alternatiewe standpunt stel. Só word debat gestimuleer.

Die studente het aanvanklik die MSM verwelkom. Hulle toegang tot groot finansiële bronne en die feit dat die voorsitter van die National Student Federation (NSF), Russel Crystal, ook NP-organiseerder is, het baie studente afgesit van die organisasie. Die MSM het op die oomblik 'n baie meer konserwatiewe as gematigde beeld gegee.

Soos ek dit verstaan bepleit die MSM status quo, met so 'n bietjie veranderings hier en daar. Die MSM se hoofdoel is om NUSAS in die wiele te ry, eerder as enige positiewe doel van hul eie. Hulle doel is dus meer destruktief as konstruktief.

Is dit ongewoon dat 'n vrou voorsitter van die SR is?

Ja, dit is nogal uitsonderlik dat 'n vrou voorsitter word. Ek dink ek is maar die derde vrou-voorsitter in die geskiedenis van die universiteit. En dit is 'n lang geskiedenis.

Ek beskou dit as 'n uitdaging. Daar sal bv. van my verwag word om net so beslis soos enige man op te tree, maar ek sal op 'n sekere manier beslis moet wees. 'n Vrou wat beslis is, word maklik "butch" of "bitchy" genoem.

Wat behels die oriëntasieprogram van UK?

(Vervolg op bl. 16)

Matie-Gesprek

Lou-Marié Kruger gesels met



Christine Burger

die politieke stryd in Suid-Afrika nie sien as 'n stryd tussen wit en swart nie, maar as 'n stryd tussen mense wat 'n demokrasie wil hê en hulle wat anti-demokrasie is. 'n Polarisasie van wit en swart is nie goed nie.

SPOG hoor strydige studente-standpunte

Stephan Malherbe

"DALK kan hierdie vergadering die begin van 'n nuwe hoofstuk in die geskiedenis van Stellenbosch wees," was die woorde van mnr. Le Roux van der Westhuizen, voorsitter van die Studenteraad, by 'n bespreking waar 'n paneel van leiers van diverse nasionale studente-organisasies opgetree het.

Daar is geslaag om sprekers verteenwoordigend van 'n verskeidenheid standpunte byeen te bring. Leiers van die Afrikaanse Studentebond (ASB), die National Union of South African Students (NUSAS), die National Student Federation (NSF), die Youth Leadership Forum (YLF) en die Azanian Students' Movement (AZASM) het aan die bespreking deelgeneem.

Die paneelbespreking, aangebied deur die Stellenbosse Politieke Onderzoek- en Gespreksgroep (SPOG), moes dien as "bron van eerste-handse informasie" oor dié groepe vir die SP-kommissie wat ondersoek na hierdie organisasies instel, sowel as vir ander SP-lede.

ook Stellenbosch se taak om die Afrikaanse gemeenskap op swart meerderheidsregering voor te berei.

NUSAS is gekant teen nasionale diensplig en die Suid-Afrikaanse Weermag se optrede in Angola en Mosambiek. Dit weier om politieke geweld deur die African National Congress af te keur omdat dit glo dat die Apartheidsstelsel die grondliggende oorsaak daarvan is.

In die terugvoering van konferensiegangers is gevra of NUSAS se uitspraak aanspraak daarop kan maak om die studente en die geaffilieerde universiteite te verteenwoordig. Hoewel affiliasie van Stellenbosch by NUSAS "buite die kwessie" geag is vanweë die liggaam se "radikalisme", is die moontlikheid van 'n NUSAS-verdeelneming.



Marthinus van Schalkwyk (links), president van die ASB en Max Ozinsky, media beambte van NUSAS, ontspan na die SPOG vergadering.

eniging wat soos die ASVS funksioneer wel genoem.

Op die kampusse van die Engelse universiteite word NUSAS deur takke van die gematigde National Student Federation teëgestaan. Die NSF is gestig as teenvoer vir "die outoritêre heerskappy" van radikale studente op dié kampusse.

NSF

Die NSF wil patriotisme by studente aanwakker en só 'n evolusionêre politieke ontwikkeling voortstu. Dit verwerp dus politieke geweld en buitelandse inmenging. Verder ondersoek die NSF die vryemarkstelsel en opponeer dit die "magte van internasionale kollektiwisme".

"Stellenbosch behoort gelukkigens te word met die onafhanklike posisie," het mnr. Russell Crystal, voorsitter van die NSF, gesê. Hy glo dat die US nie by 'n nasionale liggaam moet affilieer nie, maar lieve verenigings verteenwoordigend van alle politieke standpunte op kampusse toelaat.

Reaksie van Stellenbosers was dat daar by studente tans "n sterk gevoel moet wees om die doelstellings van die NSF te onderskryf". Andersyds is gevoel dat daar op Stellenbosch nie "sô 'n groot groep 'radicals' is dat 'n vereniging gestig hoef te word om teen te werk nie". Bedenkings is ook gelug oor die finansieringsbronne van die NSF wat mnr. Crystal nie in detail bekend wou maak nie.

AZASM

AZASM, 'n swart bewustesynsgroep wat homself toespits op sekondêre onderwys en tersiêre onderwysinrigtings beperk lidmaatskap tot swartmense. Hul definisie

van swart sluit Asiërs en Kleurlinge in, maar sluit mense soos kaptein Gatsha Buthelezi, wat "gekompromeer" het, uit.

Mnr. Kabelo Lengane, nasionale skakelbeampte van AZASM, het gesê sy organisasie glo in 'n onderwysbedeling wat "uiteindelik sonder diskriminasie voorsien aan die behoeftes van die mense van Suid-Afrika". Volgens hom sal so 'n stelsel 'n blote hersenskim bly as die totale staatsbestel nie radikaal verander nie.

Hy voel dat die huidige onderwysbestel as doel het "om swartes altyd in slawerij gedompel te hou" en tegelyk om 'n insiklike swart elite te vorm. Volgens hom moet die onderwysstelsel totale bevryding as doel hê.

"Ons glo dat enige aksie

teur van die YLF, gebeur daar soms "politieke wonderwerke" as jong Afrikanerstudente en swart studente tydens tweedagseessies hulle ambisies, toekomstvisies en vrese uitruil.

Die afgelope drie jaar het die YLF-kongresse 'n gemeenskaplike vertrekpunt vir die mense gesoek deur die tema "'n Gemeenskaplike Suid-Afrikaanse Patriotisme" te bespreek. Vanaf vanjaar gaan die YLF poog om vanaf dié vertrekpunt 'n konstitusionele raamwerk vir alle Suid-Afrikaners se aspirasies te vind. Daarom bespreek hulle vanjaar die konsep van "'n Verenigde State van Suid-Afrika".

Van die deelnemers het geglo die SPOG-vergadering was op sigself blyke van vordering. "Apartheid skep skeidslyne in 'n gemeenskap en word 'n onheilige spiraal soos vervreemding verdere vervreemding bring," het 'n gespreksgroep gerapporteer. "Effektiewe hervorming is op vertroue gebaseer, en vertroue word net deur kontak en konstruktiewe debat tussen verskillende groepe gevestig."



Lynne Stuart (SP-lid vir Irene), Jennifer Crocker (SP-lid vir Sonop) en Brendan Barry (president van NUSAS) in gesprek tydens die SPOG vergadering. Die vergadering is op Dinsdag 19 Februarie gehou en is deur die leiers van verskeie studente-organisasies toegesprek. Die gehoor het bestaan uit Studenteparlementslede en 'n klein groep belangstellendes en genooies.

Wat is SPOG?

DIE Stellenbosse Politieke Onderzoek- en Gespreksgroep (SPOG) is 'n volwaardige SR-subkomitee en ontvang 'n subsidie van die SR wat deur borge aangevul word.

Die komitee funksioneer primêr tot voordeel van die SP en bied gemiddeld vier tot ses inligtingseminare en/of konferensies per termyn aan wat verband hou met SP-mosies of wat van lands- en aktuele belang is. Vergaderings is geslote in dié sin dat slegs genooies, veral akademiese en studenteleiers, dit mag bywoon. Die beleid is ook om die aktiwiteite vir 'n beperkte aantal belangstel-

lendes van die Studente-unie oop te stel.

Die menings wat gewissel word tydens groepswerkseminars verskaf 'n grondslag vir standpunt-inname, meningsvorming en die neêrle van riglyne deur 'n goed ingeligte leierskorps. Benewens persoonlike deelname aan vergaderings, kan enige student aansoek doen om in die SPOG-komitee te dien.

SPOG nooi alle studente uit om sy komende aktiwiteite te steun. Die volgende hiervan is 'n besigtigingstoer van Guguletu, Kruispad en Khayelitsha op Maandag 4 Maart.

OSPO

Geheime organisasies nadelig vir Afrikaner

Fourie de Kock

DIE bestaan en bedrywighede van geheime organisasies soos die Ruiterswag en Broederbond is oor die lang termyn net nadelig vir die Afrikaner.

Redes

Sô het prof. Pieter le Roux van UWK onlangs by 'n OSPO-vergadering op Tygerberg geargumenteer. Hy het verduidelik dat daar twee redes vir buite-parlementêre politieke bedryf is, nl. ontoereikende van demokrasie, m.a.w. 'n gevoel van uitsluit-

ting uit die regering, en die vrees vir te goeie demokrasie, m.a.w. die strewe om beheer in die hande van 'n klein elite te hou.

Oorspronklik is die Broederbond (AB) gestig om die eerste rede — om Afrikanerbelange en -mag te bevorder. Die bestaansrede het egter gou verander na die tweede, 'n ontwikkeling wat deur die geheimhoudingsbeginsel bevorder is. Die gevolg van die AB en die Ruiterswag (RW) — wat later as "voorskool" vir eersgenoemde gestig is — se bedrywighede tans is dat demokrasie op verskeie maniere ondermyn word.

Die metodes om dit reg te kry, is dikwels onaantvaarbaar. Gekoördineerde swartmeerderheid van mense wat nie met AB/RW-beginsels saamstem nie, vind baie plaas, ook op kampusse. Die omgekeerde, n.l. beskerming van lede, word ook vryelik aangewend. Prof. Le Roux het die voorbeeld van die skorsing van 'n sekere student van 'n sekere universiteit a.g.v. 'n kriminele skuldbevinding genoem. In stryd met die gewone beleid dat so 'n persoon eers na 'n jaar by 'n SA universiteit mag registreer, het 'n sekere Afrikaanse universiteit die betrokke student die volgende dag aanvaar.

Ter illustrasie van sy stelling dat ook die Afrikaner se Christelikheid onder AB-bedrywighede ly, het prof. Le Roux genoem dat besluite van Afrikaanse kerke dikwels meer op politieke as Bybelse oorwegings gegrond was. Die NG-Kerk het bv. lankal besluit dat Apartheid nie Bybels regverdigbaar is nie, maar 'n veelrassige kerk sou onaantvaarbare politieke gevolge hê.

Politisering

Die politisering van Afrikaans is 'n verdere negatiewe gevolg van AB-beleid. Die vonk in die kruitvat met Soweto in 1976 was die besluit om Afrikaans 'n verpligte onderrigmedium vir swart skoliere te maak. Dit het later gebluk dat dit 'n algemene AB-besluit was, en dat verskeie mense teen hul beterswete gedwing is om dit uit te voer. Hierdie besluit is ook 'n illustrasie van die AB-drang na oorheersing — oorlewing is nie meer genoeg nie.

Baie tragies is die verlies geïmpliseer deur die feit dat heelwat waardevolle Afrikaners effektief die stilsweye opgelê word — lede durf nie AB/RW-beleid in die open-

baar teenstaan of selfs bevraagteken nie. Dit impliseer verder 'n gebrek aan gesonde openbare debat, wat 'n belangrike faktor in enige groep se ontwikkeling is. Weens die streng geheimhouding is dit ook heel maklik vir individue om sulke organisasies vir eie belang te gebruik. Sodoende beland daar soms swak mense in belangrike posisies wat vanselfsprekend nadelig is.

Volgens prof. Le Roux kan die studentepolitiek-stelsel aan US baie maklik deur organisasies soos die RW gemanipuleer word vir sy eie belange. Dit is trouens destyds verander juis omdat die studente-unie te maklik TSR-besluite kon negeer.

Biko

Dikwels word besluite van verteenwoordigende en besluitnemende liggame sterk deur AB-beleid beïnvloed. Mense op sulke liggame moet dan teen hul eie wil en beterswete maak soos die AB se. Prof. Le Roux het die voorbeeld van die SA Geneeskundige Raad se besluit om nie die Biko-saak te ondersoek nie, genoem en gesê dat daar definitief ander oorwegings as net mediese etiese ter sprake was.

Die feit dat sulke organisasies daarin slaag om lede in magsposisies te kry (dikwels met slim manipulasie van demokratiese metodes) lei tot 'n verlies omdat beter kandidate daaruit gehou word.

Op 'n vraag of daar nie tog tekens van verandering in AB/RW-beleid is nie, het prof. Le Roux gesê dat sulke veranderings dikwels te laat is. Verder is mense, wat vroeder sulke veranderings bepleit het, dan reeds gebrandmerk. Die vergadering van sowat 250 Tygerbergstudente was die eerste in 'n reeks met die tema "Buiteparlementêre Politiek in Suid-Afrika."

YLF

'n Organisasie wat poog om mense van organisasies soos die ASB en AZASM om dieselfde tafel te kry is die Youth Leadership Forum. Volgens mnr. Andries Calitz, 'n direk-

Studente weer vies oor toustanery by inskryf

13-15 FEBRUARIE was weer registrasietyd op Stellenbosch. Die studente het baie uiteenlopende menings oor vanjaar se registrasieproses. Party voel dat dit heelwat vinniger en meer effektief as verlede jaar was, maar die meeste voel nog steeds dat die lang toustanery op een of ander manier uitgeskakel moet word.

Vergelyking

'n Vinnige vergelyking met 'n paar ander universiteite se registrasieprosedures het die volgende aan die lig gebring: 1. By die UOVS vind die registrasie van senior studente oor 'n tydperk van 8-10 dae plaas, terwyl nagraadse studente per pos registreer. 2. By UPE vind alle registrasie per pos plaas; Inskrywingsvorme word saam met sy eksamenuitslae aan die student gestuur, wat dit dan moet voltooi en voor 'n sekere datum terugstuur. Slegs die studente wie se inskrywings nie in orde is

"Pakketvorm"

Die Stellenbosse student sal soek met reg wonder oor die moontlikheid van registrasie per pos. Die probleem lê egter daarin dat die Stellenbosse kursusse nie in 'n "pakketvorm" bestaan nie, maar redelik vryelik saam-

ASB

Volgens die president van die ASB, mnr. Marthinus van Schalkwyk, is sy organisasie hoofsaaklik kultuur-georiënteerd, maar wil dit ook as "praathuis" dien waarin Afrikaanse studente deur die stel van verskillende standpunte politieke skoling kan ontvang. Afrikaanssprekende studente van enige ras wat die ASB se grondwet aanvaar, kan lede van die ASB word.

By kongresse die afgelope jare het die ASB Apartheid verwerp, aanvaar dat die swart-tuisland beleid misluk het en dat die konsep van 'n wit tuisland ontvlugtingspolitiek is.

Volgens mnr. Van Schalkwyk "rus Stellenbosch op die louere van die verlede" en is dit tans op nasionale studentevlak "n onbeduidende faktor as gevolg van sy selfopgeleide isolasie". Mnr. Van Schalkwyk "betwyfel dit ten sterkste" dat Stellenbosch die mees verligte Afrikanerkampus is.

Uit Stellenbosse kringe op die vergadering was daar twee standpunte. Die een lui dat die ASB se kultuurtaak reeds op Stellenbosch verrig word, terwyl ander gemeen het dat affiliasie by die ASB waardevolle skakeling vir die SR kan bring.

NUSAS

Hoewel NUSAS se organisatoriese struktuur baie met dié van die ASB ooreenstem, is dit ingekleur met 'n politieke beleid wat sterk met dié van die Afrikaanse organisasie verskil. Die grondbeginsels van NUSAS is vervat in die *Universal Declaration of Human Rights*. Jaarliks word die ander beleidstukke hersien deur die NUSAS-kongres. Dit is tot geaffekteerde organisasie verklaar, wat beteken dat NUSAS geen fondse van oorsee mag aanvaar nie.

Volgens mnr. Brendan Barry, president van NUSAS, kan 'n studente-unie in Suid-Afrika homself geensins "skei van die land se politieke krisis nie". NUSAS is sterk gekant teen Apartheid en ondersteun die daarstelling van 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika. Dus is dit

perspektiewe en dinge

riaan smit

SIN throws an aura of impermissibility round many pleasures. In other words, it glamorizes and heightens them, since to forbid or deny any pleasure greatly increases its enjoyability, on both physical and psychological grounds.

*The Aristos
John Fowles*

GROOT woorde dié. Eenvoudiger gestel: Om 'n ding as "sonde" af te skryf reëls daarteen te maak, maak dikwels Verbode Vrugte daarvan. Vasgevang in die erfenis van die Paradys sal Adams en Evas dit pluk net omdat dit Verbode is. Nog meer as hulle nie die sin kan sien in die verbod nie.

Een "verbod" waarvan die sinvolheid bevestigte kan word is die huidige inkomtye in vrouekoshuise. Argumente teen en vir verlengde inkomtye plaas die hele kwessie in perspektief:

Vroeë inkomtye is nodig om vrouestudente te help studeer. Regtig? Beteken die afwesigheid van soortgelyke reëls in manskoshuise dat manstudente nie "gehelp" moet word om te studeer nie? Hierdie argument klink na seksisme. En dis 'n argaise klank.

Vroeë inkomtye is nodig vir vrouestudente se veiligheid. Dit is belangrik dat daar na die veiligheid van vrouestudente omgesien moet word. Ek wil dit nie ontken nie, maar wat van Vrydae en Saterdag? Is hierdie aande veiliger as weksaande?

Baie vrouestudente

se ouers woon ver van die kampus af en kan nie normale ouerlike beheer oor hul dogters uitoefen nie. Die universiteit moet hierdie beheer in 'n mate oorneem en doen dit, onder andere, deur inkomtye vas te stel. Hierdie argument kan nie soos die vorige twee maklik afgemaak word nie. 'n Mens sou verskeie argumente vir en teen hierdie siening kon aanvoer. Dit sou 'n onnodige lang debat tot gevolg hê. Al waarop dit neerkom is 'n kwessie van vertroue tussen ouer en dogter. Die universiteit kan nie deur streng inkomtye 'n kunstmatige vertroue tussen ouer en dogter skep nie.

Daar moet aanvaar word dat vrouestudente volwasse genoeg is om na hulself om te sien.

Dit sal jammer wees indien die universiteitsowerheid dit nie aanvaar nie. Dit blyk nie die geval te wees nie, want die huidige inkomtye is 'n mosie van wantroue in die volwassenheid van Stellenbosch se vrouestudente.

Verslapte inkomtye kan moontlik só lyk:

Ek vind dit moeilik om 20h00 as inkomtyd vir eerstejaar-vroue-

studente te motiveer. Ek verstaan die argument dat eerstejaars in 'n nuwe omgewing is en dat die dissipline wat 20h00 as inkomtyd meebring hulle help om aan te pas. Het eerstejaar manstudente, die wat in die weer-mag was en nie, nie ook aanpassingsprobleme nie? Al ander argument wat aangevoer word is die veiligheid van (eerstejaar-) vrouestudente. Ek meen my argument hierteen is voldoende. Wat van 'n inkomtyd van 22h00 vir eerstejaar-vrouestudente?

Tweede- en derdejaars kan 23h30 of selfs 24h00 in die koshuis wees. Nagraadse studente in vrouekoshuise behoort hul eie voordeursleutels te hê.

Bogenoemde tye geld vir weksaande (Vrydag uitgesluit) met die voorbehoud dat 'n Huiskomitee inkomtye kan wysig om huisvergaderings en ander aktiwiteite te akkommodeer.

Inkomtye kan na weksaande 01h00 behalwe Sondagaande wanneer almal (nagraadse studente uitgesluit) om 24h00 moet inkom.

Laat ons eerlik en reguit met mekaar wees: Die huidige koshuis-inkomtye (en ook die verslapte tye wat ek voorgestel het) te-same met die feit dat kamerbesoeke deur die teenoorgestelde geslag in alle koshuise

taboe is, is daarop gemik om seksuele bedrywighede van studente te kortwiek. So lank as wat daar Bye en Blomme is sal enige vorm van reëls nie hierdie bedrywighede beperk nie. Wat nodig is, is dat studente ingelig word oor die hantering van hul seksualiteit of ten minste weet waar om die inligting te verkry indien hulle dit nodig vind.

* * *

TUKKIES se studentekoerant, *Die Perdeby*, moes hewige kritiek verduur oor 'n onlangse uitgawe. Die ding werk so: 'n Nuwe kanselier moet aangewys word. Die kandidaat is dr. W.L. Grant, 'n akademikus met 'n indrukwekkende Curriculum Vitae en mnr. Alwyn Schlebusch, 'n politikus met 'n ewe indrukwekkende CV. Bygese, dr. Grant het blykbaar "regse simpatieë" en mnr. Schlebusch is 'n (verligte) Nasionalis.


Dr. Grant se kandidatuur word afgemaak in sekere dagblaie in die Transvaal juis omdat hy "regse simpatieë" het en nodeeloos om te sê, mnr. Schlebusch se kandidatuur word veral deur regeringsgesinde koerante onderskryf. Die hele ding het 'n politieke kleur.

Methinks dis hierdie koerante se goeie reg, maar hulle moet dan nie *Die Perdeby* wat in 'n regverdige hoofartikel vir 'n kalm vergelyking van die twee kandidate se bevoegd-hede pleit, striemend kritiseer nie.

Dis sover my simpatie vir *Die Perdeby* strek. Die res van hulle dieptenuusblaie is gewoon pamfletjoernalistiek (sien berig op bladsy 6). Dit maak my simpatie vir hulle baie minder. Dis die plig van enige Afrikaanse studentekoerant om kommentaar-artikels te plaas — ongeag wat die betrokke persoon se politieke oriëntasie is. 'n Studentekoerant dien 'n uiteenlopende studentegemeenskap, nie 'n bepaalde politieke denkstroom nie.

'n Natwaslappie aan die persoon(e) wat sokkies tydens die oriëntasie/oriënteringsweek verbied het. Dit sou eerstejaar-vrouestudente blykbaar "viktimizeer" (!?). Die persone het wel gepleit vir die beoefening van volksdanse. So val die kappies van die wa-

Balance



I wish I was deep
in stead of macho

Oosthuysen pleit vir menslike behandeling van eerstejaarstudente

DIE SP het aan die einde van verlede jaar 'n kommissie aangestel om duidelikheid te verkry oor Stellenbosch se oriëntasie teenoor die meeste studente-organisasies in die land.

Die organisasies wat ondersoek word is die Afrikaanse Studentebond (ASB), national Union of South African Students (NUSAS), Azanian Student Movement (AZASM), Youth Leadership Forum (YLF) en die National Student Federation (NSF).

Die voorsitter van die kommissie is mnr. Phillip Verster. Die kommissie is tans besig met hul ondersoek. Getuienis kan vanaand en môre-aand voor die kommissie afgele word. Die kommissie is in sitting vanaf 18h30.

Die volgende mosie dien voor die SP op 5 Maart. Vergaderings is oop vir alle studente en word normaalweg in die Vroueverenigingsaal gehou. Vergaderings begin om 19h00.

"Dat die SP die volgende verklaring oor die hantering van eerstejaarstudente deur senior studente steun:

1. die SP is gekant teen geestelike en fisiese aftakeling van eerstejaars waardeur senior studente hul meerderwaardigheid op ander wil afdwing

2. die SP glo dat sielkundige verkleining eerder by-

dra tot die eerstejaar se disoriëntering as sy/haar oriëntering t.o.v. die akademiese, huishoudelike en sosiale lewe aan die Universiteit van Stellenbosch

3. die SP glo dat sessies waartydens eerstejaars deur senior studente fisies uitge-

skrikmiddels of dreigemente van 'n geestelike of fisieke aard

6. die SP glo dat eerstejaars op 'n sinvolle, eersame en opbouende wyse teenoor die akademiese- en kampuslewe georiënteer moet word, waardeur senior studente en huiskomitees groter sensitiviteit moet toon vir eerstejaars se besondere behoeftes in hul aanpassingsprobleme

7. en daarom doen die SP 'n eerlike en ernstige beroep op senior studente en huiskomiteede om nou en in die toekoms 'n einde te maak aan

(i) die gebruik van algemeen gebruiklike skeltaal

(ii) die verpligte dra van sekere soorte kleredrag

(iii) die bespotting, verkleining en geestelike aftakeling van eerstejaars

(iv) "inlywingsmetodes" waardeur die liggaam en persoonlike sfeer van eerstejaarstudente aangetas word

(v) praktyke wat eerstejaars van hul besondere identiteit ontnem.

8. die SP glo dat praktyke in punt 7 genoem wel op kampus voorkom en doen 'n beroep op die Universiteitsowerhede om streng op te tree teen studente wat hierdie soort praktyke beoefen en bevorder."

Voorsteller: Annami Oosthuysen.

Uit die
SR
en SP

put word, hoegenaamd nie bydra tot die vorming van 'n meer gebalanseerde of "beter" student nie

4. die SP glo dat argumente ter regverdiging van fisiese en geestelike beheer van eerstejaars, soos 'n beter koshuisgees of die oordra van jarelange tradisies, blote dekmantels is vir senior studente om die manipulasie van eerstejaars te verbloem.

5. die SP glo dat koshuisreëls en -geskiedenis op 'n beskaafde en menslike wyse aan eerstejaars oorgedra kan en móet word, sonder af-

MANNA



No barriers, no masses of matter however enormous, can withstand the powers of the mind; the remotest corners yield; all things succumb; the very heaven, itself, is laid open.

— Marcus Manilius

REFORUM

Moontlikheid vir versoening gebied

"REFORUM moet nie probeer om die lidmate te verwar nie, maar om in die reeds bestaande verwarring vir die lidmate die weg aan te dui." Dit het dr. Willem Nicol op die stigtingsaand van 'n nuwe saamgeselsgroep, Reforum, gesê. Ek sal aantoon dat daar verwarring en probleme is in die NG Kerke en verduidelik wat Reforum se strategie hieromtrent is. Dan sal ek dit van die Broederskring onderskei en punte van kritiek opper.

Geïsoleerd

Die NGK is tans in vier geskeur. Die regering bely sy Christelikheid terwyl daar wêreldwye beskuldigings van rassisme geslinger word. Dit volg dat die Christelike boodskap gedeeltelik in diskrediet gebring is. Die landwye onluste dui op onvrede en ons weet dat swaarder tye nog voorlê. Om alles te kompliseer, staan die NGK ("Moederkerk") geïsoleerd van ander liggamme wat hom sou kon steun. Die Christen is gevolglik verward.

Sake word vererger deur hervormingsgesindes wat hul noodwendig in stram kerkstrukture, wat stadig werk, vasloop. Dit het 123

predikante onlangs uitgevind toe hulle wou sê wat God onder bogenoemde toestande aan hul openbaar het. Christene aan die "konserwatiewe kant" verstaan nie die skerp getuienis van mense soos dr. Allan Boesak en biskop Tutu nie.

Ondanks politieke hoogspanning, etnosentrisme en verdeeldheid wil God sy Kerk gebruik om geregtigheid te dien. Die kerk het al eeue lank die geestelike krag om vir die land deur donker nagte in hoop en liefde te volhard.

By die Kerk kan "Suid-Afrika" persoonlike kerklike en landwye verlossing vind. Dit noem dr. Nicol "God se heil". God het egter kanale nodig waardeur sy heil kan vloei. Reforum voel dat hy een van dié kanale kan wees.

Dit is, soos Reforum se naam aandui, 'n forum. Waar daar aparte kerkvergaderings van die vier NG Kerke is, is Reforum één en oop vir almal. Waar die huidige skeiding onhoudbaar is vir hulle wat "die gemeenskap van die heiliges" bely, streef Reforum na hervorming en (NG) kerkeenheid.

Op die stigtingskongres in Pretoria was daar uiteenlopende uitsprake. Prof. Dawid Bosch van UNISA het dit verwelkom. Reforum wil juis

van die "gewone" tot "reaksionêre" en hervormingsgesindes byeenbring.

Dié forum gaan eersdaags



voort om plaaslike takke (sentrums) landwyd op gang te bring. Gereelde vergaderings, openbare verklarings, nuusbriewe en funksionering van elke sentrum (tak) sal die agenda uitmaak.

Ondanks groot dankbaarheid op die kongres oor Reforum, is probleme uitgelig. So kon dr. Nico Smith nie aan Reforum bestaansreg gee nie. Die BK (Broederskring) streef al lankal die selfde doelstellinge na van geregtigheid, vrede en versoening, het hy gesê. Hy is daarop gewys dat die BK egter reeds 'n etiket van radikalisme dra.

Waar die BK vasbeslote 'n sekere pad loop, is Reforum tolerant na alle kante. Reforum se magsbasis lê tans in die "Moederkerk", terwyl die BK hoofsaaklik lede van die "Dogterkerke" het.

Verskeie kongreslede, waaronder ds. Henry Lederle, het die BK se finale standpuntinname kompliserend gevind. Prof. Bosch het gesê dat Reforum wil hê dat mense 'n pad loop. Wat vir party welbekende temas is, is vir andere vreemd en nuut.

Afstand

In 'n reguit analise het prof. André du Toit gesê dat Reforum nie uit 'n nulpunt begin nie. Die forum se lede se geskiedenis is belangrik, en is 'n goeie aanduiding van wat kom.

So was die sogenaamde Blanke NG-lede die *subjekte* van sending (jeens sg. nie-Blanke wat die objekte was). Die "Moederkerk" was 'n establishment-kerk en nie 'n "arbeiderskerk" nie, het hy gesê.

Daar was altyd 'n afstand tussen die behoeftiges en die weldadige NG Kerk. Selfs die optrede tydens die Armblankevraagstuk was welsyn teenoor hom en nie *met* hom nie, het prof. Du Toit voorts gesê.

Die "Moederkerk" is 'n volkskerk. Volgens die geskiedenis kan die Afrikanervolk nie oop grense hê nie. Ondanks pragmatiese optrede deur hervormingsgesindes in die verlede, kom die vernuwende kragte tans uit die ander NG Kerke, het hy gesê.


Dit is egter so dat Reforum 'n outentieke stem uit die "Moederkerk" is. Daarom het dominee Mettler en D.P. Botha van die Sendingkerk die forum as versoening tussende die botsende NG- en NG-Sendingkerke verwelkom.

Verder lê Reforum se magsbasis waar verandering nodig is. Getuienis deur Christene slaag dikwels; georganiseerde getuienis — van bv. Reforum — kan des te meer slaag. Die Kerk verlaat hom op God vir sukses, maar Hy werk nie met robotte nie. Sy kinders moet wys deur inspanning dat hulle Sy heil wil hê.

Versoening

Lede van veral die vier NG-Kerke is welkom om aan te sluit. Die ledereg is minimaal, met afslag vir studente. Ds. Carel Antonissen is die plaaslike kontakpersoon.

Ek as gereformeerde Christen kan God en liefde nie met verdeeldheid versoen nie. Één Reforum en één NG-Kerk kan rasbewustes wys dat versoening moontlik is én werk. Reforum bied 'n uitdagende moontlikheid hiertoe, en dit verlang jou teenwoordigheid.



"Één Reforum en één NG Kerk kan rasbewustes wys dat versoening moontlik is en werk." Só skryf Faan Herholdt in meegaande artikel oor die stigting van Reforum.

Kan daling van die rand gestuit word?

"RAND val tot nuwe rekord-laagtepunt" is 'n opskrif wat in die laaste maande gereeld in die koerante gesien is. Wat hou die daling van die rand presies in en hoe word die man in die straat daardeur geraak? Om die leek meer helderheid oor hierdie vroeë te gee, plaas *Die Matie* nou 'n artikel van Gerhard Cloete wat in *Die Burger* van 29 Januarie verskyn het in geredigeerde vorm.

Hoekom daal die waarde van die rand? Suid-Afrika se handel met 'n sekere land bring mee dat hy daardie land in sy geldeenheid moet betaal. Aan die ander kant moet lande wat goedere van Suid-Afrika invoer, Suid-Afrika in rand betaal. Invoerdere in die buiteland skep sodoende 'n vraag na die rand, terwyl die Suid-Afrikaanse uitvoerder op sy beurt weer 'n vraag in Suid-Afrika na die betrokke buitelandse geldeenheid skep.

Een van die basiese wette in die ekonomie is dat die wisselwerking tussen vraag en aanbod van enige produk 'n prys vir daardie produk tot stand bring. Die rand se waarde word ook so bepaal.

Die vlak waarteen geldeenhe onderling verruil word, staan as die wisselkoers bekend. Die wisselkoers moet altyd in 'n verhouding teenoor ander geldeenhe gesien word en 'n mens moet altyd bewus wees vanuit watter oogpunt die wisselkoers beskou word.

'n Toename in die waarde of prys van een geldeenheid, wat as appresiasie van 'n geldeenheid bekend staan, beteken outomaties 'n daling, of depressiasie, in die prys van 'n ander geldeenheid.

Wat die afgelope paar maande met die rand gebeur het, is dat die vraag na dollar wêreldwyd toegeneem het. Hierdie vraag het ontstaan omdat mense wêreldwyd reken dat dit vir hulle voordeliger is en sal wees om in Amerika geld te belê en dus dollar te besit.

Dit het 'n borse kringloop veroorsaak, want hoe meer mense besluit het om in dollar te belê, hoe meer het die vraag daarna en die prys gestyg. Dit het natuurlik ten koste van die rand geskied.

Dit is ook nie net die rand wat deurgeloopt het nie, maar ook ander geldeenhe in die wêreld.

Op kort termyn is daar wel maniere om die rand se daling kunsmatig te probeer stuit. Die Reserwebank kan


sake op die lang termyn kan regstel.

Ekonomie meen reeds geruime tyd dat die dollar oorgewaardeer is. Dit beteken dat te veel waarde aan die dollar geheg word. Dié situasie moet weer eens na die wêreld se valutamarkte teruggevoer word.

Die vraag ontstaan nou vir hoe lank en tot op watter vlak die rand kan daal. Dit hang af van hoe lank die wêreld nog gaan glo dat die dollar die beste waarde bied. Amerika se probleem tans is dat hulle geweldige groot brotings- en handelstekorte het.

Om dié tekort reg te stel sal beteken dat rentekoerse in Amerika moet daal, wat die dollar beslis sal laat daal.

Hier moet daarop gelet word dat die vertroue in 'n



land se ekonomie bepaal word deur die opbrengs wat beleggings in daardie land oplewer. Dit word dan weerspieël deur die waarde van sy geldeenheid. Dit is dus hoogs onwaarskynlik dat die wêreld se vertroue in die Suid-Afrikaanse ekonomie só laag sal daal dat die rand niks werd sal wees nie.

Institute for Future Research examines education in S.A.

THE Institute for Future Research recently made a study of education in South Africa. They published a paper on education with which they aim to update the previously published information on education and present educational trends which may be of importance to business. Ms Vergnani and Ms Dostal, who conducted the study, hope that some of the points raised in the publication of the Institute for Future Research will serve as catalyst in stimulating a review of educational structures and procedures and in stimulating awareness that the solutions to South Africa's educational problems may lie outside the conventional thinking and not in providing 'more of the same'.

The continuing unrest among students and pupils and the intensive debates on education following the publication of the De Lange Commission Report have made it clear that education is one of the main determinants of South Africa's future.

Problem areas of education identified by Ms Vergnani and Ms Dostal are as follows:

- The total number of primary and secondary school pupils is expected to increase from approximately 7,6 million in 1983, of which 72 per cent is Black, to at least 11 million by the year 2000, of which 83 per cent (between 9,1 and 9,6 million) is expected to be Black.
- The total number of students is likely to increase by almost 80 per cent from 152 000 in 1980 to 272 000 by the year 2000. The share of Black students is likely to increase from 12 per cent in 1980 to 24 per cent by the year 2000.
- Despite considerable past and likely future improvements in the high school and university enrolment ratios, some backlogs in the educational levels of the Coloureds and Blacks relative to the Whites — especially, at university level — are likely to remain.
- In order to achieve parity in education by the year 2000, a drastic reallocation of general government expenditure will be necessary (from 3,4 per cent of the GDP in 1979/80 to approximately 10,5

- per cent by the year 2000 assuming an average GDP growth of 3,5 per cent per annum).
- In order to reach parity with Whites, (i.e. pupil/teacher ratio of 20:1), the number of Black teachers will have to increase from 102 000 in 1980 to 450 000 by the year 2000 — this is an annual increase of 17 400 Black teachers.
- Total enrolment growth at technicons and technical colleges and institutes has averaged less than 1,5 per cent per annum since 1970. The role played by technical and skills training will have to increase drastically in the future and it will have to form an integral part of the formal and non-formal systems of education.
- Formal education cannot provide all the developmental and educational needs of the country. There is, therefore, a great need for non-formal education on a basic and compensatory level and this is likely to increase in the future.
- While lack of education causes apathy and serves as an 'artificial political stabiliser', the inferior quality of Black education leads to disadvantage.

(Cont. on page 14)

'n VURIGE Nasionale Party-ondersteuner en bewonderaar van die effektiewe Suid-Afrikaanse Polisie vertel my verlede week hoe vier dinge wat op die oog af niks met mekaar te doen het nie, hom vreeslik ontstel het... en toe tot heel nuwe insigte gebring het. Hy het naamlik Maandagoggend 'n rumour gehoor, Maandagaand 'n fliek gesien, Dinsdagoggend *Die Burger* gelees en Dinsdagmiddag laat 'n artikel in die *South African Outlook* gelees.

Met hierdie verklaring vir sy verwarring het hy my natuurlik ook deurmekaar gemaak en hy moes verduidelik:

Nee, Maandagoggend (dis nou die 18e) vra iemand in die Neelsie hom of hy gehoor het daar is weer opstande by Kruispad. Een of ander studentevereniging wou blykbaar na Kruispad gaan kyk, maar toe hulle die Polisie bel net om seker te maak dat alles veilig is, moes hulle hoor, "Nee, o G... jong, geen sightseeing vandag nie. Die spul swartes is weer moeilik hier." Op die vraag of die situasie ernstig was, was die antwoord, "Ag nee wat, my manne is reeds fluks aan die skiet. Ons het al 'n stuk of 20 ge... eh... jy verstaan mos. Bel maar so môre se kant, dan is alles weer so stil soos 'n graf hier."

Dis nou hierdie rumour wat hom so ontstel het. Hy het nou wel nie saamgestem met die radical wat by hulle gesit het en gesê het die d... polisie dink elke betoging is 'n bléddie jagtog nie, maar hy kon darem ook voel iets was nie heeltemal "reg" nie.

Dinsdagoggend lees hy toe *Die Burger* en hy is seker die artikels in *Die Burger* sou hom gerugstelt het, as dit nie was vir die film wat hy die vorige aand gesien het nie. Maar wat presies, wou ek weet, was so gerugstelt

Oor rubberkoeëls, Nazi's en ander ondermynende dinge

lend in *Die Burger*?

"Nee, sommer al klaar die opskrifte." Hy haal die koe-rant uit sy sak en wys my: Hy was bv. verlig om te sien dat net vyf mense en nie twintig nie, doodgeskiet is. Die opskrif "Plakkers sal nie nou verhuis" het hom verder gerugstelt. En as 'n mens lees van die "voorvalle waarin met vuurwapens uit die oproerige skare na polisie-manne geskiet is" was dit tog duidelik dat die oproerige swartes vir die geweld verantwoordelik was en die polisie bloot verdedig het, ja heelwaarskynlik ook hulle lewens gewaag het soos die dapper mnr. Besuierhoud, hy bedoel Bezuidenhoud.

Maar as *Die Burger* reg was en die polisieman nie geweet het waarvan hy (mag) praat nie, waarom is hy dan so verward, en wat is die nuwe insigte waartoe hy gekom het?

Die film, herinner hy my. Maandagaand het hulle by die filmvereniging *Die Blechtrommel* gewys, en die film speel af in die Nazi-tyd en dié het hom herinner aan die verskuiwing en die uitmoring van die Jode. En Maandagaand, net toe hy 'n bietjie beter voel omdat dit nie so erg is soos die polisieman dit gemaak het nie (dis nou na hy die hoofberig gelees het), toe kom hy op 'n vreeslike sin in *Die Burger* berig af. Die sin is oor Dr. Viljoen wat sê "die regering skenk dringende aandag aan die ordelike verstedeliking." Veral die twee woorde "ordelike verstedeliking" het hom skielik daaraan laat dink

hoe Hitler die uitmoring van die Jode met mooi woorde soos "Umsiedlung" verdoesel het.

Dis toe dat hy nie meer geweet het wat hy kan glo nie. Hy het begin wonder of die polisieman nie tog die waarheid gepraat het toe hy vertel het hoe lustig hulle manne skiet nie en nog iets oor die skietery: rubberkoeëls klink altyd so onskaa-

is dood as gevolg van rubberkoeëls?

Mnr. Bezuidenhoud se helftafge oprede byvoorbeeld. Hy waag kamtig sy

nou sou kon wees.

Dis toe dat hy my die uit-gawe van die *South African Outlook* onder die neus druk en met 'n; "Of wil jy ook maar later sê jy het van niks geweet nie?" die volgende toe hardop aan my voorlees: "The South African government's policy of forced removals has meant that in the past 25 years one in ten Africans have been

met ander woorde

lewe om die Kruispadlei-ers te gaan soek en los vir hulle notas terwyl hy weet die eintlike Kruispadlei-ers sit in die tronk.

En as *Die Burger* een ding

faced by individuals and communities during the course of removal. Nor do they convey the extent of struggles fought by communities against their planned removal."

Weet jy nou wat my nuwe insigte is? wou hy weet. Ons het 'n Nazi-regering. En dan is die hoof van hierdie regering nog kanselier van die Universiteit!

Ek moet sê dat ek op hierdie stadium bekommerd begin raak het. Ek het hom ook gewaarsku om sy woorde te tel. Vir sulke uitsprake beland mens in die tronk! Aan die ander kant het ek myself gerugstelt: Suid-Afrika is tog 'n demokrasie, ons het vryheid van menings-uting, en as my vriend die dinge so sien, kan hy dit seker sê ook.

dat hy die fout in sy nuwe insigte ontdek het.

Hy het alles weer goed oordink op dringende aanbeveling van sekere mense. Eers kon hy nie die fout vind nie, maar dieselfde mense het aan hom gesê as hulle hy was sou hulle aanhou soek tot hulle die fout vind.

Dis toe dat hy besluit het om sy dominee te gaan sien, 'n man met baie lewenservaring wat ook goed vertrouwd is met die ondermynende elemente teen Suid-Afrika.

Hy het die dominee die hele storie vertel en bygevoeg dat hy self wonder of dit miskien moontlik is dat die agitators wat agter die Kruispadonluste sit. (Dit is nou die "Instansies wat die regering kwaadgesind is" waarvan hy in *Die Burger* gelees het) nie miskien ook verantwoordelik is vir die vertoning van die film wat hom so verwar het nie. Die dominee het gesê dat die moontlikheid glad nie ver-gesog is nie, en het verder aan hom verduidelik dat die *South African Outlook* 'n kommunistiese tydskrif is waarteen 'n mens moet waak. Maar die verrassendste was: die finale oplossing het hy en die dominee saam op die eerste voorblad van *Die Burger* gekry. (Hier het my vriend 'n oomblik gehuiwer, en toe half onwillig, half ongemaklik bygevoeg dat dit eintlik die dominee was wat die oplossing in die vorm van 'n berig eerste raakgesien het.)

Regs bo, baie duidelik het die opskrif gestaan wat duidelik wys (My seun, hoe kon jy dit mis gekyk het?) dat daar weer 'n wêreldwye aanslag teen die land aan die gang was, en dat ons almal nou sterk moet staan en ons nie moet laat mislei nie. My vriend het nog steeds die voorblad met hom saamge-dra en het my gewys: Daar heel, heel, regs op die bladsy het dit gestaan. Wit op swart: "Duistere planne" (selfs "teen Zola."

VAN DIE ERGSTE SEDERT 1976

Vyf sterf in geweld in Kruispad

Deur DU PREEZ MARTINS en ANTHONY PENDERIS

VYF swartmense het gesterf, 33 swartes is ernstig beseer en minstens 60 is lig beseer in een van die ergste voorvalle van geweldsedert 1976 in die Kruispad-plaakkamp buite Kaapstad.

Amptenaar waag lewe vir gesprek

Sedert 1 000 swartes het gesterf in die middel van die vorige eeu deur by Kruispadweg naby die plaakkamp aan Kaapstad, is minstens 30 polisiemense in polisie-voertuie ge-



JACO MALAN, 'n BA-student in sy derde jaar, het hierdie artikel geskryf. Die rubriek Met Ander Woorde is oop vir alle vryskutskrywers.

delik en petrolbomme so terroristies, maar hoekom sterf niemand van petrolbomme nie, maar 20 mense

wanvoorstel, hoe weet hy dat daar nie dalk ander vreeslike dinge is wat verswyg word nie?

Na hierdie uitbarsting was dit vir my duidelik dat my vriend in 'n ideologiese krisis was en ek het versigtig gevra wat sulke "vreeslike dinge"

moved into bantustans. If the policy is ever completed, one in five Africans will have been moved into these areas.

"Statistics such as these may be shocking. But they cannot convey the human suffering and the financial loss and impoverishment

Tog is ek bly, en verlig dat my storie 'n "happy ending" kan hê. My vriend se insigte was van verbygaande aard. Vrydagoggend sien ek hom in die Neelsie, waar hy sit en *Burger* lees en hy roep my amper verleë nader. Amper te oortuigend vertel hy my

Education

(Cont'd from p. 13)

tages in the job situation and consequently to frustration and possibly radicalisation (Schlemmer, 1983).

- Malnutrition adversely affects learning ability. Disadvantages of malnourished children can range from lack of motivation and apathy to more or less serious brain damage.
- Various studies point to the large scale prevalence of so-called 'secondary retardation' among children in developing societies. This results in an impairment of cognitive skills and unless these are improved, they cannot benefit fully from either education or training.
- Many traditional societies are characterised by a belief in the superior knowledge and judgement of authorities. In a modern society which is characterised by rapid change, flexibility and relativism and where success and even survival depend on the ability to adapt to changing environmental conditions, a rigid authoritarian attitude is a stumbling block.
- The dominant paradigm of South African education is outdated, culturally biased and detrimental to improving inter-group relations.

Educational reforms which ignore wider issues such as for example population growth, scientific and technological advances, pover-

ty, urbanisation, people's values and manpower developments amongst others, may not only render education ineffective but may actually cause new problems in other areas.

Seen within the broader context of a rapidly changing, dynamic socio-economic system, one of the most important issues which South Africa's educational system is likely to be confronted with are the reducing of inequalities in education.

As has been pointed out previously, the less privileged groups accord high priority to education. This is not likely to change in future. However, the arithmetics of growing pupil numbers, teacher shortages and financial requirements do not give rise to the hope that the demands for equalising education can be met within the next two decades. It seems unlikely that even large investments in the traditional educational system could significantly improve the present unsatisfactory situation, especially since the shortages of skilled labour in the economy at large are likely to leave the teacher's training colleges unable to compete for the best qualified professionals.

In the past much hope has been placed on education and its effect on job creation and socio-economic development in the Third World. However, during the last 10 years 'the mood has swung from the almost euphoric conception of education as the Great Equalizer to that of education as the Great Sieve that sorts and certifies people for their (predetermined) slot in society'.

(Simmons, 1980:8) 'Because of the growing gap be-

tween the number of school-leavers and the job opportunities for a given educational level, the income and status benefits of education have fallen. Far from promoting equal employment opportunities, the educational system tends to reproduce the inequalities found in society' (Clignet, 1980). Blaug even suggests that a policy of not expanding education, and assuming the freed capital would be used for the direct creation of jobs, may at times, be a more effective way of reducing poverty and unemployment (Blaug, 1980).

The main causes of the failure of the educational system to achieve the desired socio-economic advance are probably the high population growth and the high drop-out rate, which in turn is caused by an inefficient educational system and factors associated with low socio-economic development such as malnutrition and secondary retardation, amongst others.

As was pointed out previously, the high population growth rate and hence the fast growth in pupil numbers implies that an equally high growth rate in the provision of resources is required to maintain existing standards, while an improvement in standards requires a rate of growth above that of the growth in pupil numbers. Thus, much of the increase in educational expenditure in Third World situations is absorbed by fast growing school populations.

The high drop-out rates imply that relatively few pupils reach high enough educational levels where their skills contribute significantly to the socio-economic uplift-

ment of themselves and their society. Most educational investments in Third World situations seemed to have resulted in educating large numbers of people to become semi-literates, who — from an economic point of view — are probably only marginally more effective in advancing socio-economic development than illiterates.

It seems that educational inequalities can only be removed by redesigning the structure of the educational system of all groups in South Africa. The potential of information technologies provides ideal opportunities for formal and non-formal education on a vast scale, inside and outside the physical structures of schools, universities and training colleges. Much of the development of the necessary hard and software can be left to a private sector learning industry, as long as an official educational body is involved in guiding the quality of such course materials. The development of educational software is one of the most promising business opportunities of the future. Educational software can also be an important export article especially to developing countries.

Whatever success is achieved in reducing the educational gap, it is unlikely that it will be fully recognised as such until there is an integrated educational system and until there are at least some schools in each area which are open to all ethnic groups.

Other such issues identified in the report are the improving of the effectiveness of education, the coordinating of educational planning and manpower development and education for a rapidly changing world.

ment of themselves and their society. Most educational investments in Third World situations seemed to have resulted in educating large numbers of people to become semi-literates, who — from an economic point of view — are probably only marginally more effective in advancing socio-economic development than illiterates.

It seems that educational inequalities can only be removed by redesigning the structure of the educational system of all groups in South Africa. The potential of information technologies provides ideal opportunities for formal and non-formal education on a vast scale, inside and outside the physical structures of schools, universities and training colleges. Much of the development of the necessary hard and software can be left to a private sector learning industry, as long as an official educational body is involved in guiding the quality of such course materials. The development of educational software is one of the most promising business opportunities of the future. Educational software can also be an important export article especially to developing countries.

Whatever success is achieved in reducing the educational gap, it is unlikely that it will be fully recognised as such until there is an integrated educational system and until there are at least some schools in each area which are open to all ethnic groups.

Other such issues identified in the report are the improving of the effectiveness of education, the coordinating of educational planning and manpower development and education for a rapidly changing world.

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) OUDITEURE LEERKONTRAKTE EN VAKANSIEWERK

Doen u praktiese ondervinding op by 'n firma wat die opleiding van sy personeel as een van sy voorste prioriteite stel.

- 'n Landwyd-gekoördineerde indiensopleidingsprogram
- Praktiese onderrig in gevorderde oudittegnieke — rekenaaroudits — statistiese metodes
- Bystand met universiteitstudies
- Vordering volgens meriete
- Mededingende salarisse en byvoordele

VAKATURES BY: KAAPSTAD-, BELLVILLE-, STELLENBOSCH-, PAARL- EN GEORGE-KANTORE.

Indien u belangstel, voltooi asseblief onderstaande:

Naam:

Adres:

.....

Pos aan: Die Personeelvennoot, Theron van der Poel, Posbus 2799, Kaapstad 8000

Potjiekos en gholf by PRG


DIE oud-skoliere unie van die Paul Roos Gimnasium hou op 9 Maart 1985 'n gholfdag op Stellenbosch se gholfbaan.

'n Vierballyfer, asook 'n samespelkompetisie, met groot pryse, sal aangebied word. Die inskrywingsgeld is R30 per speler.

Ontbyt en middagete sal by die baan beskikbaar wees, en akkommodasie kan ook vir besoekers gereël word.

'n Dans, waarby alle oud-skoliere welkom is, word vir die aand beplan en potjiekos sal teen R5 per bord te koop aangebied word.

Vir verdere inligting kan mev. H. van Wyk by tel. 02231-70077 of 70017 (gedurende skoolure) of 72097 (na ure) geskakel word.



Vir wie sal ons nou glo? Fiets deur Raleigh, biblioteek deur Oom Kosie, bordjie deur Kampusbeheer en die fietsrak deur Instandhouding. En wie sal ons kan sê wie eerste was; die hoender of die eier?

Medics hou trapkardag

DIE Tygerbergkampus is volgende Saterdag die toneel van 'n program wat 'n trap-

karwedren en 'n motorskou insluit.

Behalwe 'n klompie veteraanmotors, sal 'n hele paar baie moderne motors uitgestal word, onder andere die enigste 1985-model Lotus Elite in Suid-Afrika en 'n Lamborghini Japla ter waarde van R80 000. 'n Unieke straalangedrewe vliegtuig sal aan 'n vertoning van radiobehoorde vliegtuie deelneem.

Daar sal deur die dag braai-vleis en ander verversings beskikbaar wees en 'n disko sal tot laatnag die nodige ritme vir 'n sokkie verskaf.

Mej. Tyger-Med, wat uit verteenwoordigers van verskeie Kaapse kampusse gekies sal word, sal R200 en 'n paar geskenkbewyse wen.

Tokkelok sterf in botsing

MNR. H.T. (Henry) Wickens, 'n tweedejaar tokkelokstudent aan die Universiteit van Stellenbosch, is Woensdagoggend 20 Februarie in die Groote Schuur-Hospitaal oorlede na 'n motorbotsing die vorige Saterdag.

Die motor waarin mnr. Wickens, sy vrou Martie en hulle dogtertjie Sonia gery het, is op die kruising van Ryneveldstraat en Banhoekweg deur 'n ander motor getref. Mnr. Wickens is met ernstige besering na die intensiewe sorgeneheid van Groote Schuur geneem waar hy nooit sy bewussens herwin het nie. Sy vrou en dogtertjie is behandel vir minder ernstige beserings en skok.

Mnr. Wickens, wat vroeër in Postmasburg gewerk het, het hom aan die begin van 1984 as 'n BA Admissie-student by Stellenbosch ingeskryf. Hy is in Upington, waar sy ouers woon, begrawe.

doen deur: Pieter van Zyl, Kamer 28 Simonsberg Tel. 5104 voor 6 Maart 1985.

Program

'n VOORLOPIGE program vir die dag sien as volg daaruit:

- 10h00: Mnr. Hendrik Schoeman, minister van Verwoerwese, land met 'n helikopter
- 10h30: Valskermvertoning
- 11h00: Radiobehoorde vliegtuie
- 12h00: Trompoppies
- 12h30: Amptelike opening (Mnr. Schoeman). Begin van trapkarwedren
- 13h30: Modeparade
- 14h30: Mej. Tyger-Med-finaliste gekies
- 15h30: Radiobehoorde motorwedren
- 16h30: Radiobehoorde vliegtuie
- 18h30: Kaas-en-wyn-onthaal Vanaf 12h00: Disko en Sokkie

Mej. Met '83 oorlede

LESLEY-ANN BAYLY, a third year Graphic Design

student of the University of Stellenbosch, was killed in a car accident last Friday night.

According to Mr Victor Honey, acting professor of the Department of Creative Art, Ms Bayly was a "quiet, but exceptionally pleasant student who was committed to her course". He said that she was particularly positive about this year's studies.

Ms Bayly who was chosen as Simonsberg's Miss Met in 1983, was on her way to visit a friend in Saldanha when the accident happened. Her parents, Mr and Mrs P.N. Bayly, live in Johannesburg.



Ms Bayly

Carnival fête creates a jovial atmosphere

THOSE with a sense of adventure, love of food or just curious, entered into the jovial atmosphere of the fête held on Friday, 15 February, on the lawn between Nerina and Heemstede.

One competition followed another — boat races (better known as down-downs), tug-of-war and "Spankaskenades" (an inter-residence competition to ascertain which residence is fed the least, i.e. who can squash the most people into a car).

The Delheim "druiwetrap" competition (you guessed it — who can produce the most grape juice by stamping on grapes!) was hailed the most fun. When taking the prize into consideration — a case of Delheim wine — all ideas of wastage vanished and all were keen to take part.

Despite the fierce competition, the atmosphere was very relaxed. A miniature Bakoven, Portefino, Juicy Lucy etc. sold food and beverages. Radio Matie provided music and surfing gear

displayed by Natural Energy and Bic Marine provided something to drool over.


The most successful competitors proved to be the Military Academy and Huis de Villiers, followed by Eendrag and Lydia and then Hombré and Sonop.

SIMONSBERG se 30-jarige reünie word vanaf 22 tot 24 Maart gehou. Belangstellendes kan hulle inskrywings

Winmore

The Factory Shop where the whole family dresses for less and only the quality beats the price!

Ons hou damesklere, mansklere, damesskoene, mansskoene en linneware aan.



MENS ADIDAS RUNNING SHOES R16 pr	MENS ADIDAS RUGBY BOOTS R15 pr	MENS CAMBRIDGE SHORTSLEEVE SPORTS SHIRTS R5 ea	MANS KORTMOU SWEETPAKKE R10 elk	MANS MONATIC SPORT BAADJIES R60 elk
DAMES INDIESE ROKKE R10 elk	LADIES SUMMER DRESSES ASSORTED STYLES ALL TO CLEAR R10 ea	DAMES BLOESE R5 elk	ALLE DAMES ROMPE R5 elk	LADIES LEOTARDS TO CLEAR R5 ea

Ons is regoor die Coetzenburg Hotel in die nuwe Drosdysentrum Kom gou om teleurstellings te voorkom

Maklik om te praat: waarom altyd net snedige kritiek?

BERNARD LE ROUX skryf:

ONS het die ander aand gaan eet by 'n plekkie in die dorp en toe ons die meisie wat ons bedien het vra hoekom dit so stil is (ons was al mense daar) vertel sy iets wat my laat dink oor mense . . .

Iemand het in *Die Matie* geskryf oor die eetplek. Oor hoe sleg die kos is en oor die dekor, sommer baie persoonlik geraak ook. Sy wys ons toe die betrokke uitgewer en van al die eet- en drinkplekke het omtrent net die Akker 'n goeie verslag gekry. Dit laat my toe wonder oor die persoon wat die artikel geskryf het en ander soos hy op Stellenbosch. Dit moet moeilik wees om in so 'n agterlike dorp te woon waar die restaurante so swak is en waar meeste mense sulke squares is en dit altyd so warm is (dis nou as die wind nie so erg waai nie) en waar jy nie eers mag doen waarvoor jy luskry nie. Dis hulle wat, as hulle 'n *doughnut* koop net die gat raak-sien. Sulke mense moet net 'n rukkie in die Transvaal gaan woon!

Sommige mense eien hulself die reg toe om alles af te kraak asof hulle op alle gebiede kenners is. Wat my altyd fassineer is dat dit die somtotaal van hulle bydrae is. Daar is nooit 'n voorstel of 'n opbouwende idee nie, net altyd snedige kritiek.

Hier sit ek en skryf oor ander mense asof ek self nog nooit iets oor iemand anders gesê het nie. Dis iets wat al so 'n deel is van ons manier van dink en al probeer jy tot jy blou in die gesig is dink jy nog altyd in terme van dié pleb of dááí nerd. As hierdie

land nie so vol probleme was nie dan het sommige van ons niks gehad om oor te praat nie, wat my by 'n ander punt uitbring.

Dis maklik om te skreeu oor wat PW nou al weer doen en hoe onregverdig en naar die polisie is. Gee aan almal dieselfde geleentheid, skryf ons. Behandel almal ten minste net soos mense, sê ons op vergaderings. By die huis is sy nog altyd maar bediende en hy hoort mos in die tuin, hulle is tog nie regtig soos ons nie. Jy dink nie eers daaroor nie, net soos jy nie dink oor osse wat in 'n land ploeg nie.

Ek dink dit word tyd dat ons onself afvra of ons net "liberaal" is omdat dit mode is of omdat dit werklik is waarin ons glo. Dit het tyd geword om 'n bietjie na jouself te kyk voordat jy oor ander praat. Ek besef dis hoë ons grootgemaak is en hoe ons op skool geleer het en dat dit al deel van ons is, maar ons behoort minder oor ander te praat en vir 'n slag self iets te doen. As ek praat wat doen ekself oor die situasie waaroor ek so sterk voel? Hoe tree ek op teenoor hulle wat meeste ander mense as tweedeklas beskou?

Nou is daar seker baie mense wat tot hier gelees het en sal sê: "Ja, dis goed, ruk hulle in die bek, hulle het gans te veel te sê, altyd besig om politiek te praat." Ek dink dis soms beter om net die negatiewe raak te sien as om hoegaanend niks te sien nie, net alles te glo wat jou lektor sê, wat die TV sê, wat die dominee sê en net Nasionaal te stem omdat Pappie dit nog altyd gedoen het.

Swot klaar, gaan werk, trou, verdien jou geld, dis mos wat belangrik is, nie hoë mense in hierdie land lewe (of nie lewe) nie. Plaas jouself net vir 'n dag in sy skoene en kyk of jy nog so apaties sal wees.

Wat probeer ek eintlik sê? Net dat 'n mens soms dinge opsy moet sit en 'n entjie terug staan om na jouself te kyk. Of jy nou lui is of hard swot en of jy square of progressief is, vra net hoekom jy doen wat jy doen en dink soos jy dink. En as jy nie dink nie, vir jouself te vra of dit nie tyd is dat jy jou oë oopmaak vir wat om jou aan-gaan nie.

As jy besluit jy's oraait en jy het die tyd om te praat en te dink oor mense met 'n ander kleur vel as jy nie, moenie *worry* nie, daar is baie ander mense wat net soos jy voel, ja, sommer hier in Stellenbosch. En as jy dink jy behoort maar aan te hou kla en afbreek, wees bly dat jy een van die weinig perfektes hier is. En as jy besef dat jy eers na jouself moet kyk en eers dan na ander, gaan dit wat jy sien dalk moeilik wees om te aanvaar — maar dis dalk 'n goeie beginpunt.

Regstelling

C.J. KNOETZE, Lid vir Reklame, Staatmakers, skryf:

Hiermee wil ek onder u aandag bring dat in *Die Matie* van Donderdag 25 Oktober 1984, die vanne van twee van die bestuurslede foutief weergegee is.

Ons sal dit waardeer indien dit reggestel sal word.

Die name is aangegee as Alwyn Louw en Ansie Human. Dit moet Alwyn Vermeulen en Ansie Hamman wees.

Die volledige bestuur is: Alwyn Vermeulen (voorsitter), Engela Steynberg (sekretaresse), Herman van Lill (tesourier), Roland Thompson en Ansie Hamman (adisionele lede). — Red.



Briewe

DIE briewe vir publikasie moet gerig word aan: Die Redakteur, Briewe, Die Matie, Langenhoven-studentesentrum, Stellenbosch 7600.

Briewe moet asseblief so bondig moontlik wees en moet die naam, die adres en die handtekening van die skrywer bevat, selfs al word 'n skuilnaam gebruik. Die identiteit van die skrywer in laasgenoemde geval word streng geheim gehou.

So ver as moontlik moet briewe getik word in 'n kolom van 65 mm.

Alle briewe wat ontvang word sal óf gepubliseer óf erken word.

Juffrou weet u wat gebeur as . . .

SUPER SUID-AFRIKANER, skryf:

Juffrou, weet u, wie oudit 'n ouditeur se boeke hoekom daar 4 boeke in F.A. Venter se trilogie is — wat die antwoord vir die volgende vraag is: 7 baasverkenners sit agter 'n ringmuur, 'n Buitestaander loop verby en skree: "Harmonica"! Hoeveel baasverkenners gryp hom, slaan sy oë toe, stort hom en kyk na sy nat T-hempie? Geen!

U sien, hulle is eentalig, ek kan nie glo dat 'n presidentsverkenner kan skryf dat dit in goeie gees is om instansies se besittings te neem nie

hoekom mense skaam is vir die organisasies waaraan hulle behoort

hoekom organisasies nie ontbind sodra hulle hul funksie verloor

dosente nie vroe in klas-tyd wil beantwoord nie hoe naby aan volmaak die wiskundiges se aannames moet wees om die pendelaars weer veilig tuis te bring uit die ruimte

hoe goed 'n persoon ons situasie opsom as hy sê dat partye nie die horlosie moet probeer terugdraai na 1948 of 2000 nie

dat baie studenteiers funksionele lyers is wat gebeur as jy 100 begaafde mense in een koshuis bymekaar gooi?

Niks! dalk wat gebeur met die K.G.B. se Argus — of verskyn by eers die dag daarna hoe heerlik dit sou gewees het om 'n landelike parkeerterrein bo-op die K.G.B. te hê vir studente eksklusief (eerstejaars inklusief)

wat die sielkundige/ekonomiese effek van 4 maande aaneenlopende grensdiens op mense gaan wees

dat u nie moet vergeet dat die oorgelewerde waarheid nie noodwendig u waarheid is nie

hoor, hoor! (hoe val die kappies van die wa af — 'n ou weermaggesegde)

dat die lewe toe nie 'n speletjie is nie?

GERRIT DE VOS, Langenhovenstraat 8, Stellenbosch, skryf:

Die verhaal van die Britse soldaat met die afkop is toe al die tyd nie fiksie nie! Daar-die afkop-ruiter leef nog gesond en aktief in die Stellenbosse studentepolitiek. Nie meer Engels nie en ook nie meer so grusaam nie, maar ewe onstellig nog!

Die onlangse "onthullings" van Ruiterwag-bedrywighede het nie werklik as 'n verrassing gekom nie. Verlede jaar in die Studenteparlement is daar al ernstige vrae gevra oor die bedrywighede van die RW en soortgelyke organisasies. Die reaksie daarop was so 'n doodse stilte dat SP-lede gewonder het of hulle nie dalk spoke rondjag nie.

Seker onsportief van my, maar ek kan die versoeking eenvoudig nie weerstaan nie. . . . Whé!!!

Wilgenhof blamed for spoiling Carnival fun

GAVIN FISH, Helse-hoogte, writes:

So another Carnival passes — mass participation maximal enjoyment, minimal sleep and we hope a large amount of money raised towards Uskor's work. There are, no doubt, many happy memories but not for all! Some are forced to remember the pathetically juvenile and totally destructive actions of a group of students outside Wilgenhof.

Throwing packets filled with muddy water and who knows what else at passing floats verges on idiocy. The Helsehoogte float seemed to receive special treatment. One student had valuable antique glasses smashed in his face. He was taken to hospital and was lucky to come out with only a headache. Another girl was all but knocked from the roof of the float. Our musical

equipment was soaked and could not be used further. One of the speakers at least is still not working properly. When one student pointed out that another was being rushed to hospital, he was jeered to silence and soaked repeatedly.

Just what is going on? We are a privileged three percent of the population thoroughly enjoying a God-given day of fun and giving and yet we are subjected annually to warped "studentepret" of an ugly minority. It is really very saddening. God offers us an alternative lifestyle. One of life in abundance and consideration for others. I wish we could all understand this in a more personal way.

Wilgenhof, I challenge you to ensure that the students in front of your residence are throwing money and not water at Carnival next year.

Afkop-ruiter is deel van S'bosch studentepolitiek

GERRIT DE VOS, Langenhovenstraat 8, Stellenbosch, skryf:

Die verhaal van die Britse soldaat met die afkop is toe al die tyd nie fiksie nie! Daar-die afkop-ruiter leef nog gesond en aktief in die Stellenbosse studentepolitiek. Nie meer Engels nie en ook nie meer so grusaam nie, maar ewe onstellig nog!

Die onlangse "onthullings" van Ruiterwag-bedrywighede het nie werklik as 'n verrassing gekom nie. Verlede jaar in die Studenteparlement is daar al ernstige vrae gevra oor die bedrywighede van die RW en soortgelyke organisasies. Die reaksie daarop was so 'n doodse stilte dat SP-lede gewonder het of hulle nie dalk spoke rondjag nie.

Seker onsportief van my, maar ek kan die versoeking eenvoudig nie weerstaan nie. . . . Whé!!!

Daar is op die aarde niks verkeerd met 'n kultuurorganisasie nie. Die Afrikanerkultuur waarin ek glo het selfs 'n paar dinamiese werkers nodig. My Afrikanerkultuur is egter sterk genoeg om homself te handhaaf sonder agteraf-organisasies en sy leiers is sterk genoeg om bloot op grond van meriete uitvoerende poste te bekom.

Verskoon die aanhaling, Derek (de Villiers), maar dit het vir my ook "'n kwade dag in die geskiedenis" van ons Afrikanerkultuur geword as sy leiers moet gesigloos bly.

Of die RW steun verwag van 'n kultuureenheid wat in sy (die RW) se aanstelling as leiers geen seggenskap het nie weet ek nie. Wat ek wel weet is dat die studente van Stellenbosch nie durf toelaat dat 'n enkele geheime organisasie beheer oorneem van

die demokraties-verkose verteenwoordigende liggaam nie.

Daarom doen ek dan nou 'n beroep op elke Studenteraadslid individueel om te verklaar dat:

• Hulle geen organisasie se belange hoër sal ag as die van die studente wat hulle verteenwoordig nie,

• nooit hul vertrouenswaardige posisie as SR-lede sal gebruik om enige drukgroep of organisasie se beleid of werk behalwe die van die Studente-unie deur hul amp te bevorder nie, en

• dat hulle sal onderneem om onverwyld uit hul poste te bedank indien hulle nie bg. voorwaardes kan aanvaar nie.

Met so 'n onderneming as basis sou mens selfs die afkoppe in hul leiding met ruk kon laat . . . (Of is dit notlyding?)

Die menings deur brieffskrywers uitgespreek word nie noodwendig deur redaksielede onderskryf nie. Die redaksie aanvaar geen verantwoordelikheid vir brieffskrywers se menings nie. Briewe moet onderteken word selfs al gebruik u 'n skuilnaam. Briewe onder skrywers se eie name geniet voorkeur. — Red.

Die SR-voorsitter, Le Roux van der Westhuizen, se adres en telefoonnommer word nie in die Matiedagboek aangegee nie. Sy adres is: Van der Bylstraat 11, Stellenbosch. Tel. 76826.

Raak u Verloof?

lees dan verder . . .

Die besluit om verloof te raak is een van die belangrikstes in u lewe . . . die keuse van die regte verloofring byna net so. Gelukkig is daar 'n diamantdeskundige op wie u kan vertrou en u met raad en hulp sal bystaan.

Spectra Diamante is 'n diamantsaak met eie goudsmewerke wat diamante en monterings teen groothandelprijs direk aan die publiek verskaf. Besparings van tot 50% is moontlik op kleinhandel pryse.

Daar is 'n groot verskeidenheid verloofringe sowel as los diamante en monterings om van te kies.

Elke diamantring word verskaf met 'n volledige graderings-an-waardasie sertifikaat . . . u waarborg van egtheid en gehalte.

Kom gesels met Jimmy Taylor, hy sal u help om diamante te verstaan en om die beste keuse binne u begroting te maak. Of, skryf vir ons gratis brosjure; "Kies 'n Diamant".

SPECTRA DIAMANTE

Sabelsentrum Nr 7
H/v Voortrekker & Durbanweg
Bellville Tel 97 5552



A letter to the press

N.O. MONICKER writes:

Usually I do not write any letters to the press, and for very good reasons at that. Not only is it a practice petty and childish, abhorrent to the prudent and the faint of heart. It is also due to my general lack of character, backbone and my lack of anything meaningful to say. In fact, most readers should thank their stars for this wise abstinence of mine.

But under the present circumstances, though (and you'll concede, sir, that never, never have circumstances been close to what they are now) — I have, after due deliberation and much thought, felt that I have absolutely no other option to me but to go ahead and — just for once — do so.

AANSOEKE INGEGWAG STELLENBOSSE STUDENT

DIE *Stellenbosse Student*, jaarblad van die Universiteit, verskyn in Oktober en die volgende poste op die redaksie is vakant: Redakteursposte: Algemeen, Studenteraad, Koshuise, Kuns, Tygerberg, Verenigings, Sport, Taal.

Verslaggewers: Algemeen (2); Studenteraad (1); Koshuise (1); Kuns (1); Tygerberg (2); Verenigings (2); Sport (2).
Verspreiding: Twee persone.

Aansoekers moet asseblief relevante ondervinding en hulle ander buitenuurse aktiwiteite meld. Indien u belangstel, maar nie vorige ondervinding het nie, doen steeds aansoek.

Die aansoek sluit Donderdag 7 Maart 1985 om 12h00. Dit kan ingedien word by die Studenteraadskantoor in Neelsie of by Delana Sadie, Victoriastraat 67.

Matie-gesprek

(Vervolg van bl. 10)

Die doel oor oriëntasie is dat 'n eerstejaarsstudent die kampus moet leer ken, moet weet van geleentheid wat hom hier gebied word. Hy moet gemaklik voel. Die pas afgelope oriëntasieweek was 'n baie opwindende week. Hier was daaglikse tussen een en drieduisend studente op kampus. Daar was gedurig straatteater, optredes van musiek- en dansgroepe, ens. op kampus. Eerstejaarsstudente is geleentheid gegee om by die meer as 100 verenigings aan te sluit en natuurlik om te registreer.

Sou jy graag meer kontak tussen die SR van Stellenbosch en Kaapstad wou sien?

Ek het met Le Roux van der Westhuizen op die onlangse NUSAS-kongres daarvoor gepraat. Op informele vlak sou kontak wel moontlik wees. Die kontak wat ons reeds gehad het op Stellenbosch se inisiatief, was goed. Formele kontak sal egter eers kan

plaasvind wanneer daar toe 'n vergelyk gekom kan word oor sekere aangeleenthede. Die SR van Stellenbosch se steun vir hul nuwe kanselier is een so 'n aangeleentheid. Andrew Boraine is 'n ander . . .

Dink jy die Suid-Afrikaanse student kan 'n rol speel in verandering in Suid-Afrika?

Dit maak my woedend as 'n student sê die politiek van Suid-Afrika raak hom nie. Dit terwyl hoe Suid-Afrika, die land waarin hy woon, in twintig jaar gaan lyk, heeltemal van die studente van vandag afhang.

Die spesifieke rol wat elke student sal speel, is iets baie persoonlik. Jy kan dit wat jy leer op 'n konstruktiewe manier gebruik deur bv. as dokter in landelike areas te werk of as argitek behuisingkemas vir minder geboede mense te ontwerp. Of jy kan by organisasies aansluit wat verandering in Suid-Afrika probeer bewerkstellig. Wat jy doen is jou eie persoonlike beslissing. Dát jy iets kan doen, is seker.

ADRIAN LOUW
skryf:

Wilgenhof-optrede moet gestraf word

Lede van Wilgenhof, in die teenwoordigheid van sommige Wilgenhof Huiskomiteede, het weer eens die pret van die vlotoptog vir baie mense versuur en vir party werklike skade berokken. 'n Paar gevalle behoort die Kampus se aandag te vestig op enkelinge in Wilgenhof se irrasionele, infantiele optrede.

• 'n Sosiale vlot se verkoeler is deur 'n Wilgenhof vandals met 'n baksteen stukkend gegooi. Die verkoeler sal waarskynlik vervang moet word.

• 'n Persoon se bril is op sy gesig stukkend gegooi.

• Die eerste vlot, Majuba-Monica, se luidsprekers is beskadig nadat watersakke daarop gegooi was.

• 'n Eerstejaar wat aan die optog deelgeneem het, se 135 mm kamera het water in die interne meganisme gekry na 'n water-aanval.

Die uittartende, asosiale gedrag van sommige Wilgenhoffers het telkens lelike konfliktsituasies veroorsaak waar manstudente mekaar wou takel. 'n Straatgeveg voor die Administrasiegebou tussen Stellenbosse studente sal die Universiteit se goeie naam baie skade berokken en dit was blykbaar die spul se doel.

Verlede jaar het dit ook

gebeur en dis nie eers nodig om die Helderberg-geval van verlede jaar te noem nie. Die wangedrag is al tradisionele "Willows" deelname. Huislede wat hul wangedra word blykbaar nie gestraf nie. Ek wonder of opskorting van hul deelname aan Karnaval enigsins sal help.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

John is looking for digs in Stellenbosch. If you know of any or have a place available, please phone him at (021) 902-5622 after hours.



Wilgenhof kan S'bosch help om leier te wees

AANPASBAAR
skryf:

Die Dinosaur was waarskynlik die grootste en mees indrukwekkende kreatuur wat ooit op die aarde gewandel het en tog het hy uitgesterf as gevolg van sy onvermoë om aan te pas. Sy lot was vooruit bestem en hy kon nie veel daaraan doen nie omdat sy breinkrag baie klein en onderontwikkel was in vergelyking met sy goed ontwikkelde fisieke bou.

Dit is na alles maar 'n oppervlakkige beskouing van die hele kwessie en al die bydraende faktore en die kom-

pleksiteit van die probleem wat niemand anders — lyk my ook die Dinosaurusse — sal verstaan nie. Maar met 'n terugblik beskou, is die uitsterf van hierdie reuse slegs aan een ding te wyte, naamlik, onaanpasbaarheid.

Sonder om enige profetiese gawe te besit kan voorspel word dat Suid-Afrika ook nou 'n tydperk beleef waar sy aanpasbaarheid sy toekoms al dan nie gaan bepaal.

Almal sal die antwoord kan gee dat 'n span uit sy lede bestaan en dat Suid-Afrika uit alle lede van die verskillende bevolkings-groep bestaan. Dit wil egter blyk asof min mense hulself inbegrepe beskou wanneer hulle so 'n profetiese beskouing gee. Hulle voel almal — behalwe ek — moet aanpas.

So bestaan die Universiteit van Stellenbosch ook uit studente wat die Universiteit vorm. Die anomalieë hierbo genoem bestaan al lankal op die Kampus. Dit is maklik, as ons voorgee dat ons wil gedra soos die leiers van môre of die meer verligte kampus of wat ookal, maar dan moet ons onself ook so gedra. Elkeen van ons.

Dit beteken dat elkeen van ons ook moet aanpas en ou nuttelose tradisies oorbord gooi en nie so vasklou aan identiteit wat vir niemand iets beteken en slegs wrywing veroorsaak nie.

Neem nou maar die "tradisie" van Wilgenhof om elke jaar die vlotte met watersakke te bestook. Só onna-

denkend, soos net 'n voorval tydens 1985 se Karnaval kan demonstreer. 'n Watersak het 'n eerstejaarstudent se bril gebreek — terwyl dit op sy neus was — en gevolglik het die glasstukke sy oë beseer.

Verder het die koshuis ook 'n gesindheid van algehele onbetrokkenheid wat elke jaar se eerstejaars-atletiekbyeenkoms betref omdat dit deel is van "Stellenbosch se kultuur".

Dit kom alles van dieselfde koshuise wat met 'n oorweldigende meerderheid die oopstelling van koshuise aangemoedig het. Meer nog, Wilgenhof het twee lede van die huidige SR gelewer.

Wanneer 'n koshuis dus so gereed is om saam met die tye te beweeg en te verander, hoekom doen hy dit nie? Al ooit gedink dat ander mense krimineel vervolg kan word vir sulke optrede? Dit wil egter lyk asof daar staat gemaak word daarop dat die Universiteitsowerheid sal intree om die goeie naam van die Universiteit te red en dan indirek die flaters uit die openbare oog en oor hou.

Diegene in Wilgenhof wat die leiers is en wat al gewys het Wilgenhof is gereed om aan te pas en leiding te neem, hoekom neem julle nie die leiding en help maak Stellenbosch die leier in aanpassing en vreedsame naasbestaan nie? Dan sal dit mos nie nodig wees om in ander koshuise in te gaan en persone aan te rand nie.

Orientation?

STUDENTS CHRISTIAN ASSOCIATION COMMITTEE (S.C.A.) writes:

ALTHOUGH the period of first year welcoming is all but over, the S.C.A. committee is concerned that the effects of it are not all positive and last longer than the initial fortnight.

As Christians we believe that every individual is created in the image of God. Each individual is thus of great worth and needs to be individually affirmed as such. The way we treat and relate to others reflects our concern for them as unique individuals. The Bible abounds with instances of Christ tending to individuals in groups, encouraging us to count others as more important than ourselves and to treat others as we would have them treat us.

No end, no matter how noble, justifies means which degrade the individual. The fact that some first years are still told that one does not talk about one's "doop" indi-

cates clearly that residences have something to hide. Deprived sleep, stinking concoctions, nocturnal mountain escapades etc. still happen. Seniors still misuse their positions of responsibility. Peer pressure is still subtly used to ensure full cooperation, comments such as "Anyone who cannot take it, feel free to leave", are hollow sounds.

An orientation programme creating a sense of belonging, fostering a sense of spirit and introducing students to campus facilities is essential. We feel however, that this can be achieved without the inclusion of the attitudes and activities previously mentioned. As Christians we offer what we believe to be a positive alternative: an orientation which is entirely welcoming with a prevailing positive attitude, where no first year is "forced" to participate in an activity which he finds demeaning to himself, and lastly, a programme encouraging group activities, residence morale, membership and the attractiveness of involvement.

AANSOEKE: DIE MATIE

AANSOEKE word ingewag vir die volgende poste op die redaksie van *Die Matie*:

Taalredakteur; Sportredakteur; Sosiale redakteur; Sub-redakteur, sosiaal; Sub-redakteur, sport.

Verslaggewers: Nuus (3 poste); Sport (4 poste).


Fotograwe: (4 poste).

Verspreiders: (2 poste).

Aansoeke met relevante ondervinding, moet voor Donderdag 7 Maart om 12h00 by die SR-kantoor ingegee word. Rig die aansoek aan Die Voorsitter, Publikasie-komitee.

Aansoeke vir alternatiewe poste moet verkieslik ook aangedui word.

Tassenberg



Leef die Tassenberg lewe



ATLETIEKKLUB-EEUFEEES

Atletiekklub breek deur 100-jaar grens

DIE Matie-Atletiekklub vier vanjaar sy honderdste bestaansjaar. Op 7 Januarie het die Eeufeesviering begin met die Weetbix-Vakansiebyeenkoms. Een van die hoogtepunte van die spesiale Eeufeesprogram is die Herdenkingsbyeenkoms wat op 21 Maart 1985 op die Braak plaasvind.

Heropen

Op Maandagaand, 11 Februarie 1985, het die Boland Bank-byeenkoms op Coetzenburg plaasgevind. Baie

oud-Matie-atlete wat in die omgewing woonagtig is, het aan 'n verbymars deelgeneem. Die Coetzenburg Atletiekbaan is amptelik heropen deur die Rektor, prof. M. de Vries, wat bygestaan is deur die Voorsitter van die Stellenbosch-Atletiekklub, mnr. Jannie Momberg. Die verbetering wat aan die atletiekbaan aangebring is, beloop nagenoeg R500 000.

Die *Honderd Jaar Matie-atletiek*-gedenkblad is op versoek van die Stellenbosch-Atletiekklub deur dr. Floris van der Merwe geskryf. Die doel was om 'n gedenkboek

vir die eeufeesjaar beskikbaar te stel.

Die Eeufeeskomitee is tans nog besig om die finale program op te stel van die verrigtinge wat op Donderdag, 21 Maart 1985 op die Braak aangebied gaan word om die eerste byeenkoms van 21 Maart 1885 te herdenk.



Die groot saamtrek van Oud-Matie-atlete vind plaas op Saterdag, 27 April 1985. Dié aand vind die Algemene Jaarvergadering en 'n spesiale geselligheid plaas.

Byeenkomste

Die volgende byeenkomste word gedurende die Eeufees aangebied:

Maandag 4 Maart: HAUM Matie-kampioenskappe;
Maandag 11 Maart: SAUK TV-byeenkoms;

Woensdag 20 Maart: Stellenbosch Junior Prestige-byeenkoms;

Donderdag 21 Maart: Eeufeesbyeenkoms op die Braak;
Saterdag en Sondag 6 en 7 April: Saambou Nasionale SA Junior Kampioenskappe;
Maandag 22 April: Nedbank Prestige-byeenkoms;
Saterdag 9 November: Kellerprinz Droommyl-byeenkoms;
Vrydag en Saterdag 6 en 7 Desember: SAU-Atletiek-kampioenskappe.



Eric van der Merwe, kaptein van Huis Visser se eerste krieketspan het verlede Vrydag sy span tot 'n oortuigende oorwinning oor die span van Huis Marais gelei. Japie Lambrechts, bouler van Huis Visser het 4 paaltjies ingeoes en net 5 lopies afgestaan. Die spelers op die foto is v.l.n.r.: Eric van der Merwe, Alwyn van der Merwe en Willie Bezuidenhout.

SPORTPROGRAM

- 28 Februarie: Drostyd Hofskild toekenning
4 Maart: HAUM-Atletiekbyeenkoms te Coetzenburg Atletiekbaan
6 Maart: Inter-Koshuis Swemgala te Coetzenburg-swembad
6 en 7 Maart: Pluimbal: Matie-kampioenskappe te D.F. Malan-gedenksentrum
9 Maart: Frank Lym's Interkoshuis Sokkertoernooi
9 Maart: Dagbreek Uitklop-Touchtoernooi te Coetzenburg B- en C-rugbyvelde
11 en 12 Maart: Pluimbal eindronde

Maties gholfspan wen met een hou

DIE Stellenbosse Gholfspan het daarin geslaag om vir die eerste keer die WP Country Clubs-kompetisie te wen. Hulle het daarmee die Spilhouse-skild verower.

Altesame 32 spanne het aan die toernooi deelgeneem. Die Maties het net-net met een hou gewen. Die A-span van Somerset-Wes het die tweede plek ingeneem.


Michael Vogel, Johan Verkuil, Francois Hanekom en K. Schoonraad het Stellenbosch verteenwoordig. Drie van die spelers

is eerstejaars en al die spelers het 'n voorree van twee of laer.

Uit die vier lede van 'n span word die drie beste rondtes vir die finale telling geneem. Vogel het 70 en 75 in sy twee rondtes aangeteken. Verkuil en Hanekom het onderskeidelik 80,80 en 85,75 aangeteken.

Die gehalte van die gholfspelers wat vanjaar by die Maties aangesluit het, lyk baie belowend. Ongeveer tien spelers met 'n voorree van vyf of minder is nou vir die klub beskikbaar.

BY ONS IS JY EERSTE.



Dis jou bank
Standard Bank



'n Doel word vir die Maties aangeteken. Die dames-eerstespan het die onoorwonne span van Tuine in 'n spannende wedstryd met 5 doele teen 4 geklop. Die wedstryd het in die DF Malan-Gedenksentrum plaasgevind.

BINNENSHUISE HOKKIE

Dames-eerstespan klop onoorwonne Tuine

DIE binnenshuise hokkie dames-eerstespan het op Maandag 18 Februarie daarin geslaag om die onoorwonne span van Tuine in 'n spannende wedstryd te klop. Die finale telling was vyf doele teen vier en die wedstryd is in die D.F. Malan Gedenksentrum gespeel.

in die guns van die Maties.

In die tweede helfte het die span van Tuine hard gespeel om die agterstand in te haal. Stellenbosch het goed verdedig, maar Tuine het nogtans twee doele aange-teken en die eindtelling was 5-4 in die guns van die Maties.

'n Paar goeie spelers wat vanjaar by die klub aangesluit het, het heelwat bygedra tot die oorwinning oor Tuine. Onder hulle is twee Springbokke, Sherylle Calder en Allison Croxford. Zeldia Calitz, die nuwe doelwagter, en Rene Rose-Innes

het ook goed gespeel.

Geskrap

Op Dinsdag 19 Februarie is nog vyf wedstryde gespeel. Die dames-eerstespan klop Tuine II 18-0. Die tweede span het teen Durbanville gespeel en het met vier doele teen nul gewen. Die SAU het die Maties derde span geklop, maar die wedstryd is geskrap as gevolg van swak merk. Die vierde en vyfde spanne het albei gewen. Hulle het teen Ikeysen Vishoek gespeel.

Die dames-eerstespan speel môre-aand om 6.20 nm

'n wedstryd teen Pinelands in die D.F.-Malan Gedenksentrum.

SAU-Uitslae

Atletiek te Port Elizabeth
Mans: Derde
Dames: Tweede
SAU-span: Annie le Roux, Bermien Conradie, Kobus Burger, Stephan Donald, Hawie Engels.

Kanovaart te Vaalrivier
Span behaal vierde plek.

Onderwatersport te Durban
Onderwaterhokkie
Mans: Eerste
Dames: Tweede
SCUBA: Eerste
Algeheel eerste vir sesde agtereenvolgende jaar.
Protea-spanne:
Onderwaterhokkie: Toks Viviers, Kathy Thompsen.
SCUBA: Dian Hanekom, Etienne Joubert, Pieter Zietsman (Reserwe).

Tennis te Witwatersrand
Mans: Vierde
Dames: Tweede
SAU-Span: Danie Morkel, André de Villiers.

Krieket te Johannesburg
Sesde plek algeheel.
SAU B-Span: D. Rundle, R. Gouws.

Swem te Pretoria
Duik: Derde
Sierswem: Tweede
Waterpolo: Tweede
Algeheel: Eerste en wen die Silwer Jubileum Trofee.
SAU-Spanne:
Duik: Mick Hobb
Sierswem: Susan Everett
Swem: Harold Ruck, Monique Biebuyck
Waterpolo: Trevor Massyn (kaptein), John Breetzke, Jörg Finkleday.

SPORTPROFIEL

Quinta Basson

"'n AANWINS vir Matie-atletiek" en "'n skitterende vertoning in die 3 000 m" is van die opmerkings wat in die dagbladspreke oor Elana van Zyl gemaak is.

Plesier

Sy het haar laaste twee skooljare op Robertson skoolgegaan en gedurende hierdie tyd het sy haar SA-Skolekleure in atletiek en landloop verwerf. Sy is tans 'n eerstejaarstudent in Nerina en studeer B Comm.

Hardloop is vir Elana 'n groot plesier en in die onderhoud het sy opgemerk: "As jy goed is in iets dan hou jy gevolglik meer daarvan. Ek geniet dit om te hardloop en sal ophou sodra ek voel ek hou nie meer regtig van wat ek doen nie."

Elana het spesifieke oefengewoontes. Sy hardloop elke oggend van Maandag

tot Saterdag ongeveer 10 km en saans oefen sy en haar af-rigter Pieter Kloppers op die baan. Die 3 000 m is haar



gunsteling-item. Sy neem verder ook deel aan die 800 m en die 1 500 m, maar alleen om haar spoed te verbeter. Elana se beste tyd ooit in die 3 000 m is 9 min 4,6

sek. op Coetzenburg. Haar groot ambisie is om die 3 000 m onder die 9 min te hardloop. Sy oefen op die oomblik redelik hard, maar sy glo dat 'n mens altyd nog harder kan oefen. Sy wil haar Springbokkleure verwerf, maar nog meer belangrik vir haar is om as Springbok te presteer.

Coetzenburg

Haar gunstelingstadion is Coetzenburg. Sy sê: "Dit is die wonderlikste baan. Almal sit baie naby aan die baan en dit skep 'n baie lekker atmosfeer om in deel te neem."

Van hierdie jong Matie-atleet wat eers in standerd 7 aan atletiek begin deelneem het gaan nog baie gehoor word, en soos sy self sê kan 'n mens alleen met toewyding en entoesiasme bo uitkom.

EERSTEJAARSWEM

Stormwind verhoed goeie tye in gala

OP Donderdag, 21 Februarie, is die Eerstejaarswemgala in die Coetzenburgswembad gehou.

Elke koshuis kon drie inskrywings per item hê en twee spanne van elke koshuis kon aan die aflosse deelneem.

Die items waaraan deelgeneem kon word was die volgende: 100 m vryslag, 4 x 33 1/2 m wisselag aflos, individuele wisselag, 100 m borslag, 4 x 66 2/3 m vryslagaflos, 100 m vinderslag, 100 m rugslag, 66 2/3 m vryslag en 33 1/2 m vryslagaflos. By die dameskompetisie was die verskil baie klein en 'n aflos waarin die wenspan 50 punte kon verdien het sou ook by die manskompetisie 'n groot verskil in die uiteindelijke puntestand gemaak het. As die appèl wat deur Libertas aangeteken is nadat een van die Simonsberg swemmers te vroeg uit die bad geklim het, nie gehandhaaf was nie sou Simonsberg daardie aflos gewen het en ook die kompetisie.

'n Stormsterk Suidoostewind het verhoed dat goeie tye tydens die byeenkoms opgestel word. Net een rekord is tydens die byeenkoms verbeter. Tiffany

White van Erica het die 100 m vinderslag vir dames met 'n tyd van 1 min. 13 sek. gewen en sodoende die enigste nuwe rekord opgestel. Volgens me. Wiese, swemorganiseerder by die sportkantoor, haal sy haar hoed af vir enige swemmer wat daardie aand deelgeneem het, want die beligting was baie swak en die swemmers moes voel-voel swem. Die Coetzenburgswembad is ook nie 'n standaardgrootte

swembad nie en dit verhoed dat die swemmers professioneel kan oefen.

Die eerste drie plekke in onderskeidelik die mans-en damesafdelings van die byeenkoms was as volg:

Mans:	Punte
Libertas	265 pte
Simonsberg	233 pte
Wilgenhof	110 pte
Dames:	Punte
Nemesia	228 pte
Nerina	158 pte
Erica	150 pte



Waterpolo — a sport for the extremely fit.

Waterpolo — lesser known but competitive

Michael Edmunds

AN introduction to this lesser known, but intensely competitive sport, is perhaps necessary.

On most nights these dedicated polo men are to be seen practising intensely for an hour-and-a-half. A practice involves swimming, ball handling and generally related skills. The fruits of hard work have most certainly been gleaned this season. Beginning the season with what might have been termed an experimental side, an attempt was made towards consolidation. The result was a first and second side which were difficult to beat. Two competitions were held simultaneously, one knock-out and the other a league game. The first side emerged victorious last week from the knock-out competition, having beaten UCT 4-3 in an away match. The second team were unfortunate to miss the vital knock-out which took place during the vacation.



Both sides seemed poised for victory in the league, with just a handful of matches left in the season. It would be grossly unjust however not to mention the third and fourth teams whose general enthusiasm

both inside and outside the bath is both enviable and insatiable.

Their polo is of a good standard and they welcome anyone, be he a beginner or a veteran from school days. Certainly, the climax of the

season was the SAU-Aquatics, which was won by the Maties. The polo side practiced twice a day in preparation for the tournament.

They were extremely unlucky to be beaten only by Tukkies, 4-3, as a result of two disputable penalties given against them.

Branderry

Branderry-kompetisie Belangstellendes kom Saterdag, 2 Maart, om 7 vm voor die Neelsie, of om 7.30 vm voor die Springbokkafée in die Strand, bymekaar.

Branderry-entoesiasme word ook daaraan herinner dat daar elke oggend om 11h10 'n Branderryverslag deur Radio Matie aangebied word.



TOP TIEN -

INTERKLUBBYEEKOMS
COETZENBURG (Stellenbosch)

WOENSDAG, 27 FEBRUARIE 1985 (19h00)

Besprekingsvroeëtyd by:



Bright Leaf vir geur.
Burley vir smaak.
Solouk vir aroma. Keurtabak
deskundig vermeng vir diep
bevredigende rookgenot.

Geurvol · Smaakryk
Die keur van tabak



PAUL REVERE
Ontdek egte rookgenot

